

MAGSDELING

WAT SIT AGTER DIE NP EN ANC SE DEAL?

Vrye Weekblad

19 - 25 FEBRUARIE 1993 R3,00 (BTW INGESLUIT)



EXCLUSIVE INTERVIEW

An Apla cadre speaks

'Só het ek polisiemanne vermoor'

'Só werk Apla'

'Die PAC is nie ons leiers nie'

Bruinmense is ook
Afrikaners, sê regsers

Mot-op-Griet:
'n oordeel oor Pretoria

**Koos en die ballpoint
op haar bobeen**

INHOUD N^o 210

19 -25 FEBRUARIE 1993

7 Wanneer is 'n deal 'n deal? Wat is magsdeling en wat is 'n regering van nasionale eenheid? **MAX DU PREEZ** bring helderheid



8 - 10 Exclusive: Apla's deadly workshops. In an unusual move, an underground member of the Azanian People's Liberation Army (Apla) has for the first time broken Apla's secrecy and provided *Vrye Weekblad* with details of how the military wing of the Pan Africanist Congress operates

12 - 14 Die nuwe skooljaar het skaars begin, maar die tekens is reeds daar dat dit vir swart onderwys weer 'n grootskeepse ramp gaan wees.

18 & 19 Resep vir 'n vreedsame verkiesing... Die datum 30 Maart 1994 word nou algemeen genoem as die dag waarop Suid-Afrika se eerste demokratiese verkiesing vir alle burgers gehou gaan word. **ESMA ANDERSON** het solank oor die hoe's en waar's gaan uitvra, en **SAMPIE TERREBLANCHE** wonder of ons gereed is vir 'n demokratiese verkiesing



28 & 29 The Walkman Tapes Van **KOOS** is 'n samestelling van liedjies, geraas en eksperimente in klank wat tussen 1986 - 1990 op 'n Sony Walkman met 'n enkel stereo-mikrofoon opgeneem is terwyl die groep geoefen het. **CHARL BLIGNAUT** kyk na die band en luister na die tape

VAN DIE REDAKTEUR SE LESSENAAR

Die gesprek wat kollega Wally Mbhele met die Apla-soldaat gehad het, is die eerste van sy soort en dus belangrik en sensasioneel.

Maar dit is nie net groot nuus nie, dit is ook belangrik dat Suid-Afrikaners weet wie dié bende gevaarlike geweldenaars is en hoe hulle te werk gaan. Die koelbloedigheid en haat wat uit die man se woorde en dade spreek, laat 'n mens se hare rys. Apla sal duidelik ongedaan gemaak moet word voordat ons vrede kan hê.

Dit is ook gevaarlike joernalistiek. Nie net vir die verslaggewer wat alleen met 'n man in 'n donker kamertjie praat wat al 'n hele paar moorde op sy kerfstok het nie, maar ook omdat dit 'n grys gebied is waarin 'n joernalis en 'n koerant die mag van die gereg kan voel. En ons by VWB weet dat daar polisiemane en prokureur-generaals is wie se vingers jouk om ons by te kom. Die beginsel in die reg is dat iemand wat 'n misdaad ontbloot, volle besonderhede aan identiteite, ens aan die polisie moet gee. Ons moes besluit: doen ons liever glad nie die belangwekkende onderhoud nie, probeer ons self polisieman speel en vang die man, of loop ons in die grys gebied tussen-in en lig ons lesers in van 'n saak wat hulle almal raak.

AKTUEEL

- 4 DIÉ WEEK
- 11 VOORBEREIDING VIR 'N GLANSLOSE EINDE
- 15 DIE REGSES STOEI OOR RAS EN KULTUUR

WÊRELD/WORLD

- 16 ESTLAND HOU DIE VAANDEL HOOG

PEOPLE

- 22 GERRY DAVIDSON: DYKE WITHOUT A BIKE

RUBRIEKE & MENINGS

- 3 VRYDAGOGGEND
- 24 BRIEWE VAN ONS LESERS
- 17 BROLLOKS
- 22 FANIE OLMIER OOR 'N DERDE WÊRELDSE REIS
- 25 NETTIE PIKEUR-EN PLANT 'N BOOM
- 33 KLIPOOG OOR DIÉ WEEK SE TV

BOEKE & FIKSIE

- 20 A VISION OF THE PAST
- 26 BON APPÉTIT DEUR ANGELA BRECHT
- 27 LIBERTYN OOR MOT-OP-GRIET

KUNS EN VERMAAK

- 30 ERIC MIYENI KICKS ASS
- 32 RESENSIE VAN DIE VROLIKE WEDUWEE
- 34 AN ANYTHING BUT NORMAL THEATRE COMPANY
- 35 EDWARD ALBEE: DISSECTING THE AMERICAN DREAM
- 36 RICHARD CARTER: DANCING TO HEAL THE SOUL
- 37 SIDNEY LUMET TACKLES THE HASIDIM IN NEW YORK

GIDSE

- 38 WATTER MOVIE WYS WAAR
- 40 VRYE KEUSE

Vrye Weekblad is 'n onafhanklike nuus tydskrif, wat uitgegee word deur Wending Publikasies Beperk (Reg. No. 88/40168/06).

WENDING PUBLIKASIES BEPERK EN VRYE WEEKBLAD SE ADRES IS:
Brœstraat 153, Newtown, Johannesburg.
POSADRES: Posbus 177, Newtown 2113.
TELEFOON: (011) 836-2151
FAKS: 838-5901

PRETORIA-KANTOOR (012) 83-4879

REDAKTEUR: Max du Preez

ASSISTENT-REDAKTEURS: Andrea Vinassa (kuns), Ina van der Linde

POLITIEKE KORRESPONDENT: Hennle Serfontein

SUB-REDAKTEUR: Ryk Hattingh

KOPIEREDAKTEUR: Johannes Bruwer

ONTWERP: Anton Sassenberg

VERSLAGGEWERS: Christelle Terreblanche, Pearlle Joubert, Esmá Anderson,

Wally Mbhele, Charl Blignaut, Christi van der Westhuizen, Virginia Keppler

OMGEWINGSKONSULTANT: Tienie du Plessis

REDAKSIE-ASSISTENT: Nicolette Viljoen

FOTOREDAKTEUR: Sally Shorkend

FINANSIËLE BESTUURDER: Mark Beare

BESTUURDER (BEMARKING): Lilie van der Watt

KANTOOR-ASSISTENTE: Joseph Moetaesi, Vernon Zulu

so sê hulle

"Ons het nie dié soort rolprent nodig nie, want die oomblik dat ek hier uitstap, gaan ek die werklikheid van moord en oorlog ervaar." 'n Rolprentganger in Sarajevo, waar inwoners verlede Saterdag vir die eerste keer in tien maande ontvlugting by die Obala-teater kon gaan soek. Terminator II het gewys

"Toe hulle my in die sleepwaentjie indwing, brandstof oor my gooi, 'n vuurhoutjie trek en lag terwyl hulle die deksel toemaak, het ek hulle gesmeek om my eerder te skiet. Vir 'n branddood het ek nie kans gesien nie."

Die 23-jarige **CLINT BUCKHAM**, wat deur vier mans beroof en aan die brand gesteek is, maar gelukkig kon ontsnap

"Ek het 'n baie groot diens aan my mense en my land gelewer. Hulle skuld my alles."

President **MOBUTU SESE SEKO** van Zaïre in 'n onderhoud met die nuustydskrif Time, waarin hy sê dat hy nie deur internasionale druk gedwing sal word om van sy amp afstand te doen nie

"I've never been as excited as I was at the steering committee meeting where I was elected co-chairman."

Pick 'n Pay head and newly elected co-chairman of the Cape Town Olympic Bid Committee, **RAYMOND LOUW**

"Ek's moeg en wil doodgaan."

'n 14-jarige skoolkind van Hongkong voordat sy 'n dag of wat later by die 22e verdieping van 'n gebou afgesprong het. Sedert die skooljaar in September verlede jaar begin het, is sy die 15e Hongkongse skoolkind wat selfmoord pleeg

"In huise waar die man die broodwinner is, is dit moeilik vir 'n vrou om aggressief op te tree."

DR LOUISE OLIVIER, hoof van die Sentrum vir Kinder- en Volwasseneleiding van die RGN, wat meen Suid-Afrikaanse vroue is nog nie bevry genoeg om hul mans aan te rand soos die neiging in huishoudelike geweld nou in Brittanje blyk te wees nie

"Ons kies vrede en dialoog bó oorlog en ons gaan ons demokratiese pligte vervul."

HONORIO VAN DUNEM, een van tien Unita-lede wat hul leier Jonas Savimbi uitgedaag het en hul sitplekke in die Angolese parlement ingeneem het omdat hulle gekant is teen die hervatting van die burgeroorlog



Dov Fedler in The Star

het jy geweet?

In Paraguay se oorlog teen Brasilië, Argentinië en Uruguay in 1864-70 het net 220 000 van Paraguay se destydse bevolking van 1 400 000 mense uiteindelik oorleef. Van die oorlewendes was net 30 000 volwasse mans.

Sowat 21,6 miljoen mense is dood in die wêreldwye griep-epidemie in 1918.

In die Eerste Wêreldoorlog het 9,7 miljoen soldate gesneuwel.

vrydagoggend MET MAX DU PREEZ



Sonder berou is daar g'n visie nie

DAAR is een vraag wat byna elke buitelandse wat ek ontmoet, my vra - en dis 'n vraag waarvoor baie Suid-Afrikaners ook wonder: Hoekom het FW de Klerk op 2 Februarie 1990 sy deuntjie so ingrypend verander? De Klerk self het nog nooit 'n reguit antwoord op dié vraag gegee nie. Maar in sy gesprek met David Frost het hy darem nader daaraan gekom. Hy het só geantwoord:

"The reform programme really started when dr Treurnicht left the National Party, when the split in the party came about. And it was caused by the commitment of my predecessor, myself and quite a number of other leading figures that yes, we must reform fundamentally. Treurnicht and his people could not go along with that.

"And then the reform programme started. It reached a very important moment in 1986 when we finally publically as a party said we now bury separate development and the idea of independent nation states as a policy and we accept that South Africa is one undivided country in which there will be one citizenship in which all South Africans without any discrimination must fully participate at all levels of government. That was a decisive moment.

"We then fought an election getting a mandate from the white electorate for this change of policy in 1987 and we won.

"The next important moment was when communism started breaking down, when the monolithic USSR with its expansionist policies in Africa broke up, when the Berlin wall came down. It created for us a window of opportunity. It was my privilege as then the new president, to lead the government and South Africa's people, to take and grasp the opportunity created by this revolution, this change in the world scene."

Frost wou toe, soos die res van ons, weet of De Klerk bloot besluit het apartheid is onwerkbaar, en of hy ook begin besef het dit is verkeerd. De Klerk het só geantwoord: "I had decided that apartheid was unworkable many years ago. And then we started with reform. If one believes a policy is unworkable, it becomes immoral to continue to advocate it. Because then you advocate something which you don't believe. We strived very hard through the creation of nation states to bring full political rights to all South Africans. When I realised and when the rest of my party realised that the demographic realities, the economic realities make that impossible and that instead of moving to that, we just moved into a situation where there was discrimination on the basis of colour and race, we made the fundamental decision..."

DAAR HET JY DIT. Hy kan maar nie sê apartheid was verkeerd en immoreel nie. Wel, miskien dink hy nie dit was nie. Miskien glo hy regtig dit was deurentyd opreg bedoel en het bloot net nie gewerk nie.

Filosofies gesproke sou apartheid aanvanklik myns insiens nie in beginsel immoreel gewees het as dit regverdig toegepas was nie. In beginsel was daar wel in die eerste paar dekades van dié eeu verskillende, identifiseerbare etniese groepe wat polities afsonderlik sou kon ontwikkel.

Maar die apartheidbase - wit politici en die mynbase - het dit van die begin af duidelik gemaak dat dit nie gaan oor afsonderlike volke nie, maar oor wit baasskap. (Dit is ook hoekom swart "volke" afsonderlik gehou is, maar nie wit "volke" nie.) Swartmense se grond is gesteel en hulle is in kleiner gebiede ingehok wat nie lewensvatbaar was nie. Die witmense het die res van die grond vir hulself gevat.

Terselfdertyd was swart arbeid noodsaaklik vir die mynhuise, en dié arbeiders en hul gesinne het later geen band meer gehad met die gebied wat hul politieke tuiste moes wees nie. Maar hulle is ook geen regte in die "wit" deel van die land gegun nie - om die waarheid te sê, miljoene swartmense is uiteindelik as kriminele in die tronk gestop omdat hulle nie die wit baas se pas gedra het nie.

Ná 1948 het dié beleid van afsonderlikheid 'n ideologie, 'n kwasi-godsdiens eerder as 'n praktiese politieke oplossing geword. Afrikaner-Christelik-Nasionalisme is verhef tot 'n opdrag van Bo. Afrikaners was die super-ras, en mense met donker velle was gesien as minderwaardig. Van Smuts af regdeur tot Verwoerd tot by PW Botha is daar uitlatings op rekord wat dit staaf.

As apartheid gegaan het oor afsonderlikheid van volke en nie oor blatante rassisme nie, hoekom het wit Suid-Afrika onder Vorster nog geweier om teen ander "volke" soos Nieu-Seeland te speel net omdat een van die sportmanne 'n donker vel gehad het?


Vanaf die laat-1950s is dié ideologie wat volgens De Klerk net nie gewerk het nie, só aktief deur die onderdrukte teengestaan dat die beleid met geweld afgedwing moes word. Duisende swart landsburgers is oor die dekades in dié stryd om gelyke burgerskap dood. Tienduiseende gesinne is opgebreek, tienduiseende mense is gedwing om hul geboorte grond prys te gee net omdat dit 'n "swart kol" in "wit Suid-Afrika" was.

DE KLERK WEET MOS dié dinge. Nou hoe is dit dat hy dit nie oor sy hart kan kry om vir sy swart en bruin landgenote te sê apartheid was immoreel en verkeerd en hy is jammer oor sy en sy party se aandeel daaraan nie? Besef hy nie hoe 'n monumentale gebaar dit gaan wees vir miljoene Suid-Afrikaners nie? Watter hupstoot dit vir versoening kan wees nie?

Maar ewe belangrik as die effek wat só 'n verklaring op swart gemoedere sal hê, is die effek wat dit op wit gemoedere sal hê.

Solank witmense - nie net Afrikaners nie - die onderhandelinge en die politieke skikking wat op hande is, sien as 'n strategiese skuif eerder as 'n verandering van gesindheid, sal hulle nie geesdriftig wees oor die Nuwe Suid-Afrika nie. Solank as hulle die hervorming sien as 'n onvermybare taktiek sal hulle voel hulle word ingedwing in iets, eerder as dat hulle sonder skuldgevoelens en vrese 'n nuwe toekoms saam met al hul landgenote kan instap.

Want dit is 'n groot deel van die probleem op die oomblik: wit Suid-Afrikaners het geen visie van die Nuwe Jerusalem nie; hulle sien dit as straf en dwang. En dan gaan vrese, skaam-kwaad skuldgevoelens, ergerlikheid en rassisme voortsleep.



'n Serbiese soldaat by die lyke van 23 Serbiërs wat Woensdag in 'n massagraf by die dorpje Zvornik gevind is. (Foto: AP)

KANNIBALISME EN NOG MINDER KOS

SAAM met die afgryse nuus dat verhongerde mense in die ooste van Bosnië begin het om hul eie dooies te eet net om aan die lewe te kan bly, kom die aankondiging van die VVO se Hoëkommissariaat vir Vluchtelingen (UNHCR) dat alle voorsiening van kos aan die mense van Bosnië-Herzegovina gestaak gaan word totdat die Serbiërs ophou om kosvoorsiening as 'n politieke wapen en 'n instrument vir etniese suiwering te gebruik.

Die nuustydskrif *Newsweek* vra dié week in 'n essay: "If Bosnia is a European tragedy, why can't the Europeans stop it? One reason is the lack of moral leadership by European intellectuals." Die tydskrif sê filosowe soos Jean-Paul Sartre en Bertrand Russell en skrywers soos Heinrich Böll en Ignazio Silone het in hulle tyd openbare passie gaande gemaak en regerings verplig om hul denkrigtings na te volg.

Dit gebeur nie meer nie, en 'n New Yorkse professor, Tony Judt, sê dit is omdat die status van Europese intellektuele sedert die middel-1980s gedaal het. Dit het ook te make met die val van kommunisme, wat baie linksgesinde denkers verwar het.

HAAL UIT DIE RANDE

TWEE regters van die Witwatersrandse Hooggeregshof het 'n aansoek van die Prokureur-Generaal om appél teen 'n vroeëre beslissing wat 'n swaar boete aan VWB se redakteur, Max du Preez, tot 'n waarskuwing verlig het, met koste van die hand gewys.

Die saak spruit uit 'n berig in VWB wat die Instituut vir Sowjet-Studies aan die Universiteit van Stellenbosch ontbloom het as 'n front vir die Nasionale Intelligensiediens. Regters MacArthur en Roux het Du Preez se skuldigebevinding in die streekhof op 'n aanklag van die ontvang van geheime inligting ingevolge die Wet op die Beskerming van Inligting ter syde gestel, en die swaar vonnis op die aanklag dat dié inligting gepubliseer is, tot 'n waarskuwing versag.

Die Prokureur-Generaal van die Witwatersand, adv Klaus Peter Constantin Otto von Lieres und Wilkau, SC, het aansoek gedoen om teen dié versagte vonnis te appelleer, maar die regters het bevind dat dit onwaarskynlik is dat 'n hoër hof tot 'n ander beslissing kan kom, en die aansoek met koste van die hand gewys.

Adv Greg Wright het in opdrag van die prokureursfirma Jacobson, Rosin en Wright namens VWB opgetree.

* Intussen is 20 Oktober as datum bepaal vir die lastergeding wat genl Leon Mellet, perswoordvoerder van die Minister van Wet en Orde, teen VWB voer. Mellet glo hy is belaster nadat VWB in redaksionele kommentaar gesê het hy het die media mislei. Die lastersaak wat 'n ander polisie-generaal, Lothar Neethling, teen VWB verloor het, sal later vanjaar voor die Appélhof dien.

PG EN GOLDSTONE ONDERSOEK MI

SOWEL die prokureur-generaal van die Transvaal as die Goldstone Kommissie is besig met ondersoeke na kriminele oortredings wat deur lede van die weermag se inligtingsdienste (Militêre Inligting) gepleeg is.

Groot geheimsinnigheid omhul egter dié ondersoeke: nóg die Goldstone kommissie, nóg die PG wil sê wat hulle ondersoeke behels. Regter Richard Goldstone het in 'n verklaring gesê die kommissie is besig met 'n eie ondersoek wat nie ooreenstem met die PG se ondersoek nie.

Wat die publiek wél mag weet, is dat luit-genl Pierre Steyn van die polisie 'n lid van Goldstone kommissie volle toegang gegee het tot inligting rakende die veiligheidsnetwerk van die weermag.

Goldstone het dié week 'n verklaring uitgereik waarin hy sê dat adv Tori Pretorius van die Kommissie volle toegang het tot al die inligting van die polisie rakende die inligtingsdienste van die weermag.

Die PG van die Transvaal, dr J D'Oliveira, is tans in beheer van 'n ondersoek rakende kriminele oortredings wat deur lede van die weermag se veiligheidsstrukture gepleeg kon wees.

Goldstone sê "n afsonderlike ondersoek deur die kommissie kan die huidige ondersoek deur die PG beïnvloed. Daarom sal 'n parallelle ondersoek nie in die stadium deur die kommissie gedoen word nie."

Goldstone sê egter dat die kommissie wél besig is met hul eie ondersoek wat nie ooreenstem met dié van die PG nie.

D'Oliveira, op 'n vraag oor hoeveel kriminele klagtes ondersoek word en teen wie, sê dat hy "niks meer oor dié aangeleentheid kan sê nie omdat die ondersoek nog aan die gang is". Pretorius van die Kommissie wou ook nie kommentaar lewer nie.

- PEARLIE JOUBERT

SO EROTIES SOOS KAAS

NOU weet ons uiteindelik: die Wallejtjies in Amsterdam is net vir toeriste. Want Hollanders self, meen seksterapeute, is nou nie juis die wêreld se warmbloedigste mense nie.

Dis waarom die Akademie vir Erotiek en Intimiteit, wat paartjies leer om die seksvlammetjie weer hoër te laat brand, sulke goeie besigheid doen. "Hollanders vind mekaar seksueel so opwindend as wat 'n verbyganger 'n stuk vleis in 'n slaghuisvenster vind," sê die akademie se direkteur, Ted Wilson.

Vir net meer as R500 kan paartjies weer leer hoe om fisiek te kommunikeer en sensitiewe, hartstogtelike minnaars te word. Heelwat huwelike en verhoudings is al so gered, sê Wilson.

Ook g'n wonder die Hollanders is so koel oor seks nie - dit het so oorgekommersialiseer en openbaar geword in dié gemeenskap. Die Nederlandse weermag stuur byvoorbeeld gratis eksemplare van *Playboy* aan hul soldate in Oos-Europa, en het dié week besluit om eksemplare van *MaGAY*zine aan gay soldate te stuur.

('n Berig dat daar nou gesoek word na 'n nuwe benaming vir die oorbeskerming wat dié soldate in die snerpende winter dra - oormoffies gee glo aanstoot - kon nie bevestig word nie.)

SKOK EN WOEDE OOR SWANIEVILLE

POLITIEKE organisasies en koerante het in skok en ongeloof gemaan dat die Swaniewille-uitspraak dié week die pogings kan fnuik om die kultuur van geweldpleging in die land aan bande te lê.

Die Hooggeregshof het bevind die vyf beskuldigdes is onskuldig aan moord in die Swaniewille-slagting van 1991. Altesaam 28 mense is dood in die aanval deur sowat duisend gewapende hostel-bewoners op die plakkergemeenskap aan die Wesrand, 37 mense is beseer en talle huise aan die brand gestee.

Verskeie politieke organisasies het die uitspraak as 'n toesmeerdery bestempel in die lig van tasbare bewyse en gevra dat regter Richard Goldstone die rol van die polisie in en ná die massaslaging moet ondersoek.

Tergende vrae hang nog oor die Swaniewille-slagting - 'n jaar voor die opspraakwekkende slgting in Boipatong. Byvoorbeeld: waarom is 'n aandklokkeel die dag vóór die slgting ingestel in die Kagiso-gebied, waarin Swaniewille val - al het daar algehele kalmte geheers?

Regter CJ Botha het in sy uitspraak gesê dit is moontlik dat die polisie aan die aanval aandadig kon wees, maar dit verdoesel het. Die Swaniewille-saak het veral opslae gemaak oor die gebrek aan doeltreffende polisiëring en ondersoek in die saak. Al was Swaniewille 'n noodtoestandgebied, het die polisie nie sy teenwoordigheid daar versterk nie, was te min eenhede die aand op patroulle en is glo met die ondersoek en inhegtenisneming van verdagtes gesloer. Inkatha het kort na die aanval erken hy het dit geloods uit weerwraak vir die beweerde ontvoering van twee IVP-ondersteuners deur die plakkersgemeenskap.

Die ANC, Azapo en die Swaniewille-inwoners is woedend oor die vryspreking van die vyf moordverdagtes, terwyl Inkatha en die polisie nog stil is.

In 'n hoofartikel sê die Sowetan: "Ons kan nie verstaan hoe 'n moord van sodanige omvang met soveel onverskilligheid behandel kon word nie.

"Ons is verslae dat vyf mans, uit die talle wat betrokke was, nou vrygespreek is. Ons soek nie weerwraak vir die mense van Swaniewille nie, maar is daarvan oortuig dat die vryspreking sommige mense sal laat dink hulle kan wegkom met moord en dat die beeld van die polisie 'n grootskaalse terugslag kan kry."

- CHRISTELLE TERREBLANCHE en WALLY MBHELE



GEWELD NEEM TOE IN NATAL

GEWELD in Natal is weer aan die toeneem. Die afgelope week is 27 mense in Natal dood terwyl 13 mense die vorige week omgekrom het. Die AK47 was vir die meeste sterftes verantwoordelik.

Safoora Sadek van die Menseregtekommissie sê dit was opvallend dié week dat baie van die slagoffers vroue was. "Dit is te vroeg om te sê dat aanvalle op vroue toeneem, maar dié week was dit baie opsigtelik. In Middel-Natal was vyf van die ses slagoffers vroue en vyf van die ses mense wat beseer is, was ook vroue.

"Een rede hoekom vroue maklik die slagoffers van geweld is, is omdat hulle by die huise is - ongewapen en weerloos," sê Sadek.

Sedert Augustus verlede jaar was daar 'n afname in geweld in die PWV-gebied wat, volgens statistieke, gepaard gegaan het met 'n toename in die geweld in Natal. Geweld-monitors meen dit is 'n algemene neiging: wanneer daar baie geweld in 'n sekere gebied is, is daar 'n afname in geweld in 'n ander. "Dit wek die indruk dat aanvallers van een gebied na 'n ander beweeg. Selfs binne een gebied kan mens dié neiging sien: Die geweld sal in die Middel-Natal toeneem en terselfdertyd afneem aan, byvoorbeeld, die Noordkus," het 'n geweldmonitor aan VWB gesê.

Vanaf 1984 tot 1990 het ongeveer 100 mense maandeliks in Natal gesterf. In Julie 1990 verklaar Inkatha hulself tot nasionale politieke party en na die eerste IVP-massabyenkoms in Sebokeng aan die Oos-Rand, begin die geweld in die PWV-gebied wat die lewens van ongeveer 3 000 eis. Terselfdertyd, maar met sporadiese opvlammings, het die geweld in Natal afgeneem. - PEARLIE JOUBERT

VEILIGER SEKS



'n Toneel uit die video vir heteroseksuele, Safer Sex 2 - A Lovers' Guide

SONDER DIE SEKS?

TWEE Aids-voorligtingsvideo's (Safer Sex 1 - For Gay Men Who Have Sex With Gay Men en Safer Sex 2 - A Lovers' Guide) wat in Desember verlede jaar verbied is, word vandag deur die Appèlraad heroorweeg.

Die twee video's, die een vir homoseksuele en die ander vir heteroseksuele, wat deur Reel Communications vervaardig is, is deur die Direkoraat Publikasies verbied omdat die dialoog "obseen is en aanstoot gee" weens die gebruik van woorde soos "cum" en "fuck" en lang, eksplisiete sekstonele en nabyskote wat, volgens die Direkoraat, nie werklik 'n voorligtingsdoel dien nie, maar slegs seksuele lus sal wek.

Verlede week het 'n storm losgebars toe die Aids Coalition To Unleash Power (Act Up) skerp gereageer het op die verbod. Act Up sê die weerhouding van dié soort inligting is so goed

HAAI, JOU PC IS SEXY

DIT het weer gebeur: 'n Wilde idee in wetenskapsfiksie is nou werklikheid. Dié keer is dit die "gerekenariseerde" mens soos in Star Trek.

Terwyl ons hier die Derderige Wêreld nog opgewonde is oor "laptops" en notaboek-rekenaars, is die eerste generasie rekenaars wat jy aan jou persoon dra al op die rakke in New York en Tokio.


Die eerste werkbare een is die PalmPAD van GRID Systems. Dit is so groot soos 'n boek, weeg omtrent 5 kg en word aan die pols vasgegespe sodat jou hande vry is.

Ook op pad na die mark is IBM se HIP PC wat op die heup gedra word en 'n toetsbord het wat met een hand hanteer word.

NEC in Tokio is besig om 'n hele reeks draagbare rekenaars te ontwerp, soos een vir paramedici wat in 'n oogopslag 'n pasiënt se probleme kan uitwys.

Werk het ook ver gevorder aan 'n rekenaar vir verslaggewers wat aan 'n skouerband hang en op die bors rus. 'n Telefoonjie en 'n faksmodem sal die verslaggewer in staat stel om sy kopie binne sekondes regstreeks van die toneel af aan sy koerant se rekenaar te stuur. Dit kan natuurlik ook deur sakemanne gebruik word.

Dié nuwe geslag rekenaars word almal só ontwerp dat dit eerder na mode-bykomstighede lyk as na tegnologiese hulpmiddels.



Brian Mitchell kon een van Suid-Afrika se grootste sporthelde geword het - as hy betyds geleer het om sy mond te hou. Verlede naweek in Sacramento was hy een van net vier toeskouers in die Arco-arena wat gemeen het Tony Lopez het vir Dingaan Thobela geklop. Die beoordelaars was die ander drie. Heel toevallig gaan Mitchell nou sakke vol geld uit 'n geveg met Lopez maak. - TINUS HORN

as om mense met die virus te besmet en dat die sterkste afweermiddel duidelike en korrekte inligting is. Jeff van Reenen van Reel Communications sê "die lede van die Publikasieraad moet hulself voorberei om verantwoording te doen vir die moontlike bloed aan hulle hande".

Die Direkteur van Publikasies, dr Braam Coetzee, sê dié reaksie van Act Up is onverantwoordelik, onregverdig en emosioneel-belaai. "Hulle sê ons gaan met bloed aan ons hande sit. Dis 'n poging om die reg te beïnvloed en sorg nie vir goeie regspleging nie."

Van Reenen sê hy kan nie insien hoe jy mense oor veiliger seks kan inlig en dan g'n woord oor seks rep nie. "Dit is nogal insiggewend dat die komitee na seks verwys as 'immorele materiaal'." - ESMA ANDERSON

NIE YUPPIE NIE, NIE GRIEP NIE

'N NUWE Amerikaanse studie het finaal bewys dat chroniese moegheidsindroom, ook bekend as mialgiese ensephalomyelitis (ME) of Yuppie Griep, niks met yuppies of jongmense of professionele mense - of griep - te make het nie.

Dr Ali Khan van Atlanta het bevind daar is geen ouderdomsgroep, inkomstegroep of rassegroep wat meer tot ME geneig is as 'n ander nie. Honderdduisende Amerikaners, meestal vroue, ly aan dié verswakkende siekte wat gewoonlik ná ernstige stres voorkom en tot maande van chroniese moegheid ly.



KERKLEIERS ONTNUGTER

BLOEMFONTEIN - "EK het die pynlike belevens dat daar vir die soveelste keer niks positiefs uit kerkvergaderings (met die NG Kerk) kom nie en wonder of dit die moeite werd is om met die proses van kerkeenheid voort te gaan."

Só het ds Nick Apollis, moderator van die NG Sendingkerk, Woensdagaand die algemene gevoel van ontnugtering van die kant van die bruin en swart kerkleiers verwoord wat die eerste geskiedkundige vergadering oor kerkeenheid tussen die vier ras-verdeelde kerke van die Nederduits Gereformeerde Kerk-familie hier bygewoon het.

Hulle het die vergadering verlaat - bitter kwaad en teleurgesteld oor die gebrek aan vordering met kerkeenheid. Terselfdertyd blyk dit dat dié byeenkoms daartoe bygedra het dat die swart NG Kerk in Afrika (NGKA) en die bruin NG Sendingkerk mekaar uiteindelik ten volle gevind het en dat hulle eenwording nou net 'n kwessie van tyd geword het. Dit hef die verdere gevolg gehad dat die kloof in die sendingkerk tussen die meer konserwatiewes, wat hulle graag by die NG Kerk wil tuis vind, en diene wat hul toekoms by die swart kerk sien, oorbrug is.

Die byeenkoms, geslote vir die pers, was in die vorm van 'n konferensie. Dit het geëindig sonder dat enige besluite geneem is oor die pad vorentoe, behalwe dat die kerke die voorgestelde modelle oor kerkeenheid met hul onderskeie kerklike vergaderings sal bespreek. Die leiers van die verskillende kerke het Donderdag afsonderlik vergader om te besluit of 'n soortgelyke byeenkoms oor ses maande gehou sal word.

Apollis het op die nuuskonferensie ná die konferensie gesê hy weet nie of hy by 'n volgende vergadering oor kerkeenheid met die wit NG Kerk gaan opdaag nie. Hy het hoë verwagtinge van die konferensie gehad ná verskeie ontmoetings tussen kerkleiers van die vier kerke die afgelope paar maande. Ten minste het hy gedink dat die NGK "haalbare dinge" sou uithaal uit die reeds bestaande "model" oor kerkeenheid waarop die Sendingkerk en die NGKA besluit het. Dit sou ten minste 'n gemeenskaplike grondslag vir bespreking kon vorm, het hy gesê.

Ds Sam Buti, moderator van die NGKA, was meer optimisties maar het nogtans beklemtoon dat die eenwordingsproses tussen sy kerk en die Sendingkerk volstroom voortgaan. Die enigste keuse wat die NGK het, blyk dit, is om by die proses in te skakel, of van eenheid vergeet.

Prof Pieter Potgieter, moderator van die NGK, het egter geglo dat baie bereik is omdat dit 'n eerste ontmoeting van die Algemene Sinodale Kommissies van al vier die kerke was. Die kwaai woorde wat veral van die swart kerk gekom het oor hul lyding onder apartheid en die gebrek aan vertroue in NGK-predikante wat lid is van die Afrikaner Broederbond (sien afsonderlike berig), was nodig en hulle het hieruit geleer, het hy gesê.

Die groot ontnugtering het blykbaar die oggend vroeg reeds gekom toe die NGK hul model vir kerkeenheid op die tafel geplaas het. Woordvoerders van die swart en bruin kerke het dit as weer eens 'n "apartheidsmodel" bestempel. Potgieter het gesê hy kan nie die model bekendmaak voordat dit nie deur sinodes van die NGK self bespreek is nie.

Maar deur die loop van die dag het dit tog uitgelek dat die NGK se voorstel bestaan uit 'n Verenigde Sinode waarin die sowat 18 streeksinodes van al vier die kerke (NGK, NGKA, die Sendingkerk en die Indiërkerk, die Refomed Church in Africa) verteenwoordig sal word. Dié Verenigde Sinode sal besluite by wyse van konsensus neem oor "gemeenskaplike sake". Die Algemene Sinodes van die vier kerke sal bly voortbestaan soos nou, maar hulle sal oor "eie sake" besluite neem terwyl die streeksinodes oor "streeksake" sal besluit. Volgens die model

'LASTIGE' BROEDERS KWEL DOMINEES

DIE kwessie van wit predikante wat lede is van die Afrikaner Broederbond (AB) het Woensdagmiddag op die konferensie oor kerkeenheid tussen die vier kerke van die NG Kerk-familie, etlike ure in beslag geneem.

Kwaai dominees van die NGKA en die NGSK het agter geslote deure daarop aangedring dat die saak bespreek word voordat gekom word by die bespreking van modelle vir kerkeenheid. Dis bekend dat verskeie lede van die wit NGK se Algemene Sinodale Kommissie tot die AB behoort, waaronder proff Pieter Potgieter (moderator), Johan Heyns (assessor) en dr Frits Gaum (skriba).

Ds Sam Buti, moderator van die NG Kerk in Afrika, het egter die middag op die perskonferensie 'n besadigde toon ingeslaan en gesê dit is "n lastige kwessie" wat die pad na kerkeenheid kan bemoeilik. Hy het dit duidelik gemaak dat die onus nou op die NGK rus om die saak verder te voer.

Hierop het Potgieter gesê twee verslae oor die AB het voor sinodes van die NGK gedien en "niks negatiefs" is gevind nie. "Ons in die NGK het geen groot probleem as ons predikante tot die AB behoort nie". - INA VAN DER LINDE



BERLYN - Die monument van Ernst Thälmann, 'n vooroorlogse Duitse kommuniste-leier wat in 1944 deur die Nazi's doodgemaak is, se toekoms is in die weegskaal. Die owerhede in Berlyn is tans besig om die moontlikheid te bespreek om die talryke kommunistiese beelde en monumente in die stad te verwyder (Foto: AP)

sal die ander strukture soos ringe en gemeentes bly voortbestaan soos hulle is.

Alle strukture vanaf gemeentevlak, ringsvlak, en sinodale vlak sal struktureel oop wees en sal by wyse van ooreenkomste kan reël om met ringe, gemeentes of sinodes van ander kerke saam te smelt. So 'n struktuur, reken die NGK, sal dit vir gemeentes, ringe of sinodes wat wil saamsmelt met die ander kerke, moontlik maak sonder dat die status van ander gemeentes, ringe of sinodes daardeur gebind word.

* Donderdagoggend by die gesamentlike vergadering van die Algemene Sinodale Kommissies van die NG Sendingkerk en die NGKA het Apollis voorgestel dat alle gesprekke met die NG Kerk beëindig word. Buti het egter gesê dis die plig van die nuwe kerk om met die NG Kerk in 'n pastorale gesprek te tree en nie hul hande te los nie. Apollis se voorstel is met 'n oorweldigende meerderheid verwerp. - INA VAN DER LINDE

UNITA WIL VREDE UITSTEL

NA drie maande van hewige gevegte in Angola se hernieude burgeroorlog, het Unita Woensdag - die internasionale spertyd vir vredesamesprekings - om nog drie dae uitstel geva van die VVO se Spesiale Verteenwoordiger, Margaret Anstee, in Luanda.

Maar op dieselfde dag het tien Unita-vertegenwoordigers teen hulle leier, Jonas Savimbi, gedraai en hulle plekke in die land se parlement ingeneem. In die verkiesing verlede jaar, wat deur die MPLA gewen is, het Unita tog 70 plekke in die parlement gewen. Die tien afvalliges sê hulle is gekant teen die voortgesette oorlog, wat begin het nadat Savimbi nie die verkiesingsuitslag wou aanvaar nie.

Unita se versoek om uitstel nadat verskeie vorige pogings deur die beweging ontspoor is, is nie simpatiek deur die diplomatieke gemeenskap ontvang nie. Hulle meen die drie waarnemerlande in Angola se vredesproses, Amerika, Rusland en Portugal, saam met die VVO, kan nou toelaat dat die MPLA-regering buitelandse militêre hulp ontvang. Dit is ondanks die feit dat die vredesooreenkoms vir die land se oorgang na demokrasie, Bicesse, sodanige hulp aan enige van die twee kante verbied. Amerika het egter nog nie die MPLA-regering se oorwinning amptelik erken nie.

Die MPLA het die afgelope week sy aantygings herhaal dat Suid-Afrika en Zaïre steeds in die geheim hulp aan Unita verleen. Suid-Afrika ontken dit.

Intussen woed die stryd om die strategiese sentrale stad, Huambo, nog voort, en diplomate meen Unita se 12 000 soldate het steeds die oorhand.

Die MPLA is nou met 10 000 troepe uit twee rigtings na die stad op pad in 'n poging om noodleniging aan die inwoners te verseker. Berigte uit die stad lui dat minstens 10 000 mense die afgelope maand daar gesterf het, dat daar 'n tekort aan voedsel en water is en lyke in die strate lê en ontbind.

Unita is steeds in beheer van sowat 70 persent van Angola en ander gevegte woed in die provinsies Bié, Huila, Cuando Cubango en Moxico.

Twee olifantbulle en drie muise saam in die bos

Wat eintlik die deurbraak-nuus moes wees wat Suid-Afrikaners laat juig het, het toe in historiese aanvalle, dreigemente en beledigings ontaard. **MAX DU PREEZ** ontleed die ANC en die regering se veelbesproke "deal" vir 'n regering van nasionale eenheid en die warm lug daar rondom

IN die Suid-Afrikaanse magspolitiek is die regerende groep (die Nasionale Party, die regering en al hul agentskappe en steungroepe) en die African National Congress en sy bondgenote die twee groot bul-olifante. As hulle nie hul sin kry nie, is daar groot moeilikheid en vertrap hulle die hele bos in hul toorn.

Dit volg dus logies dat dit dié twee olifante is wat met mekaar moet ooreenkom hoe die bos beheer moet word.

Maar in dié bos is daar ook 'n paar muise. Muise met 'n grootheidswaan, moet ek bysê. Want toe die twee bul-olifante laasweek koppestamp en sê: OK, ons dink dit moet só gedoen word, toe skreeu die muise blou moord. Dis nou die Inkatha-muis, die PAC-muis en die regse witmuis. En die muise noem die olifante lelike name en dreig dat hulle die olifante gaan opneuk.

En toe? Het die olifante hul humeur verloor en op die muise getrap? Het hulle minstens getrompetter en stof opgeskop? Nee. Hulle het twee van die muise geïgnoreer, maar die een muis, die Inkatha-muis, begin paai en smeerkas om die mond smeer. Die Inkatha-muis en die een olifant het dié week indaba gehou, en die ander olifant vergader ook glo binnekort met die muis.


Want sien, dié muis is nie 'n gewone muis nie. Hy's nou nie juis groter as die twee ander muise nie, maar hy is baie gevaarliker. Want sien, dié muis is hondsdel.

(Daar is ook 'n krokodil in die bos, een wie se tande al stompgekniers is. Maar die storie van die krokodil is 'n ander storie.)

EKSKEUS, MAAR DIT is omtrent hoe eenvoudig die saak behoort te gewees het. Die regering sit met die meeste wit burgers, insluitende dié wat die ekonomie beheer, agter hom en beskik oor 'n formidabele weemag en polisiemag. Die ANC het, en daarvoor het ek g'n meningsopname nodig nie, meer openbare steun as enige ander party, waarskynlik selfs meer as die helfte van die kiesers. En in die oë van die wêreld is die ANC die legitieme stem van swart Suid-Afrika.

Dié twee maak nou al dekades lank teen mekaar oorlog, en dit was van die begin af duidelik dat as hulle nie vrede maak en ooreenkomste aangaan nie, die duiwel gaan los wees. As hulle eers besluit het om in vrede vorentoe te gaan, dán kan die ander partye daarvoor geraadpleeg en betrek word.

Die "deal" wat die twee gemaak het, of sal 'n mens liever sê die konsensus wat hulle bereik het, is merkwaardig en sekerlik die beste opsie vir Suid-Afrika. Die riglyne loop breedweg só: 'n konferensie van soveel moontlik partye kom nog vandeemaand byeen om voor te berei vir 'n Kodesa-tipe vergadering in Maart waar die oorgang-sreëlings met genoegsame konsensus getref word. Hienuit vloei ook panele wat vir die eerste verkiesing begin voorberei en streeks-



Twee olifante reik die hand uit...

grense trek.

In Junie word 'n tussentydse uitvoerende komitee uit die belangrikste partye saamgestel wat die Staatspresident help om die land te regeer. 'n Verkiesingskomitee word aangestel om die verkiesing dop te hou wat teen Maart volgende jaar gehou behoort te word. Alle burgers stem vir nasionale en streeksverteenwoordigers, en elke party word sy aantal verteenwoordigers toegeken volgens die porsie van die stem wat hulle gekry het.

Die wenparty stel dan 'n staatspresident aan, waarskynlik een wat minder magte sal hê as die huidige een, wat dan 'n kabinet saamstel uit al die partye wat meer as vyf of tien persent van die stem gekry het.

Dié parlement - of Grondwetgewende Vergadering, soos dit seker genoem gaan word - stel dan 'n grondwet met 'n meerderheid van twee-derdes op wat uiteindelik die oorganggrondwet sal vervang. Die proses voltooi sy kring in 1999 wanneer 'n nuwe verkiesing gehou word en die kunsmatige "magsdeling" beëindig word. Die party wat die meerderheid kry, kan dan alleen die regering vorm.

WAT KRY só 'n "deal" reg?

Wel, in die eerste plek akkommodeer dit die huidige wit magsblokke in 'n groot mate en ondermyn só die wye vrese vir meerder-

heidsoorheersing en 'n Afrika-diktatuur.

Die geleidelike oorgang van mag gaan waarskynlik ook voorkom dat daar praatjies van staatsgrepe of revolusie onder die veiligheidsmagte en die regse militante groepe uitbroei.

Dit kan stabiliteit bring, net die medisyne wat die ekonomie nodig het om te groei sodat daar meer geld en werk in Suid-Afrika kan wees wat weer stabiliteit verder versterk.

Sover baat net die wit Suid-Afrikaners. Wat van die swart meerderheid? Wel, hulle word volwaardig deel van alle prosesse in die land en al word hul mag en seggenskap deur "magsdeling" ingeperk, is hulle minstens seker daarvan dat dit dadelik kan gebeur en nie eers ná nog 'n paar jaar van onderhandelinge of selfs 'n bloedige rasseoorlog nie. En 'n groeiende ekonomie gaan die meeste basiese klagtes van die gewone swart burger aanspreek.

Militante wit regses gaan voorspelbaar nie van só 'n ooreenkoms hou of dit aanvaar nie. Maar die meeste gewone konserwatiewe witmense gaan agterkom hul lewens verander nie veel nie, en soos in Namibia gaan hulle uiteindelik aanvaar dat dit ook in hul beste belang is. Die klein groepie militantes gaan egter 'n gevaar bly.

DIE ANDER BESWAARDE is die PAC, wat dié week gesê het die "deal" gaan lei tot neo-kolonialisme. Dié groep is gelukkig baie klein, maar daar is 'n potensiële gevaar dat hulle kan groter word as ontevrede elemente soos die radikale jeug hulle van die ANC afskei uit protes teen magsdeling.

Maar die belangrikste beswaarde is Gasha Buthelezi se Inkatha. Nie omdat hy baie ondersteuners het nie, maar omdat hy en sy beweging die potensiaal het om Suid-Afrika in bloed te baai.


Daarom moet die regering volhard in hul huidige pogings om Buthelezi sover moontlik te akkommodeer en hom in te sleep by die onderhandelinge. "Thump and talk" is waarskynlik die beste manier, want Buthelezi en sy tuisland kan ook nie sonder die res van die land se belastinggeld lewe nie, en sy polisiemag nie sonder hulp van buite nie.

En nou dat die ANC weet dat ons op die pad is om 'n verkiesing te hou waarna die meeste mag aan hulle oorgedra word, kan hulle ook meer grootmoedig wees en Buthelezi se ego meer akkommodeer. Kindersielkunde is wat hy nodig het.

Maar die ANC se grootste probleem hiermee is die radikale anti-Buthelezi-elemente binne die ANC in Natal - al die mense wat dink Harry Gwala is die nuwe messias. En dit gaan nie maklik gaan nie.

EXCLUSIVE: APLA'S DEADLY WORKSHOPS

'We'll keep on killing,' says Apla cadre



In an unusual move, an underground member of the Azanian People's Liberation Army (Apla) has for the first time broken Apla's secrecy and provided *Vrye Weekblad* with details of how the military wing of the Pan Africanist Congress operates. The Apla cadre - who claims to have participated in several brutal assassinations on black policemen in the East Rand township of Katlehong - spoke to **WALLY MBHELE** this week shortly before he left to Transkei for further training in the armed struggle. Here is his startling story



WALLY MBHELE

control "a very big part of a land they took from blacks by force".

According to the Apla cadre, black policemen are often "disarmed" of their service pistols and firearms after an offensive, while white farmers are robbed of money, cars and guns - all to be used by Apla soldiers in their struggle to liberate blacks.

"I BELONG TO A CELL unit that has been assigned the specific mission of eliminating policemen," says the man.

"In this unit Apla works according to strict instructions and usually assigns three soldiers to a single attack." The participation of too many "soldiers" is avoided in these "special missions", he says, because they can easily be traced and arrested.

He describes how a mission is planned. "Apla cadres take about a week of proper strategy planning at a workshop. During the same week the potential victim is also kept under surveillance."

A "workshop", the cadre says, is a central place in the East Rand township of Katlehong where "all meetings are held and all the material kept". Meetings are held once a week, with a regular big meeting at the end of every month. Political education is also conducted at the workshop. At least one person stays there permanently to co-ordinate the activities of field combatants.

FULL of anger and bitterness, the Apla cadre shows no remorse for his past history. There is a chilling sense of frustration when he explains why he is fighting - but he makes it clear that he is determined to continue hitting the "targets" and that Apla is not going to abandon the armed struggle until the land has been "repossessed from the enemy".

The man says he knows that the police want him in connection with various cases involving the murder of policemen and that he is tired after many sleepless nights trying to evade them.

Vrye Weekblad had independent confirmation of the Apla-

man's authenticity. The meeting took place in a Witwatersrand township after elaborate security measures were taken.

He tells why Apla attacks policemen and white farmers, gives startling details of how the PAC leadership is out of touch with Apla operations (see separate story), describes how "Apla soldiers" plan and execute their missions, and divulges how a Johannesburg news agency is phoned to claim responsibility whenever an attack has succeeded.

Black policemen, he says, are attacked because they form "a very dangerous part in the system of oppression in the townships". White farmers are targeted because they still

The workshop is under the command of experienced Apla soldiers who fought "the struggle from exile". It is at these workshops that teams are specifically appointed to deal with policemen and farmers.

Black policemen are targeted because they are part of the "oppressive system of apartheid", the Apla cadre says. The killing of policemen has to continue until they all resign from the police force.

"Black policemen are standing in the middle between the oppressor and the oppressed. They are half settlers and therefore deserve elimination."

After an attack, the man says, Apla cadres disarm the policemen of their service pistols and firearms, and if possible strip them of their uniforms. These are then taken to the "workshop" to prove that the mission had been performed successfully.

But if there is no chance of "disarming the enemy", the cadre says, Apla soldiers "only hit and run" to avoid risking the possibility of being recognised by eyewitnesses.

Targetted policemen include those who are usually accompanied by colleagues to their respective homes after work because "they are easy to keep under surveillance".

There are also routine Apla assignments, the cadre says, "where a soldier must hit any policeman he comes across if there is a good chance of doing so. Those [policemen] are mainly the ones we meet during the course of a routine patrol. If such an oppressor happens to pass by, you just have to hit and take his weapon because it belongs to the soldiers."

After a planned attack has been executed, the combatants report to the commanders at the workshop and arrangements are made to go to a public phone and make a "safe call" to the South African Press Association (Sapa), claiming responsibility for the attack. Sapa distributes news to all newspapers and radio stations in South Africa. Every Apla cadre taking part in the attack must have the Sapa telephone number and is given the right to phone and claim responsibility in the name of Carl(son) Zimbiri.

Zimbiri, *Vrye Weekblad* was told, is a name adopted by many Apla operatives specialising in the assassination of policemen. Although it is not clear where the name is derived from, sources say Carl Zimbiri was a specialised Apla unit, formerly based in Zimbabwe under the command of a man called Carl Zimbiri.

A STRATEGY OF how to deal with members of the Internal Stability Unit patrolling the townships is currently under discussion, says the Apla cadre.

Apla is not scared of launching an offensive against the

Boers like TerreBlanche have consistently told Mandela that they won't get the land unless there was a spilling of blood, so Apla is adopting the same strategy

police unrest unit, he says. "The fact is that they are heavily armed. We have information that they are sometimes armed with AK-47s and handgrenades they took from our captured soldiers. You should also remember that once they arrest us, they also disarm us and use that material for attacking us.

"It is not that we fear them. At the moment we are still concentrating on the soft targets. We will still come to them. They don't need a simple gun, they need something bigger than that - and it is there, we'll launch missiles they've never heard of in their lives.

"There is no weapon Apla does not have - from rocket launchers to hand-grenades and Scorpion sub-machine-guns," boasts the cadre.

Apla is still proud of the attack on the King William's Town Golf Club in which five whites were killed, he says. "It shook the attention of the whole world."

The attack, he says, was executed by a unit specialising in attacks on white soft targets and farmers. Although he is not sure which specific unit carried out the King William's Town attack, the informant says most units in Transkei were allocated the task of hitting white targets because the Transkei police are not enemies of Apla and do not form part of Apla's targets.

Describing white farmers as a "group of wealthy settlers" who mete out severe treatment to black workers, the Apla cadre says they are the only ones who hold a very big share of "the stolen land" - and they are targets from whom the land

can easily be repossessed.

"They use people [their workers] to the fullest and at the end of the day, people no longer have any power left in them. Black people are left poor and die poor while farmers die still enjoying the fruits of black workers' toil on their farms."

UNLIKE ATTACKS on black policemen, where Apla cadres usually go on foot and in groups of three combatants, an assault on white farmers is carried out by a group of about four people who use a car for the mission.

Money, cars and livestock are then "repossessed". While "repossessed" cars are sold to raise funds for the unit, money is usually kept in a safe place at the workshop. Livestock is slaughtered and a feast held for Apla combatants at the workshop.

"Boers" like Eugene Terreblanche own factories and very big pieces of land on farms, says the Apla cadre. They have consistently "told Mandela that they won't get the land unless there was a spilling of blood, so Apla is adopting the same strategy.

"Our strategy is that we are going to hit them hard until the land is taken back to its owners. We have to use the same strategy they used when they robbed us of our forefather's land."

Asked if Apla was going to win this "war", he replies: "There will be those who'll leave the country. There will also be those like the AWB who will want to fight back. Those are the ones who will cause a total war.

"Once such a war begins, people will then realise that we are oppressed in our country and that there is no change despite negotiations. Then the war will have begun."

APART FROM SELLING the "repossessed items" and financial assistance they receive from the exiled Apla leadership, funds are also raised through sales of the hi-jacked furniture trucks.

The mission of hijacking delivery trucks is mostly assigned to new recruits who have just completed training in the use of firearms. In the company of an experienced soldier, they are given firearms belonging to the workshop and usually return with at least one or two pump guns "won in combat" - which then become their permanent weapons for carrying out future missions against the "enemy".

"That is how I also earned myself a gun - which I have used against many policemen since then," says the Apla cadre. "Some suffer, some sacrifice. No-one in Apla has his own material - it belongs to all of us."

When he returns from his training session, the man says, many policemen are going to feel the fire.

Murder on the spur of the moment

THE Azanian People's Liberation Army cadre gives graphic details of how he participated in at least three Apla operations in which four policemen were gruesomely killed and "disarmed" of their service pistols and firearms. The attacks were executed since Apla embarked on an "armed struggle" against the police last year.

The man, in his late twenties, is well composed and speaks softly, gesturing with his hands to underline his points. Although one gets the impression that he enjoys the grisly work he is doing, his voice and expression are so innocent that one finds it hard to believe that he can kill people.

Yet he can take an automatic rifle apart and reassemble it within five to ten minutes. Among the tips he got in Apla training is to cover bullets with glue so that they don't shatter when hitting a human target, but inside the body. He can also convert a pump gun into a short gun.

Almost all the information on Apla attacks which he provided to *Vrye Weekblad* is corroborated by the police versions of the events.

There is no weapon Apla does not have - from rocket launchers to hand-grenades and sub-machine-guns

One of the attacks the cadre claims to have taken part in was the murder of Sergeant MF Mashanaite of Katlehong on January 21 this year.

This attack, says he, was not planned - but executed on the spur of the moment after Mashanaite, on his way home from work, got into the same taxi that the informant and two other Apla operatives were travelling in. They were on their way to a "workshop" - an Apla planning centre.

The informant describes the attack as "a marvellous

job on the enemy, who did not notice that he was being watched in the taxi".

PART OF THE POLICE version of the attack on Mashanaite reads: "On January 21 1993, Sergeant MF Mashanaite was on his way home from duty in Katlehong when three men accosted him. One of the men grabbed his arm from behind while the other two took his firearm. The three suspects threw him on the ground and he was fatally wounded in the stomach. No arrests have been made yet".

The Apla cadre describes the victim as "an easy prey who fell directly into Apla's hands from nowhere. We did a quick job that did not really need any strategic planning.

"We were returning from Mandela squatter camp when the man got into the taxi. We were three [Apla cadres] - all on our way to the workshop.

"Immediately he got into the taxi, we knew we had a target in our hands. We knew that we did not even have to discuss it amongst ourselves - everyone knew how the job was going to be done. An Apla soldier is always at work wherever he is."

When Mashanaite asked to alight from the taxi at Monaheng section, the Apla cadre says, they also got out and followed him. "We all had our fingers on the triggers as we followed him at a reasonable distance. He was not aware that there were people following him."

When the three assailants reached Mashanaite they told him to stand still and not try to do anything. "But he wanted to resist," the Apla cadre says. "Three bullets were pumped into his stomach."

The three men then took the sergeant's 9mm pistol and fled.

The attack took place between 5 and 6pm and there were not many people in the street, says the Apla cadre. Those who did see the attack fled "as Apla pounced on the enemy".

The informant says Apla cadres always make sure they don't hurt "innocent" residents in the course of launching an attack. "You first have to make a thorough check before taking a decision whether to eliminate somebody or put him under surveillance."

"As we fled," says the man, "we took different routes and later met at the workshop where the repossessed pistol was handed to the commanders."

THE APLA CADRE also claims to have taken part in two other attacks last year which were planned and carried out on strict instructions from a "workshop".

One of these was the attack on July 7 last year in which two policemen were fired on with AK-47 rifles when their vehicle was ambushed. Although the police say two policemen were killed, the man claims that three died.

He says all the victims were known to them as they had been under surveillance for a week. "We had already concluded that they were simple targets. We were sure we were going to perform a clean and perfect job - even though a job which involves people driving in a car usually needs time to plan.

"When we went to wait for their car, we knew the exact time they were going to pass. So we decided to go early and mark some places where we would position ourselves. We were all armed with AK-47s which were carried in a bag.


"At around 9pm, we started taking up positions because they usually passed the spot at about 9.30pm. There were no people in the street. We first hit the driver and he lost control of the car. We ran towards the car, firing at the same time."

At the end of the operation, the Apla cadre says, they confiscated "three 16-shooters and three R4 rifles" from the victims. Responsibility for the attack was later claimed in a telephone call to Sapa.

The Apla cadre says he also participated in an attack in which an off-duty constable was killed and his pistol taken on March 8 last year. The policeman had been watched for some time as he went to see his girlfriend in Katlehong.

The informant also claims to have taken part in the attack on February 17 last year in Ramokonopi section in which four policemen were killed when their vehicle was ambushed with AK-47 rifles. Apla's high commander in Harare, Sabelo Victor Phama, afterwards confirmed that the attack was carried out by Apla cadres.

* Although he did not take part, the Apla cadre has full information of the attack in January last year in which two policemen were set alight in their SAP vehicle. After this attack the police offered a reward of R25 000 to anyone who could give information leading to the arrest of anyone involved in attacks on policemen.



'PAC leaders are not our leaders'

THE Pan Africanist Congress is not officially informed about the armed activities of its military wing, the Azanian Liberation Army (Apla) - because the PAC leaders are not recognised by Apla as the authentic representatives of the "Pan Africanist" philosophy.

This amazing revelation was made to Vrye Weekblad this week by an Apla member who is the first to shed light on why the PAC leaders have consistently refused to answer media questions about Apla attacks.

"It is not that they don't want to disclose information about us - they don't know, we don't tell them," says the Apla informant.

He rejects the idea that the PAC president, Clarence Makwethu, is Apla's chief commander. He says the last commander they had - "the one Apla had faith in, was the late Zeph Mothopeng".

The Apla cadre praises Mothopeng for "refusing to bow to the pressure of the government's negotiating strategy. Apla still mourns his death. The PAC would not be what it is today if Mothopeng was still alive."

Asked why he thinks the PAC has deviated from its original policy, he says: "The PAC never had any plans of sitting round the negotiating table with the enemy (government) - now Makwethu and Benny Alexander share the same table with the oppressor."

He is particularly critical of Benny Alexander, top official



Benny Alexander

Barney Desai and Makwethu - to whom he refers as "a potato".

Instead of releasing Apla soldiers to go into battle, the man charges, the PAC leadership is trying to persuade them to abandon the armed struggle so that they have a chance of engaging in negotiations.

These opposing viewpoints within the PAC have been cited as one of the main reasons behind the resignation of the former deputy president, Dikgang Moseneke.

Nelson Mandela also comes under fire from the Apla cadre. He says instead of telling the people to go and fight when he was released from jail, Mandela did the opposite by suspending the armed activities of Umkhonto we Sizwe.

If Mandela had ordered the people to fight in his release speech, South Africa could have been a different country today, the Apla cadre claims.


"No one could have stopped the masses who took to the streets when Mandela was released. But Mandela failed to continue where he left off when he went to prison. The MK cadres should have returned the way they left the country - they should not have come back in aeroplanes as if they are not soldiers coming from the bush. What they went out to do and got arrested for has now become useless."

WHEN APPROACHED for comment this week, the PAC's Director of Information, Waters Toboti, angrily told VWB that it was not the policy of his organisation to comment on its relationship with Apla.

"That is a very sensitive question. It's a very serious question, how can an African come with such questions? Do you want those questions for Goldstone?" he asked.

- WALLY MBHELE

Vorbereiding vir 'n glanslose einde



HENNIE SERFONTEIN gee die kleur en atmosfeer van die laaste wit Parlement wat tans sit, en van die onderhandelingsproses

DIT is Vrydag 5 Februarie in Kaapstad. Die hysbakdeure op die sewende vloer van my hotel swaai oop en tot my verbasing loop ek my vas in 'n glimlaggende Thabo Mbeki, 'n senior ANC leier, en Johan Scheepers, adjunk-minister van Grondsake en lid van die regering se onderhandelingspan sedert die begin van Kodesa.

Die twee lyk ewe ontspanne en het pas 'n gesprek van 'n paar uur in Mbeki se hotelkamer agter die rug. Later verneem ek die onderwerp van bespreking was die magte en bevoegdhede van die beoogde Transitional Executive Councils (TEC), wat hopelik teen Julie ingestel kan word.

Vroom vra Mbeki my uit omdat ek somer ongenooi by "sekere vergaderings" ingestap het, duidelik met die doel om Scheepers se siel uit te trek oor die noue bande tussen die regering en die Afrikaner Broederbond (AB) - iets wat Scheepers ietwat ongemaklik laat bloos en Mbeki laat lag het.

Maar in die voorportaal groet die twee mekaar hartlik, duidelik baie tevrede met wat die oggend vermag is.

Dit alles klink baie doodgewoon. Sedert 2 Februarie 1990 moes daar al letterlik honderde gesprekke op hoër, middel en laer vlakke tussen die regering en die ANC plaasgevind het.

Maar dit is die spesifieke tydstip van die Mbeki/Scheepers-ontmoetings wat boekdele spreek oor die merkwaardige vordering wat wel in die bilaterale gesprekke tussen hulle gemaak is, en gee 'n blik op die nuwe begrip wat sedert die Notule van Verstandhouding in September 1992 tussen hulle gevestig is.

Hierdie gesprek het plaasgevind ten tye van die soveelste krisis in die onderhandelingsproses, dié keer oor die inhegtenisneming van 'n aantal MK-soldate oor wapensmokkelary. Net die vorige dag het 'n woedende regeringspan die ANC met die inligting gekonfronteer. Natalse en ander onbuigsame elemente in die NP-koukus het summier daarop aangedring dat alle onderhandelinge verbreek moet word tensy MK binne 48 uur ontbind.

Dié krisissituasie is verder aangeblaas toe Pik Botha, minister van Buitelandse Sake, die Donderdagmiddag op uiters kort kennisgewing die diplomatieke korps byeengeroep het, wat in 'n stadium die indruk geskep het dat die onderhandelinge ontspoor het.

Toe ek Mbeki uitvra oor wat vir die meeste mense na 'n teenstrydigheid mag lyk - 'n hartlike gesprek tussen die ANC en die regering in die privaat terwyl die hare in die openbaar waai - het hy ongeërg sy skouers opgehaal en gesê: "Jy weet, as ons elke keer weens 'n voorval van dié aard die onderhandelinge moet vertraag of uitstel, sal ons



nêrens kom nie. Trouens, juis omdat sulke dinge gebeur, moet dit onverpoos voortgaan. Niks mag die proses vertraag nie.

"Ek is baie tevrede dat ons oor wesenlike sake ver gevorder het, en mekaar oor belangrike sake gevind het."

HIERDIE voorval bly my by tydens die verwaring die afgelope dae van oënskynlik teenstrydige verklarings en ontkenning deur beide die ANC en die regering. Dit skyn of hulle mekaar weerspreek oor wat werklik in die bilaterale gesprekke in Kaapstad gebeur het.

Maar as 'n mens by al die rookdampe verby kyk, is dit baie duidelik en eenvoudig: Die ANC en die regering het, soos VWB al drie weke gelede berig het, merkwaardige verstandhoudings bereik oor streeksregering, die oorgangsfase en die omskepping van 'n verkose grondwetgewende vergadering (of tussentydse regering) in 'n regering van nasionale eenheid vir 'n periode van vyf jaar ná die eerste nie-rassige verkiesing. Albei het afstand gedoen van belangrike aspekte van hul oorspronklike grondwetlike voorstelle.

Natuurlik is daar oor talle aspekte nog nie duidelikheid nie en nog heelwat verskille om uit te stryk.

Nou twis die ANC en die regering byvoorbeeld of dit die nuwe Kodesa of die grondwetgewende vergadering is wat die finale besluite oor streeksregering moet neem, en of 'n regering van nasionale eenheid magsdeling is of nie. Daar is twee-redes vir dié haarklowery:

- Al is die ANC en die regering onderhandelingsvennote, is hulle ook politieke opponente. Elkeen probeer sy eie toegewings verdoes, en beklemtoon daardie aspekte van sy voorstelle wat aanvaar word.
- Elkeen sit met sy eie interne probleme en

onbuigsame ondersteuners wat die onderhandelingsproses wil vertraag. Die ANC sit met Harry Gwala en Winnie Mandela, die regering met Buthelezi en veral die Natalse lede van sy koukus.

DIE MANIER WAAROP die twee onderhandelingsvennote die MK-krisis oorkom het, moet ook gesien word teen die agtergrond dat daar meer is wat hulle saambind as wat hulle verdeel - en dat hulle mekaar wesenlik nodig het.

Daardie selfde Vrydag 5 Februarie het Cyril Ramaphosa, die Sekretaris-Generaal van die ANC, ná die konfrontasie met die regering aan 'n paar joernaliste gesê dat toe 'n kabinetsminister hulle reg aan die begin dreig om die onderhandelinge te verbreek, hy teruggekap het met die vraag: "Beteken dit dus as daar nou weer in die volgende weke een van julle moordbende of geheime operasie-geraamtes uit die kas spring, ons dan ook summier die reg het om die gesprek te beëindig?"

Die regering het die dreigemente laat vaar. Dis opvallend dat die "ooreenkomste" tussen die ANC en die regering aangekondig is sonder dat die twispunt tussen hulle opgelos is en die ondersoek daarvoor gaan nog voort.

Die talle private gesprekke en amptelike voorleggings in Kaapstad het my sterk onder die indruk gebring dat 1993 'n buitengewone politieke jaar gaan wees. Vir die eerste keer kry 'n mens die gevoel: nou is dit die ware Jakob, iets is besig om te gebeur... Die "deurbrake" is nie net onderhandelingspraatjies nie, daar is geen twyfel nie dat die einde van blanke oorheersing op hande is.

Pik Botha het net voor die aanvang van die Staatspresident se openingstoespraak aan joernaliste gesê: "Dit is 'n beter toespraak

as dié van drie jaar gelede en dit bevestig die onomkeerbaarheid van die proses van verandering. Die 1990-toespraak was 'n deklarasie van voorneme. Die 1993-toespraak is 'n deklarasie van bevestiging."

De Klerk se toespraak was miskien juis belangrik omdat dit nie 'n enkele dramatiese aankondiging bevat het nie. Dit was 'n nugter, saaklike toespraak met 'n aantal aankondigings oor praktiese stappe om apartheidstrukture te beëindig. Van dié stappe is reeds geneem.

'n Gesprek met 'n jongerige NP-LP op die trappe van die Hendrik Verwoerd-gebou oorkant die Parlement, som alles op: "Sien jy daardie Driekamer-parlement. Dit is die grootste wit olifant in Suider-Afrika. Dit is vandag totaal irrelevant. Dis slegs 'n platform vir FW de Klerk en sekere ministers om aankondigings oor die onderhandelinge te maak. In die praktyk is ons 'n rubberstempel om alles waaroor die regering en die ANC agter die skerms ooreengekom het, goed te keur. Enigiets van werklike belang vind buite die Parlement plaas."

DIE WERKLIKHEID VAN 'n oorgangsfase kom ook duidelik voor in gesprekke met van die ministers wat ten nouste betrokke is by die onderhandelinge. Een ding word herhaal: Ons is haastig. Dinge moet spoedig, maar grondwetlik gebeur. Niks en niemand gaan keer dat ons by die tydrooster waarop die ANC en onself ooreengekom het, sal hou nie. Die Veelpartykongres sal nie later nie as die begin van April begin, met April 1994 as die allerlaatste verkiesingsdatum.


Die gees in top-regeringskringe was totaal anders as dié tydens Kodesa II in Mei verlede jaar, toe van dieselfde regeringsbronne privaat dit baie duidelik gemaak het dat daar geen ooreenkoms sou wees nie, dat die proses uitgerek sou word en selfs 'n paar jaar sou duur voor KODESA finale besluite sou neem.

'n Meerderheid van parlementariërs weet hulle sal die nuwe parlement nooit sien nie. Baie senior staatsamptenare sook amptenare regstreeks werksaam vir ministers is onseker oor hul toekoms. Onder die politici wat nie in die binnekring van die NP sit nie, handel die gesprekke oor pensioene en gratifikasie-uitbetalings. Veral diegene wat nie kwalifiseer vir pensioen nie, vestig hul hoop daarop dat die parlement in 'n laaste gebaar vir almal 'n goue handdruk sal gee.

Die glanslose einde van die apartheidsera word duidelik gesimboliseer deur die feit dat die verhouding tussen Piet Koomhof en sy vriendin - en nie die plofbare politiek in die Kaap nie - die belangrikste onderwerp van bespreking by sosiale geleenthede is.

Op pad na nog

'n Maand nadat die nuwe skooljaar begin het, is die tekens reeds daar dat dit vir swart onderwys weer 'n grootskeepse ramp gaan wees. Die Congress of SA Students is besig met 'n "go-slow" in Soweto se skole, en heelwat skoolhoofde en onderwysers is al deur skoolkinders "afgedank". **INA VAN DER LINDE** gesels met 'n swart onderwyser oor die nagmerrie van skoolhou in die townships, en **VIRGINIA KEPPLER** en fotograaf **SALLY SHORKEND** het 'n draai in Soweto en Alexandra gaan ry om die skokkende toestande en gebrek aan geriewe te boekstaaf



Van die klaskamers in die hoërskool Morris Isaacson in Soweto het geen dak nie. Die leerlinge moet maar in wind en weer hul aandag by die skoolwerk hou.

Dakloos, deurloos, boekloos en vuil

'N MENS draai maar versigtig by die hek van die Skeen Primêre Skool in Alexandra in, want dit lyk of die gebou enige oomblik in die kan stort.

Die eerste ding wat 'n mens opval, is die oorvol klaskamers - 64 leerlinge in 'n ruimte wat nouliks 30 mense kan huisves. Ons loer by 'n klaskamer in waar 'n Engelse les aan die gang is. Leerlinge sit in groepies om een

handboek te deel, maar hulle is nog van die gelukkiges. Daar is elektrisiteit en hulle het darem lig om by te lees.

By Skeen is daar 820 kinders wat 14 klaskamers moet deel. Dit sluit in 'n mobiele eenheid asook 'n personeelkamer wat as klaskamer moet dien.

Die klaskamers is warm en bedompig en 'n mens kan nie help om te wonder nie hoe

die kinders daarin slaag om wakker te bly. Hoewel daar 'n groot gebrek aan handboeke en ander skooltoerusting is, is die ventilasieprobleem een van die skool se grootste kopsere.

Die Departement van Onderwys en Opleiding, beter bekend as die DET, is tans besig om die skool op te knap deur vloere, deure en skryfborde te vervang. Die algemene

'n ramp

toestand van die gebou is egter so gehawend dat dit kwalik 'n verskil maak.

Maar binne die vervalle mure is daar 'n hunkering na kennis. 'n Onderwyser sê daar is amper elke dag 'n honderd persent bywoning deur die leerlinge. Dis so 'n jammer dat hierdie studente wat so gretig is om te leer, nie die geleentheid gegee kan word om dit in beter omstandighede te doen nie, sê die onderwysers.

En so gaan dit maar in baie swart skole, daar is te min klaskamers, nie genoeg handboeke nie en ook min of geen biblioteekgeriewe nie. In meeste skole is daar amper geen laboratoriuimtoerusting nie. Hieroor kla die kinders die meeste.

VWB het van skool tot skool gery en oral was dit dieselfde - die meeste van die vensters is gebreek, die deure is stukkend en sonder handvatsels. In ander skole is daar geen elektrisiteit nie, wat dit onmoontlik maak om die laboratoriuim-toerusting te gebruik.

Vullis word nie verwyder nie en die sanitêre geriewe laat veel te wense oor. "Vir ons hier is die slegte reuk van die opgestapelde vullisdromme 'n alledagse veskynsel", sê 'n leerling aan Alex Hoërskool.

Die laaste skool op ons rondte is die Morris Isaacson Hoër.

Die skool is beroemd omdat gedeeltes van die rolprent, Sarafina, daar geskiet is. Die probleem is, twee klaskamers is al amper twee jaar sonder dak. Die res van die klasse se dakke lek of erger: in die een klas lyk dit asof die oorblywende dakstruktuur enige oomblik gaan inval. Hoe kan 'n mens leer in

so 'n plek?

Leerlinge vertel hoe moeilik dit is om in hierdie omstandighede skool te gaan en tog is hulle elke dag op skool. "As dit reën, moet ons ons sambrele in die klas oopmaak. Die klasse sonder dak het nie lessenare nie. Voordat ons soontoe gaan - al reën dit - moet ons eers ons lessenare oordra.

Baie van die ou geboue was nog nooit op standaard nie. Maar jaar na jaar gaan die verval voort. Daar is nie geld nie. En wanneer daar geld is, is die staat se prioriteite nie altyd duidelik nie. As 'n deur reggemaak word nie, is daar dalk nie geld vir 'n handboek nie. En as die dak nie reggemaak word nie, word die leerlinge dalk siek.

Maar miskien die mees kommerwekkende is die feit dat onderwysers en hoofde traag was om oor hul posisies te gesels. Hulle is bang die DET kom daarvan te hore.

Tog, sommige vertel versigtig dat die haglike omstandighede hoofsaaklik aan wanbestuur, en nie net aan geldgebrek nie, toegeskryf kan word.

Een onderwyser is besorg oor dié aand se ouer-onderwyser vergadering. Sy weet nie hoe sy aan die ouers gaan verduidelik dat die DET so pas nuwe teëls op die vloere van klaskamers gelê het nie. Want die ouers weet so goed soos sy dat die eerste prioriteit nog 'n klaskamer is. En daarna miskien 'n laag verf. Sy verstaan self nie hoekom teëls nodig was nie.

Die weë van die DET en die weë van die studente-organisasies wat die skooljaar kortkort ontwig, is ewe duister.

- VIRGINIA KEPPLER



'n Groepie leerlinge loer deur een van die talle stukkende deure in die hoërskool Alexandra.

Terreur in die klaskamer

Die 23-jarige John Khumalo het vanjaar met hoë ideale begin skoolhou. Hy sou sy leerlinge help om iewers te kom in die lewe, het hy gemeen. Maar ná twee maande in 'n hoërskool in 'n township buite Pretoria sit hy met die hande in die hare, skryf **INA VAN DER LINDE**

"**DIÉ** skool is eenvoudig net nie 'n plek waar mens kan onderwys gee nie. Daar's geen manier waarop jy kan wen nie. Dit is besig om my heeltemal onder te kry," sê Khumalo.

Sy moed is heeltemal gebreek deur die chaos en anargie waarin hy moet werk.

Khumalo - dit is nie sy regte naam nie - is skraal en aan die kort kant. Hy praat met VWB op voorwaarde dat ons nie sê waar hy skoolhou of wat sy regte naam is nie. Afgesien daarvan dat dit hom in die pekel sal laat beland by sy kollegas, sal hy sy lewe nie langer veilig wees nie.

'n Week gelede het 'n groep leerlinge 'n ander onderwyser by sy skool met 'n skroewedraaier gedreig. Ander onderwysers moes hom kom red. In die verlede is al die skool

se onderwysers vir weke van die skool af weggejaag. Hulle is gedreig met die dood, dat hulle huise afgebrand gaan word of dat hul vroue verkrag sal word.

Op uitstekende Engels, met af en toe 'n Afrikaanse woord tussen-in, skets Khumalo die toestand in die skool.

"Toe ek laasjaar klaargemaak het op universiteit, het ek sekere ideale gehad. Ek wou graag voor 'n klas staan en gesien word as 'n morele mens waarna die studente kan opsien, van wie hulle kan sê: ek wil graag só wees.

"'n Jong onderwyser kan 'n rolmodel word. Bafana-teachers, noem hulle my en 'n ander jong onderwyser noem - laities. Omdat ons jonk is, kan hulle hul makliker met ons

vereenselwig. Ek het gehoop hulle sal sê: as die bafanas dit kan doen, kan ons dit óók doen.

"By 'n ander skool waar ek een vakansie met ekstra klasse moes uithelp, was dit maklik om die leerlinge te motiveer. Omdat ons jonk is, het die leerlinge hulle met ons vereenselwig. Hulle het gedink: met dié outjies kan ons praat want ons is nie bang vir hulle nie. Hulle het na ons gekom met hul persoonlike probleme en hul akademiese probleme.

"Ek wou dáár wees wanneer hulle my nodig het. Ek het gemeen ek kan vir hulle die relevante dinge leer en hulle help om hul doelstellings te bereik. Hulle sou hard moes werk, ernstig moes studeer om hul ideale in

die lewe te bereik.

"Maar nou is ek heeltemal ontnugter."

KHUMALO SELF IS in 'n baie konserwatiewe plattelandse skool opgevoed waar hulle net twee keer met die onderwysersstry gekry het. En toe is hulle goed gevoeter, sodat hy selfs 'n weersin in enige vorm van lyfstraf gekry het.

Vandag wonder hy of lyfstraf nie tóg maar die antwoord is nie.

Sê Khumalo: "Ek het begin om in uiterste gevalle weer na die lat te gryp. Partykeer roep ek een uit die klas uit na die personeelkamer en dan donder ek hom. Ek weet ek loop 'n risiko, maar hoeveel keer kan mens sê dié is die grense waarbinne jy kan

beweeg - en dan toelaat dat hulle die grense met twintig meter verskuif?"

Die omgewing is wreed en vyandig. Soos die skoolgebou. Sommige van die geboue het glad nie dakke nie. Ander het nie plafonne nie. Nie één van die klaskamers, wat op oop stoepe uitloop, het deure of vensters nie. Wanneer dit reën, gaan die kinders huis toe, want in die klaskamers reën hulle sopnat.

'n Jaar gelede het 'n groep plakkers al die skool se ligte, kragdrade, plafonne, dakplate, deure en selfs stoele en banke kom steel. Op 'n keer het die onderwysers 'n vragmotor gehuur en 'n klomp leerlinge opgelaaai om die huise in die omgewing te gaan deursoek vir hul verlore stoele. Hulle het meer as 500 teruggekry.

Twee jaar gelede het daar 'n ernstige geveg uitgebreek tussen van die skoolkinders en 'n township-bende. Maande lank is daar baklei. Die bende het een nag gekom en al die vensters gebreek. Die einde van die jaar (1991) het 90 persent van die leerlinge in die skool gedop. Uit protes het die kinders die skoolsaal, die administrasie-gebou en die personeelkamer afgebrand. Die uitgebrande gedeelte staan nog net so.

Daar is geen laboratoriums nie. Die biblioteek bestaan uit 'n pakkamer waarin 'n klompie boeke opgestapel lê. Daar is altyd te min boeke, te min skryfgoed, te min aantekening-boeke. Daar is hoogstens tien stoele in 'n klaskamer met tussen 40 en 70 leerlinge.

Net die ouers wat vroeg genoeg kom, kry stoele. Party gaan vat stoele uit ander klaskamers. Ander merk hul stoele. Soggens is 'n stoel die eerste rede om 'n bakleiery te begin - en dit kan 'n klas ure lank ontwig. Soos koning Salomo moet Khumalo soms geduldig luister na 'n argument oor wie se stoel dit is. Soms kan hy agterkom wie eerste aanspraak op die stoel het. Ander kere neem hy die stoel weg en gee dit vir 'n derde.

Wanneer die klas uiteindelik kan begin, sit 'n klein groepie op hul stoele, ander sit op die lessenaars en 'n derde groep staan. Maar die konflik word nie altyd so maklik opgelos nie.

"ONS KINDERS IS baie verward. Hulle het geen duidelike idee van wat hulle uit die lewe wil hê nie. In ander skole het mens jou daggarokers, jou moeilikheidmakers, maar hulle is in die minderheid. Hier is daardie element ver in die meerderheid.

"Daar is hierdie een baie groot ou in stander 9. Hy is 21 en loop in en uit die klas nes hy wil, hy fluit terwyl ek klasgee, probeer die meisies beïndruk of afwys. Ek het geleer om hom te ignoreer - dan sal hy ná 'n ruk opstaan en uitloop. Hy het groot invloed in die klas. Praat mens met sy ouers, vertel hulle hoe 'n gehoorsame kind hy is, hoe hy hulle by die huis help. Hy sing glo selfs in die kerkkoor.

"In een klas behoort die meerderheid tot 'n groep wat agter in die klas sit en die hele tyd probeer snaaks wees en die klas ontwig. Ek sal byvoorbeeld 'n vraag stel soos: 'Wie sal eerste weet as 'n land bankrot is?'. Dan probeer die 'n snaakse antwoord gee, soos: 'Miskien ek'. Dan word ek werklik woedend.


"Ek probeer die klasse interessant maak, ek werk hard aan my voorbereiding. As so iets gebeur, verbreek dit die hele gang van jou argument.

"Probeer jy om die bende by 'n bespreking te betrek, hou hulle net aan om doelbewus die verkeerde antwoord te gee - totdat jy heeltemal beheer oor die klas verloor en soos 'n gek lyk. Die beste manier is om hulle heeltemal te ignoreer en op die groep hardwerkendes voor in die klas te konsentreer".

Daar is een of twee goeie klasse. Hulle luister aandagtig, stel belang en vra goeie vrae. "As ek daaraan dink om te loop, voel dit of ek daardie kinders in die steek laat," sê Khumalo. "Maar mens moet jou frustrasievlak opweeg teen die gevoel van loyaliteit teenoor enkeles - en die frustrasie is so hoog dat ek nie sal huiwer om na 'n ander skool te gaan as ek die kans kry nie."

DIE ONDERWYSERS, meen Khumalo, staan midde-in die "korrupsie". "Hulle en die studente is een en dieselfde. Hulle het eenvoudig moed opgegee met die studente. Hulle probeer nie dissipline uitoefen nie en gaan maar netsaam met alles wat gebeur.

"Dié ou manne kyk agterdogtig na ons as ons enigiets nuuts probeer. Mens moet so versigtig wees dat jy nie geïsoleer word



G'n plek vir 'n muis nie ... 'n oorbevolkte klaskamer in die laerskool Skeen in Alexandra.

nie. 'n Nuwe onderwyser word vir 'n proeftydperk van 'n jaar aangestel. 'n Slegte verslag kan jou jou werk kos. Almal wil net maar op die ou manier aangaan. Don't rock the boat. Speel die spel volgens die kinders se reëls, want almal is bang vir die kinders."

Nog 'n probleem, sê Khumalo, is dat die leerling-organisasie Cosas (Congress of SA Students), presies dieselfde magte het as Sadu (SA Democratic Teachers Union), waartoe onderwysers behoort. Wanneer Cosas sekere eise stel, gee Sadu eenvoudig toe. Die leerlinge intimideer die onderwysers en dis lewensgevaarlik om teen hulle op te staan.

"Geen kind kan weet hoe en wat hy geleer moet word nie. Ek gun hulle hul demokratiese regte, maar dan nie ten koste van alles en almal nie."

Terwyl 'n nuwe onderwysbestel sal help om geriewe in die swart skole te verbeter, meen Khumalo nie dit sal veel doen aan die totale gebrek aan 'n leerkultuur wat posgevat het nie. "Mens moet by die onderwysers begin. Ons moet die vrees uit hulle uitpars. Onderwysers moet duidelik laat blyk dat die leerlinge en die onderwysers nie op dieselfde vlak kan wees

nie. Demokraties of nie, die leerlinge moet aan die onderwysers ondergeskik wees.

"Daarna moet ons met die ouers begin. By die skool is daar geen ouerbetrokkenheid nie. Hulle is nie begaan oor wat by die skool aangaan nie. Ons moet die ouers inroep en met hulle praat eerder as met die leerling-organisasies. Civics moet betrokke raak by die skole se probleme en help om dit op te los."

En dan moet die leerplan aangepak word, sê Khumalo. "Ek leer my leerlinge nou nog van die Napoleontiese oorloë of van die eerste vereniging van Duitsland in die tyd van Bismarck. Watter relevansie het dit vir ons? Ons moet vanuit 'n Afrika-perspektief werk."

Die leerlinge wil weet hoekom hulle die Europese geskiedenis moet leer. Dan sê hy vir hulle: "Daar is verskillende maniere om na die geskiedenis te kyk. Ek self verkies die Afrika-manier, maar dit is nie wat deur die Departement van Onderwys en Opleiding voorgeskryf word nie en dis wat julle moet leer om aan die einde van matriek te slaag".

Nie dat om te slaag op die prioriteitslys is nie.

Andries Beyers (links)
en Pieter Mulder



Die regses stoei oor ras en kultuur

As 'n regse Afrikaner-politikus begin praat van hoe bruin en wit Afrikaanssprekendes "as volk moet saamgroeï", dan kan 'n mens aanvaar selfs regse denke het ingrypend verander. Die nuwe denkrigtings aan regse kant maak sinryke onderhandelinge nou die eerste keer moontlik, hoewel sommige nog die moontlikheid oophou om na die wapens te gryp. **CHRISTELLE TERREBLANCHE** weeg die Nuwe Regses en die Ou Regses se strategieë teen mekaar op

IS etniese streekregering ons voorland?

Ja, sê die Afrikaner Volksunie (AVU), maar sonder etniese of statutêre diskriminasie.

Dalk, sê die Konserwatiewe Party (KP), maar gepaard met afsonderlike ontwikkeling.

En kyk 'n mens na die NP en ANC se jongste voorstelle vir sewe streke in die land, sê hulle, is streekregering en etniese meerderheidsregering dalk nie so ver van mekaar verwyder in Suid-Afrika se staatkundige toekoms nie.

Dit is op dié erkenning van streekwerklikhede dat die regses nou hul hoop op die erkenning van hul reg tot selfbeskikking vestig. Maar daar bly ingrypende verskille onder mekaar oor strategie, taktiek en die ontleding van wat albei graag die "realiteit" noem.

AVU-leiers soos Andries Beyers, LP vir Potchefstroom, en Chris de Jager, LP vir Bethal, asook ander regses, soos Koos van der Merwe, Onafhanklike LP vir Overvaal, het die afgelope tyd hul rug begin draai na apartheid en grond nou hul argumente vir Afrikaner-selfbeskikking op 'n suiwer volkere- of taalbasis.

"Die weg na sinvolle selfbeskikking het te doen met die realiteit," sê Andries Beyers, "en dit moet gedoen word in 'n vorm wat aanvaar kan word."

Daarom het die AVU nou twee voorlopige streke geïdentifiseer waar hy glo die Afrikaner as "volk" meerderheidsbesetting kan hê.

Hoewel sy plan nog nie gefinaliseer is nie, beoog die AVU 'n klein streek in Noord-Transvaal met Pretoria as kern en 'n oorheersend Afrikaanssprekende streek in die Wes-Kaap, waarin sowel Afrikaanssprekende Kleurlinge as blankes "saam huleie heil kan uitwerk". Hy het reeds met verskeie bruin leiers oor die moontlikheid gesels en glo baie is simpatiek teenoor die plan.

Hy praat eksplisiet van die noordelike gebied as 'n volkstaat, waar 'n "doelbewuste strewing van 'n groep wat hulself as die Afrikanervolk sien" bestaan. Maar hy praat in een en dieselfde asem van die Wes-Kaapse "Afrikaanssprekende" streek, terwyl hy erken dat die bruin inwoners daar meer as die witmense in getalle is.

Beteken die verwysing na "Afrikaanssprekendes" dat bruinmense nie "Afrikaners" is nie?

Nee, sê Beyers in 'n verstommende omswaai ná al die dekades van rasgebaseerde politiek. "In die mate waarin

Kleurlinge hulself as Afrikaners sien, is hulle dit. Maar ons kan nie vir hulle besluit nie. Sommige hou nie daarvan nie. Maar ek dink ons sal as volk saamgroeï op die pad vorentoe."

Só 'n Wes-Kaapse "volkstaat" sal dus gegrond wees op 'n taalgroep, sonder enige ras- of kleurvoorkeur.

Volgens Beyers staan die NP nie onsimpatiek teenoor sy voorstelle vir Wes-Kaapland nie, maar kon min steun nog vir die Transvaalse Afrikanerstaat gekry word.

Die AVU het hom reeds verbind tot 'n gebied of gebiede sonder statutêre diskriminasie.

Hy wil onder meer beding vir die reg om eie regeerders te kies, die reg om immigrasie ingevolge internasionale standaarde te beheer, die groots moontlike afwenteling van gesag na plaaslike bestuursliggame, en die handhawing van Die Stem en ander nasionale simbole.

Die AVU hoop om dié vorme van selfbeskikkingsreg binne 'n konfederale bedeling te verkry. Beyers sê die volkstaters besef egter dat dit nie in dié stadium 'n moontlikheid is nie, en dat daar intussen vir 'n federale stelsel met maksimale streekmagte onderhandel gaan word, as 'n middel tot konfederasie.

'Dit sal 'n ernstige fout wees om nou al te sê jy wil byvoorbeeld Bloemfontein hê - want miskien kry jy uiteindelik net die stadsaal. Sê liever jy wil die hele Vrystaat hê.'

DIE KP DAARENTEEN glo so 'n streekoplossing sal 'n "halwe" oplossing wees.

"Ek dink dit is takties dom van die AVU om sy eise voor onderhandeling af te skaal tot twee streke," sê dr Pieter Mulder, die KP-LV vir Schweizer-Reneke. "Vir ons gaan dit om die beginsel van selfbeskikking en ons sal slegs daarvoor onderhandel."

Die KP, wat tot onlangs toe vas geglo het hy gaan nog 'n

blanke verkiesing afgedwing kry, eis in werklikheid nog die grootste deel van die land en staan 'n beleid van afsonderlike ontwikkeling voor.

Mulder sê die KP sien nou die moontlikheid van 'n volkstaat as die waarskynlike oplossing, maar sy huidige taktiek is daarop gemik om vir so 'n groot grondgebied as moontlik te beding. "Dit sal 'n ernstige fout wees om nou al te sê jy wil byvoorbeeld Bloemfontein hê - want miskien kry jy uiteindelik net die stadsaal. Sê liever jy wil die hele Vrystaat hê."

Die AVU glo weer dat die KP hier heeltemal die spoor byster geraak het. "Hulle groot fout is dat hulle nog op 'n rassegrondslag beding en nie ter wille van 'n volk nie. En dit is mos onsinnig dat hulle 'n groot porsie van die land se grond sal kry," sê Beyers.

Waarskynlik die grootste verskil in die KP en AVU se benadering lê op die gebied van onderhandelinge.

Die AVU het hom ten volle tot 'n onderhandelnde skikking verbind, wat dit ookal mag oplewer.

Die KP sê hy vat die onderhandelinge "hekkie vir hekkie". "Dit is deel van ons strategie," sê Mulder en beklemtoon dat die party al meer as twee jaar lank samesprekings met ander groepe in die land voer en deel is van die Cosag-forum van beswaarde Suid-Afrikaners. Hy het egter nog nie met die ANC onderhandel nie.

"Die ANC gaan ons nie dwarsboom nie," sê Mulder. "Ons beskou die reg tot selfbeskikking as fundamenteel en gaan nie vir ons vryheid smee nie."

Die KP het reeds aangedui dat hy aan die beplanningsvergadering vir 'n veelparty-forum gaan deelneem en Mulder sê dit beteken dat die party waarskynlik by die forum self sal wees.

MAAR WAT GEBEUR as die beginsel van selfbeskikkingsreg nie by die forum erkenning kry nie?

"Dan sal ons moet erken dat ons verloor het en gaan lê, of ons sal ons ander opsies uitoefen, soos mobilisasie," sê Mulder.

Hoewel die ontleders en akademici skepties staan oor die moontlikheid dat die volkstaters hul doel kan bereik, en indien wel of dit werkbaar sal wees, meen hulle die strategie om op volkegrondslag te beding is waarskynlik die enigste hoop vir diegene wat hulle nie deel van 'n verenigde Suid-Afrika voel nie.

Op 24 Februarie vier Estland die onafhanklikheid wat die land in 1918 - ná sewe eeue - herwin het en wat deur die Sowjet-Unie misken is.

MARIANNE MIKKO en **MADIS MIKKO** skryf oor die lotgevalle van Europa se oudste inwoners

Estland

hou die vaandel hoog

VYF millenia al woon die Fenno-Ugriese mense aan die noordkus van die Baltiese See. Die 62-jarige President van Estland, Lennart Meri, 'n opgeleide historikus, beweer die Estlanders woon al 6 000 jaar in hul huidige grondgebied.

Estland was helaas nog altyd 'n strategiese gebied vir sy bure. Vir Rusland is dit 'n venster na die Weste, vir die Weste 'n venster na Rusland.

Die Duitsers het Estland die langste oorheers - sewe eeue. Selfs onder die Russiese tsare was die Baltiese Duitsers plaaslik aan bewind. Die Estlanders het egter ook onder ander buitelandse heersers deurgeloo: Deens, Pools en Sweeds.

In die twintigste eeu - op 24 Februarie 1918 - het Estland die onafhanklikheid herwin wat die land in die 13e eeu onder die "Broers van die Swaard" moes afstaan. Maar dit was van korte duur - 21 jaar later het Hitler en Stalin mekaar die hand gereik en ingevolge die berugte Ribbentrop-Molotov ooreenkoms van Augustus 1939 het Estland, Latvië en Litawie onder Sowjet-beheer gekom. Op 16 Junie 1940 het die Sowjet-troep die Baltiese state binnemarsjeer - waar hulle tot nou toe gebly het.

Dat Estland 'n soewereine staat en soos Latvië en Litawie 'n lid van die Volkebond was, is verontagsaam. Die Baltiese lande is oormag geannekseer. Vir 'n halfeeu is dié drie onafhanklike state summier van die wêreldkaart afgevee.

Die Tweede Wêreldoorlog het dus eers in 1991 in Europa geëindig - toe Estland en Latvië uiteindelik in Augustus 1991 die geleentheid tot 'n staatsgreep aangegryp en hulself onafhanklik verklaar het. Die Sowjet-Unie het toe al ineengestort en kon nóg tenks instuur nóg op ander maniere ingryp.

Die stryd om bevryding sedert 1988 was heeltemal bloedloos en op 29 September 1992 is die eerste vrye verkiesing in Estland gehou. Dertien partye het kandidate benoem, onder meer die Kommunisteparty (ECP). Die Konserwatiewes het 'n dawerende oorwinning behaal. Die ECP kon g'n enkele setel wen nie.


Min van Estland se Russiesprekende inwoners het gestem. Meer as 'n halfmiljoen Russe is aanvanklik deur die Politburo na Estland gestuur om die gebied "Russies" te probeer maak - soos in al 15 die ander Sowjet-republieke.

Estland het die kwessie van stemreg aan Russiesprekendes in ooreenstemming met die volkereg hanteer. In die referendum oor stemreg was 52,6 persent van Estland se burgers gekant teen die outomatiese toekenning van stemreg aan Russiese burgers in hul

gebied. Kragtens Estland se wet op burgerskap mag enige buitelandse (lees Russe) wat minstens twee jaar lank in die land gewoon het en die vereiste taaleksamen geslaag het, om burgerskap aansoek doen. Wanneer Moskou kla dat Estland menseregte skend, jok hulle - want almal weet dat menseregte en burgerregte twee verskillende kwessies is.

OP DIE OOMBLIK is daar steeds 25 000 Russiese soldate in Estland se grondgebied - saam met hul gesinne sowat 100 000 Russe. Om strategiese redes is Yeltsin in geen haas om sy soldate te onttrek nie. Die Europese

Die Tweede Wêreldoorlog het dus eers in 1991 in Europa geëindig - toe Estland en Latvië uiteindelik in Augustus 1991 die geleentheid tot 'n staatsgreep aangegryp en hulself onafhanklik verklaar het



Gemeenskap en Skandinawië het Yeltsin al telkemale versoek om die proses te bespoedig. Onder Bush het Amerika dieselfde oproep gedoen. Yeltsin se benadering bly dieselfde - niks word voor die volgende eeu gedoen nie. Die Russies-Estlandse onderhandelinge vorder teen 'n slakkepas.

Vir baie Estlanders in hul vyftiger- en sestigerjare lyk die geordende lewenstyl onder die Sowjet-regime nou na 'n goue era. Elkeen het 'n min of meer gewaarborgde inkomste gehad en in status gelykwaardig gevoel. Die situasie is nou heeltemal anders, met werkloosheid wat drasties toeneem.

Om 'n vergelyking met Suid-Afrika te tref: dit beteken jy moet min of meer alles wat jy nodig het van die OK Bazaars koop met 'n gemiddelde salaris gelyk aan dié van 'n swart huishulp - en oorleef.

In Estland het 47 persent van die volwassenes egter 'n universitêre opleiding en is dit nie ongewoon om huishulp te hê nie. Sowat 98 persent van die vroue in Estland werk om liggaam en siel aanmekaar te hou.

In die vroeë dae van die vryheidstryd (1988) was die gesegde: "Om vryheid te kry, sal ons selfs aartappelskilie eet!" Maar sielkundig vind die mense dit al hoe moeiliker om die swaarkry in Estland te verduur. Dit is veral ergerlik vergeleke met die hoë lewenspeil van Estland se bure soos Finland en Swede, waar mense 20 keer meer verdien. Baie jong mense sal eerder aarbeie in Finland pluk as om as ingenieurs in Estland te werk....

DIE SITUASIE IS egter nie heeltemal hopeloos nie. Nadat Estland so erg deur die kommunistiese stelsel geplunder is, kan die toekoms net beter wees. Dit is veral merkwaardig dat buitelandse kapitaal na Estland gekom het. Die monetêre hervorming van 20 Junie 1992 het 'n bykomende gevoel van sekuriteit meegebring. Estland het ontslae geraak van Rusland se "snaakse geld" (die roebel). Die Estlandse kroon word deur goud- en woudreserwes onderskryf.

'n Privatiseringswet dien nou voor die parlement. Sowat 300 staatsbeheerde ondernemings kan daardeur geprivatiseer word.

Grensformaliteite met Rusland is reeds ingestel. Soos alle buitelanders, moet Russiese burgers visums kry wanneer hulle Estland besoek.

Van Suid-Afrikaners wat die reis van 12 000 km wil onderneem, word dieselfde vereis. Diplomatieke bande tussen die twee lande bestaan al meer as 'n jaar en samesprekings word nou gevoer oor die aanstelling van 'n erekonsul van Estland in Suid-Afrika.

brolloks

OPTIMIS, PESSIMIS OF PROFEET?

BROLLOKS kon Sondag nie sy mind opmaak of FW de Klerk 'n optimis of 'n pessimis is nie. Of weet hy iets wat ons nie weet nie?

In sy gesprek met "Sir David" (vir wat is ons Suid-Afrikaners so gesteld op titels? Die man is David Frost, of Meneer Frost. Dis soos om iemand as "doktor" aan te spreek as hy 'n eredoctorsgraad êrens gekry het.) antwoord De Klerk op 'n vraag of hy in 'n nuwe bedeling onder Nelson Mandela sal dien: "It is a possibility, yes." (En Pik se hart is bitter, want hy onthou wat nie te lank gelede nie met hom gebeur het toe hy van 'n swart president gepraat het.)

Maar dan voeg De Klerk dadelik by: "All politicians, obviously, are frail and human. I do not know if my (met swaar klem op "my") health will stand up to the test of time."

Nou bedoel die man Mandela gaan dalk nie lank genoeg lewe om president te wees nie? En as hy dit bedoel, dink hy dis goeie nuus, of is dit slegte nuus? Hy het wel geglimlag toe hy dit gesê het, maar dan, De Klerk half-glimlag moes altyd.

En asof hy 'n profeet is, kondig die ANC twee dae later aan dat Mandela uitgeput is en in opdrag van sy dokters alle afsprake voorlopig gekanselleer het.

As Brolloks in De Klerk se skoene gestaan het, sou hy elke aand op sy knieë gegaan het om te vra dat Mandela se lewe láánk gespaar bly.

TOUS POURRIS

'N MENS wonder waar het die mite ontstaan dat swart Afrika die mees korrupte deel van die wêreld is. Want dit raak nou baie duidelik dat wit Suid-Afrika en veral Europese lande soos Frankryk en Italië voor in die korrupsiekoer staan.

"Frankryk het die grootste aantal aangeklaagde ministers per vierkante kilometer ter wêreld," sê opposisie-politikus Francois Bayrou dié week. En die lys is inderdaad lank: van die premier tot die leier van die Sosialistiese Party en die Speaker, verskeie ministers, 'n presidensiële kandidaat en Parys se burgemeester was die laaste weke betrokke by korrupsie of finansiële skandale.

G'n wonder nie die Franse se standaard-verwysing na hulle politici is: Tous pourris - hulle is almal verrot.

In naburige Italië het die gewese premier, Bettino Craxi, laasweek as leier van die Sosialistiese Party bedank ná 'n korrupsieskandaal.

En hier by ons is nóg 'n korrupsiesontbloe: dié keer in die Department Vervoer.

Die enigste verskil tussen wit en Europese korrupsie aan die een kant en Afrika-korrupsie aan die ander is dat dit in Afrika minder gesofistikeerd is.

Miskien is dit deel van die menslike toestand, en moet ons van alle politici sê: tous pourris.

SPRING, SWAER

BROLLOKS hou van subtiële graffiti. Na aanleiding van die onlangse film *White Men Can't Jump* het iemand naby die SAUK in Aucklandpark met duidelike rassetrots op 'n muur geskryf: White men *don't* jump.

BLY WEG, KAMERAAD

DIS een van die lekker dinge van die Nuwe Suid-Afrika dat allerlei interessante en belangrike mense nou gereeld kom kuier. Soos die Russiese skaakmeester Anatoly Karpov.

Maar is daar nou een man is wat werklik nie welkom is nie, is dit Karpov se landgenoot Mikhail Kalashnikov. Dis niks persoonlik nie, dis net die simboliek wat daarmee saamgaan wat totaal onaanvaarbaar is. Want sien, die man is beroemd omdat dit hy is wat die AK47-geweer ontwerp het.

Dié geweer met sy bekende piesang-magasyn was lank die simbool van bevryding in Afrika, maar vandag is dit die vloek van Afrika. Dié geweer het meer mense in die burgeroorloë in Angola, Mosambiek en Suid-Afrika doodgemaak as enige ander wapen.

Kalashnikov het dié week uit Abu Dhabi gesê hy wil graag Suid-Afrika besoek, want "bevryding is altyd 'n positiewe ding".

Bly weg, kameraad. Net Harry Gwala en Apla gaan jou verwelkom.

WIT PANIEK

NA aanleiding van 'n VWB-storie verlede jaar dat mense nie ons rugbyspelers in Frankryk moet verkwalik nie want hulle verteenwoordig bloot die arrogante mentaliteit van wit Suid-Afrika, vra 'n leser dié week of dié formule nie ook op ons krieketspelers toegepas kan word nie.

Ja, Brolloks dink so. Kepler se manne is nou nie juis arrogant nie, maar in ooreenstemming met die breë wit mentaliteit kan hulle vreeslik gou erg paniekerig raak en dan word hulle wild. Die ineenstorting van die middelkolwers en die stert in albei wedstryde teen Pakistan laat 'n mens amper dink aan die wit histerie tydens laasjaar se mass action.

Skande! Skok!

Diana se slaapkamergeheime!
Piet Koornhof praat sy hart uit!
Boggelrug-dwerg bieë oor sy ouma!

Jammer, dis nie *Vrye Weekblad* se styl nie. Daar is genoeg koerante en tydskrifte wat oor dié soort sake verslag doen.

Vrye Weekblad is die intelligente alternatief. Ons lesers is mense wat wil weet wat is die jongste tendensies en gebeure in die politiek, die nasionale lewe en die kunste. *Vrye Weekblad*-lesers hoef nooit met 'n mond vol tande te sit as daar intelligent oor enigiets gesels word nie.

Die beste belegging wat jy vandag kan maak, is om in te teken op *Vrye Weekblad* en so te sorg dat jy dit nie een naweek misloop nie.

Die PWV-gebied, wat insluit Johannesburg, Pretoria, Verwoerdburg, Midrand, Sandton, Randburg, Roodepoort, Randfontein, Krugersdorp, Florida, Germiston, Alberton, Bedfordview, Kemptonpark, Benoni, Boksburg, Springs, Brakpan, Vereeniging en Vanderbijlpark.

In Transvaal is ons ook beskikbaar in die sentrale dele van Witbank en Nelspruit, en in die Vrystaat ook in sekere dele van Bloemfontein.

As jy buite een van die streke val, stuur ons VWB teen dieselfde koste per pos aan. So moenie elke Vrydag skarrel om jou gunsteling nuustydskrif in die hande te kry nie, stuur liever nou R150 en ontvang VWB vir 'n jaar of R80 vir ses maande (BTW en aflewering ingesluit).

Vul dié vorm vandag nog in en stuur saam met jou tjek of poswissel aan:

WVB Verspreiding,
Posbus 177,
Newtown
2113.

Stuur VWB vir my per pos/tuisaflewering aan vir

- 1 jaar
 6 maande

Naam

Adres (aflewering)

Adres (korrespondensie)

.....Poskode

Telefoonnommer

Resep vir 'n vreedsame verkiesing

Die datum 30 Maart 1994 word nou algemeen genoem as die dag waarop Suid-Afrika se eerste demokratiese verkiesing vir alle burgers gehou gaan word. **ESMA ANDERSON** het solank oor die hoe's en waar's gaan uitvra

WANNEER

Die datum van die verkiesing is nog nie amptelik vasgestel nie, maar in die meeste kringe word 30 Maart 1994 genoem. Piet Coetzer van die NP se Federale Inligtingsraad meen egter dié datum is nie onwaarskynlik nie.

Die ANC staan die idee voor dat 'n verkiesing oor drie dae moet geskied, waarvan een 'n openbare vakansiedag moet wees.

Sou die verkiesing wel op 30 Maart begin en drie dae duur, sal die laaste dag Goeie Vrydag wees wat aanstaande jaar op 1 April val. (Gelukkig sal die uitslag eers die volgende dag bekend gemaak word...)

STELSEL VAN VERTEENWOORDIGING

Daar is reeds ooreengekom dat 'n stelsel van proporsionele verteenwoordiging gebruik sal word met die klem op politieke partye eerder as kandidate. Setels in die grondwetgewende vergadering sal aan partye toegeken word na gelang van die aantal stemme wat hulle kry. MDNM

REGISTRASIE VAN KIESERS

Daar is konsensus dat kieserslyste nie meer as vorm van registrasie gebruik sal word nie en kiesers net bewys van hul identiteit en ouderdom moet kan lewer. In bilaterale samesprekings tussen die regering en die ANC is die verstandhouding bereik dat enigen van twee tipes van identifikasie moontlik gebruik sal kan word, naamlik identiteitsdokumente of spesiale kieserskaarte.

Die gebruik van kieserskaarte word veral gesteun deur die ANC omdat dit vinniger uitgereik kan word en 'n groot verskeidenheid dokumente (geboortesertifikaat, beëdigde verklarings, ens) gebruik kan word om dit te bekom.

Randi Erentzen, direkteur van Project Vote van die Centre for Development Studies (CDS) aan die UWK, sê egter hulle sal 'n eenvormige kieserskaart as enigste identifikasie verkies omdat daar so baie verskillende soorte identiteitsdokumente in omloop is en dit vervalsing van dié dokumente aansienlik kan vergemaklik.

Coetzer sê die NP se grootste oorweging in dié stadium is dat soveel mense moontlik moet kan stem en daarom sal die party nie die idee van spesiale kieserskaarte teenstaan as alternatief vir identiteitsdokumente nie.

Heelwat organisasies is tans bekommerd dat dié vorms van identifikasie egter nie vinnig genoeg uitgereik kan word nie. In reaksie op dié voorbehoude het Louis Pienaar, minister van Binnelandse Sake dié week in die parlement gesê dat sy departement nou al maandeliks 40 000 identiteitsdokumente uitreik en waarskynlik dié syfer sal kan verhoog.









KOÖRDINERING

In bilaterale samesprekings en by Kodesa is reeds besluit dat 'n Onafhanklike Verkiesingskommissie (OVK) aangestel moet word om die taak van die Departement van Binnelandse Sake, wat tot dusver verkiesings gereël en georganiseer het, oor te neem.

Uit verstandhoudings wat tussen die regering en die ANC bereik is, lyk dit waarskynlik dat die beheerliggaam van die OVK kan bestaan uit elf lede (almal Suid-Afkaners) wat benoem sal word deur die partye in 'n veelparty onderhandelingsforum en aangestel sal word deur Staatspresident FW de

BALLOT PAPER

(Make a cross next to the party or organisation of your choice)

AFRICAN NATIONAL CONGRESS	ANC	
AFRICAN DEMOCRATIC PARTY	ADP	
AFRIKANER-VOLKSUNIE	AVU	
BOPHUTHATSWANA NATIONAL PARTY	BNP	
AZANIAN PEOPLE'S ORGANISATION	AZAPO	
CONSERVATIVE PARTY	CP	
DEMOCRATIC PARTY	DP	
DIKWANKWETLA PARTY	QWAQWA	
INKATHA FREEDOM PARTY	IFP	
INTANDO YESIZWE PARTY	IYP	
INYANZA NATIONAL MOVEMENT	INM	
LABOUR PARTY OF SOUTH AFRICA	LP	
NATIONAL PARTY	NP	
NATIONAL PEOPLE'S PARTY	NPP	
PAN AFRICANIST CONGRESS	PAC	
SOLIDARITY PARTY	SP	
UNITED PEOPLE'S FRONT	UPF	

*This is a sample and not an official ballot paper. Some of the above political parties / organisations may choose NOT to enter the elections

Klerk.

Die organisasies betrokke in die Independent Forum for Electoral Education, wat 'n wye verskeidenheid van nie-regeringsorganisasies soos kerke, civics, opvoedkundige organisasies en Idasa insluit, stel egter voor dat die OVK so 'n wyd moontlike spektrum moet insluit van mense met kennis en ervaring in verkiesings en verkieslik nie lede van politieke partye nie.

Van die organisasies wat in dié verband genoem word, is die Centre for Development Studies (CDS) van UWK, die Community Law Centre van UWK, die Instituut vir Kontekstuele Teologie, die Instituut vir Veelparty Demokrasie (van Oscar Dhlo), die Matla Trust en die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke (die meeste van dié organisasies is lede van die Forum).

Die OVK sal belas word met: toesig oor die hele verkiesingsproses, die hantering van fondse en soortgelyke verkiesingswerk, die versekering dat verkiesings vry en regverdig is, en die bepaling en bekendmaking van die uitslae.

Die OVK sal ook help met die optrek van 'n konsep-Kieswet. Die huidige konsensus is blykbaar dat die parlement die wet so sal wysig dat dit die breë konsensus van die partye in 'n veelparty konferensie sal weerspieël, maar dat die fyner besonderhede van die wet deur die OVK uitgewerk sal word.

Die OVK sal waarskynlik teen September vanjaar op die been gebring word. Coetzer bevestig dié vermoede: "As daar by die skedules gehou word en die veelparty onderhande-

lingsforum se werksaamhede soos beplan einde se kant toe staan, lyk dit na September, ja." Dit is dan ook die tyd wanneer die oorgangsraade saamgestel sal wees om te verseker dat daar op alle terreine van die verkiesing 'n gelyke speelveld is.

DIE STEM BRIEF

Hoewel geen besluite oor die aard van die stembrief algemeen is nie, sal dit waarskynlik lyk soos die illustrasie hiernaas, 'n voorbeeld wat deur Project Vote van die Centre for Development Studies aan UWK gebruik word in kiesersopleiding. Dié tipe stembrief sal dit ook vir ongeletterdes moontlik maak om hul kruisie sonder moeite of inmenging te kan maak. Die ANC wil klaarblyklik ook 'n foto van die leier van die party daarby insluit.

STEMPUNTE

Volgens die Departement van Binnelandse Sake is 7 000 moontlike plekke vir stempunte uitgewys en is al die nodige toerusting soos stembokkies, ultra-violetmerkers, en stembussies bestel. Die Departement het 10 200 bykomende stembusse en 15 200 bykomende opvoubare stemkompartemente bestel. Hoewel dit betreklik min punte is, is meer as 130 000 mense nodig om al dié punte te bestuur. Na die OVK se ontstaan kan dié liggaam besluit of die voorbereidings wat reeds getref is deur Binnelandse Sake voldoende is.

MONITERING

Van die grootste gevare vir 'n vrye en regverdige verkiesing is geweld, intimidasie en konkelary. Dié faktore kan 'n verkiesing en die aanvaarbaarheid van die uitslag daarvan heeltemal kelder. Dit is ook van die moeilikste dinge om te beheer. Juis daarom sal 'n effektiewe stelsel ontwikkel moet word om toe te sien dat alle onreëlmatighede aan die kaak gestel word en mense vry voel om te stem vir wie hulle wil.

Volgens verstandhoudings wat bereik is tussen die regering en die ANC, maar waarvoor eers op 'n veelparty onderhandelingsforum ooreengekom kan word, sal 'n sentrale moniteringskommissie van 14 mense saamgestel word wat die verkiesing op nasionale vlak sal dop hou.

Dié kommissie sal 'n breë moniteringsmag uit Suid-Afrikaanse sowel as internasionale waarnemers saamstel. Die VVO sal beslis 'n groot rol in dié verband speel, maar ook van die organisasies wat reeds betrokke was met die monitering van geweld, soos die Organisasie vir Eenheid in Afrika.

Van die ander organisasies wat genoem word, is Idasa, die Instituut vir Veelparty Demokrasie, Regslui vir Menseregte en die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke.

Die Goldstone Kommissie kan moontlik ook help om die verkiesing te monitor. Regter Richard Goldstone het verlede week in Bloemfontein aangekondig dat 'n multi-dissiplinêre instituut in Johannesburg op die been gebring word wat alle gevalle van openbare geweld en intimidasie sal aanteken. Die hoofdoel van dié instituut is om 'n gestandaardiseerde wyse te ontwikkel waarop inligting oor geweld gedokumenteer kan word, maar hul kundigheid kan moontlik in die verkiesing nuttig te pas kom.

VWB vemeem op goeie gesag dat die Goldstone Kommissie 'n ondersoek beoog na maniere om intimidasie en geweld tydens die verkiesing te beperk en monitor. Kom daar iets van dié planne, kan die Kommissie dalk 'n vername rol speel in die monitering van die verkiesing.

Is ons gereed vir 'n demokratiese verkiesing?

As ons volgende jaar verkiesing wil hou, sal ons vinnig in die demokrasie opgelei moet word, sê **SAMPIE TERREBLANCHE**

AS ons die Suid-Afrikaanse bestel so gou as moontlik gelegitimeer wil sien, is dit belangrik dat Kodesa weer aan die gang kom, die speelterrein so gelyk moontlik gemaak word en 'n verkiesing nie later nie as vroeg volgende jaar plaasvind. Nogtans is dit seker nie onvanpas nie - en miskien selfs noodsaaklik - dat ons onself in alle ems die vraag sal vra of Suid-Afrika se mense gereed is om in 1994 'n verkiesing te hou.

Suid-Afrika se grootste verkiesingsprobleem is onteenseglik die gebrek aan 'n demokratiese tradisie en aan politieke verdraagsaamheid. Dit ontbreek by ons aan 'n egte solidariteitsgevoel om al die ontwrigtende kragte wat tydens die verkiesing losgeruk kan word, in toom te hou. Dit ontbreek ook aan daardie soort burgerlike gemeenskap (civil society) wat as 'n magnetiese kern die middelpuntvlietende kragte kan neutraliseer. Sodanige kragte is potensieel baie sterk ná eeu van chroniese groepsbotsing, na 'n eeu van apartheidsongereg en na dekades van 'n meedoënlose struggle. Oor ons ongelukkige verlede en die potensiele probleme wat dit vir ons juis in verkiesingstye kan meebring, moet ons geen illusie hê nie.

Ons sal beslis 'n groot kontingent van buitelandse skeidsregters nodig hê om nie alleen die verkiesingsveldtogte monitor nie, maar om ook 'n konstruktiewe rol te speel om die nodige vrede en goeie orde tydens die verkiesingsveldtog te handhaaf.

Vanweë die broosheid en die kwesbaarheid van die Suid-Afrikaanse samelewingstruktuur, rus daar egter 'n buitengewoon groot verantwoordelikheid op veral die twee hoofspelers - die NP en ANC.


Dit is seker realisties om te verwag dat sommige van die kleiner partye (en hopelik nie almal nie), op 'n roekelose wyse aan die verkiesing gaan deelneem. Sommige sal selfs geneig wees om groot brekers (spoilers) te wees as dit blyk dat die verkiesing hulle status tot dié van randeiers kan reduceer. Dit gaan soveel groter verantwoordelikheid op die groot spelers plaas om die verkiesingspel op 'n ridderlike en onberispelik demokratiese wyse te speel.

IS DIE ANC EN NP daartoe in staat? 'n Mens het rede om ernstig daarvoor te twyfel, veral as 'n mens die geskiedenis van albei in aanmerking neem. Deel van die probleem is dat die NP en die ANC se agtergrond en verkiesingservaring so skerp van mekaar verskil.

Die ANC is tot nou toe deur die apartheidstelsel ontnem van die geleentheid om aan demokratiese verkiesings deel te neem. Die ANC kon gevolglik geen ervaring in die kuns van verkiesingspolitiek opdoen nie en kon ook nie sy ondersteuners in die tradisie, die verdraagsaamheid en die dissipline van die demokratiese verkiesing skool nie.

Die ANC roem daarop dat dit by uitnemendheid 'n demokratiese beweging is. Dié demokratiese aanspraak is egter nog nie aan die strawwe toets van 'n parlementêre verkiesing blootgestel nie. Die wyse waarop die ANC vergaderings van die DP in die Skiereiland ontwig het, is alles behalwe gerusstellend.

In teenstelling met die ANC, het die NP 'n oormaat van verkiesingservaring. Telkens wanneer die NP voor onoplosbare probleme te staan gekom het, het hy sy toevlug na



verkiesingspolitiek geneem. Oor die jare het die NP vir homself die reputasie verwerf dat hy allerhande bedenklige verkiesingstruiks tot 'n twyfelagtige kuns veredel het.

GEDURENDE DIE AFGELOPE vier dekades het die NP van "krag tot krag" gegroei deur in verkiesingstyd roekeloos gebruik te maak van sy beheer oor die staatsmasjinerie, die veiligheidsmagte en 'n groot deel van die hoofstroommedia in sy ywer om alle ander blanke partye in die grond te boor.

Die NP het telkens sy beproefde ideologiese "resep" gevolg. Hy het sy teenstanders as deel van die swart-, of die buitelandse en/of die kommunistiese (rooi) GEVAAR voorgestel en geen geheim daarvan gemaak dat die party(e) wat na bewering die gevaar "beliggaam" tydens die verkiesing in "nasionale belang" verpletter moet word nie. In die maande voor die verkiesings het die NP telkens 'n "mean machine" geword wat met behulp van sy slaafse media besonder "doeltreffend" geopereer het in verdagmakers, innuendo, vreespolitiek, ontwrigtingspolitiek, skinderpolitiek, swartsmeerpolitiek, ens.

Indien die ANC (of belangrike elemente daarvan) die verkiesingspel gaan speel asof dit die laaste "veldslag" van die struggle is, gaan die verkiesing in chaotiese geweld ontaard. Die ANC sal dit by al sy ondersteuners moet tuisbring dat 'n demokratiese verkiesing 'n totaal ander soort stryd as die struggle is. 'n Mens wonder of die ANC oor die wil en die media beskik om dié boodskap na wense tuis te bring.

Dit is egter eweseer waar dat die NP dit by al sy ondersteuners sal moet tuisbring dat 'n verkiesing waaraan al Suid-Afrika se mense deelneem, 'n totaal ander soort stryd is as die "burgeroorloggies" wat periodiek in die apartheidsera tussen blanke partye uitgebreek het. Indien die NP sy gewone "mean machine" in die speelveld van die verkiesing gaan stoot met die uitdruklike bedoeling om die ANC in "nasionale belang" te breek - asof dit 'n party soos die KP, die PFP en die DP is - sal die verkiesing ook in chaotiese geweld ontaard.

Die selfversekerheid waarmee pres FW de Klerk Sondag-

aand in sy TV-onderhoud opnuut gespog het dat die NP die verkiesing gaan wen, is 'n aanduiding dat dié party nog steeds nie van sy wen-obsessie genees is nie. Dit voorspel niks goed vir die verkiesing nie.

DIE NP BESKIK BESLIS oor die mediakapasiteit om sy ondersteuners in die demokratiese tradisie op te voed. Die vraag is egter of hy oor die wil daartoe beskik. 'n Mens wonder regtig waarom De Klerk nie oor die afgelope drie jaar sy ondersteuners opgevoed het om hulle met demokratiese verdraagsaamheid voor te berei vir die dag - dalk nog voor 1999 - wanneer die NP niks meer as die amptelike opposisie sal kan wees nie?

Ons het in die land - ná 'n eeu van apartheidsongereg én buitensporige blanke bevoorregting - 'n sterk "middelgrond" nodig van onafhanklike partye wat in die beste tradisie van demokrasie en verdraagsaamheid uit hul pad sal gaan om onderlinge vertroue te bou sonder dat die betrokke partye deur statutêre voorskrifte in koalisis gedwing word. Dat al die partye wat sê 10 persent steun in die verkiesing gaan verwerf, statutêre deelname in die Uitvoerende Gesag behoort te kry gedurende die 9 of 12 maande van grondwetskrywing, spreek vanself.

Ter wille van die bou van onderlinge vertroue en van 'n demokratiese middelgrond vóór en tydens die verkiesing is dit egter wenslik (indien nie noodsaaklik nie), dat die Regering van Nasionale Eenheid wat die land sal regeer ná die grondwet deur die Grondwetgewende Vergadering aanvaar is, 'n vrywillige en nie 'n statutêre verskansde koalisie sal wees nie. Indien die NP (en ander partye wat minstens 10 persent kan behaal) vooraf weet dat hulle slegs op uitnodiging deel van die Vrywillige Koalisie (van sê 1995 tot 1999) gaan wees, sal dit 'n temperende invloed op hulle uitoeven. Dit is onontbeerlik vir 'n ordelike en beskaafde verkiesing in 1994.

DIT WIL VOORKOM of daar 'n groeiende besef in ANCKringe is dat die ANC hoegenaamd nie oor die vaardigheid en ondervinding beskik om die land te regeer sonder die samewerking van sowel die NP-georiënteerde burokrasie as die NP-georiënteerde korporatiewe sektor nie. Net so sal 'n ANC-regering dit bitter moeilik vind om te regeer as die NP-gesinde media met sy venynigen dikwels onbillike kritiek teen die ANC sou volhard. Die druk op die ANC om 'n vrywillige koalisie met die NP te vorm ter wille van doeltreffende regering, sal beslis baie groot wees. Hopelik sal dié besef ook die nodige temperende invloed tydens die verkiesing van 1994 op die ANC uitoeven.

Die "sement" wat nodig is om 'n sterk "middelgrond" te vorm en 'n Suid-Afrikaanse solidariteitsgevoel te kweek, kan nie uit onheilige alliansies en statutêre (of legalistiese) verskansde koalisis bestaan nie. Sodanige saambindende seiment kan net uit onderlinge vertroue en 'n respek vir demokratiese waardes en prosesse bestaan.

Suid-Afrika sal homself net waardig vir 'n Standhoudende Demokrasie kan bewys as hy 'n verkiesing in 'n egte demokratiese tradisie kan veg. Is ons daartoe in staat? Ek weet nie.



Ná 'n dag in die Marico het die groot wit jagter sy vangs en sy helper na die Graver se ateljee in Zeerust gebring sodat hulle op film verewig kon word. Die foto is getitel "A Good Day's Sport".

Kyk 'n slag deur gister se oë

'n Nostalgieuse reis deur die Suid-Afrika van die laat-negentiende en vroeë twintigste eeu word vasgelê in Struik-Publikasies se fotoboek *A Vision of the Past*. Sowat 370 foto's, sommige nog nooit gepubliseer nie, bied 'n sosiale geskiedenis uitgebeeld in gewone mense se alledaagse doen en late. Buiten die foto's van groot gebeurtenisse soos vloede en oorloë, wys die boek hoe die lewe in die Victoriaanse en Edwardiaanse Suid-Afrika gelyk het. *A Vision of the Past* is 'n skitterende galery met foto's van mense, families, stede en landskappe. Hoewel nie al die fotografe se name bekend is nie, verskaf Mona de Beer (Zach de Beer se vrou) en Brian Johnson Barker boeiende inligting oor elke foto en plaas hulle die beelde in konteks.



Die kinders van werknemers van die Lovedale Missionary Institution in Alice.



Dr Temple Smith, 'n Ierse dokter, besoek in die laat-negentiende eeu 'n Fingo-kraal. Hy was die distriksgeneesheer van Peddie, wat nou in die Ciskei geleë is. Die tradisionele hut-konstruksie is duidelik te sien.



Dié manne is glo konstabels in die Durbanse polisie-mag - maar dit is moeilik om te glo dat 'n amptelike organisasie die dra van krale sou toelaat. Die fotograaf se naam is nie bekend nie.

OP REIS DEUR 'N DERDE WÊRELD



FANIE OLIVIER vertel van twee reisigers in Indonesië wat op iets veel erger as die Komododraak afgekom het...

HOE 'n mens dit nou eintlik doen, kon ek nog nooit mooi verstaan nie. Maar, verseker 'n vriend in die ekonomie my, ons in Suid-Afrika gaan vra dat Derde Wêreld-status aan ons toegeken word.

Wat dit beteken, weet ek ook nie, maar in 'n heerlike boek van Mark Adams en Mark Cawardine, *Last Chance to See*, loop die nuuskierige leser allerhande derde wêreld met eksotiese en bedreigde diere raak.

Maar dis nie die diere wat die plekke so derderangs maak nie, ook nie die ekonomie nie. Die reisende skrywers van dié boek herlei dit na die vreemde soortige mense, na 'n styl wat herinner aan die oerherkoms van sekere diere.

Dis juis op reis, in ons voormalige mede-kolonie Indonesië, dat 'n stukkie opduik wat ek vandag so lospraterig wil reël met almal wat derde wêreld wil reis. Op soek na die verskriklike Komododraak, wag veel erger dinge op hulle.

The airline check-in man said that our flight from Bima to Labuan Bajo had not been confirmed by the travel agent and as a result we had no seats. He shrugged and gave us back our tickets.

We had been told that serenity was the best frame of mind with which to tackle Indonesia and we decided to try it. We tried serenely to point out that it actually said "Confirmed" on our tickets, but he explained that "Confirmed" didn't actually mean confirmed, as such, it was merely something that they wrote on tickets when people asked them to because it saved a lot of bother and made them go away.

He went away.

We stood wagging our tickets serenely at thin air. Behind the check-in desk was a window and from behind this a thin airline official with a thin moustache, a thin tie and a white shirt with thin epaulets sat smoking cigarettes and staring at us impassively through narrow wreaths of smoke. We waved our tickets at him, but he just shook his head very, very slightly.

We marched serenely over to the ticket office, where they said it was nothing to do with them, we should talk to the travel agent. A number of decreasingly serene phone calls to the travel agent in Bali simply told us that the tickets were definitely confirmed and that's all there was to it. The ticket office told us they definitely weren't, and that's all there was to it.

"What about another flight?" we asked. Maybe, they said. Maybe in a week or two.

"A week or two?" we exclaimed.

"Moment," said one of the men, took our tickets and went away with them. About ten minutes later he returned and gave them to a second man who said, "moment," and went away with them in turn. He returned fifteen minutes later, looked at us and said, "Yes? What do you want to know?" We explained the situation all over again, whereupon he nodded, said "Moment," and disappeared again. When, after a longish while had passed, we asked where he was, we were told that he had gone to visit his mother in Jakarta because he hadn't seen her in three years.

Had he taken our tickets with him, we enquired.

No, they were here somewhere, we were told, Did we want them?

Yes, we did, we explained. We were trying to get to Labuan Bajo.

This news seemed to cause considerable consternation, and within minutes everyone in the office had gone to lunch.

There was a sense of muted horror in the air as if one of us had died, but no one actually paid any attention to us for nearly an hour, so in the end we started to get angry again and were shown into the office of the director of the agency who sat us down and told us that the Indonesians were a proud race (...) that he was a very powerful man in Bali, and explained that it did not help the situation that we got angry about it.

On the other hand I couldn't help noticing that all the time we had merely smiled and nodded and laughed pleasantly when we had been laughed pleasantly at, nothing had happened and people had merely said "moment, moment" a lot and gone to Jakarta or peered at us impassively through narrow wreaths of smoke. As soon as we had geared ourselves up to get angry and stamp our feet a bit we had been instantly whisked to the office of the director who was telling us that there was no point in us getting angry.

He tried to demonstrate the uselessness of stamping our feet to us with maps. "In these areas," he said, pointing to a large wall map of half of Asia, "it works. East of this line here it doesn't work."

He explained that if you are travelling in Indonesia you should allow four or five days for anything urgent to happen. As far as our missing plane seats were concerned, he said that this sort of thing happened all the time. Often some government official or other important person would decide that he needed a seat, and, of course, someone else would then lose theirs. We asked if this was what had happened to us. He said, no, it wasn't the reason, but it was the sort of reason we should bear in mind when thinking about these problems. At this point we agreed to have the coffee.

Oor die uiteindelijke reis self? Daaroor moet u maar self gaan lees in 'n boek wat bewys dat "groen" geskifte allesbehalwe vervelig, en die derde wêreld allesbehalwe onbekend en onbeminde is.

DYKE WITHOUT A BIKE

Lesbian women seem to be much less in the public eye than gay men. In fact, in South Africa they could be said to be a faceless, voiceless group. Why is this so? Because in a man's world it's almost impossible to succeed as a woman and a lesbian, says **Gerry Davidson**, the editor of the country's only gay and lesbian publications, *Exit* and *Quarterly*. **CHRISTI VAN DER WESTHUIZEN** speaks to her about sex and religion, lesbian mothers and the nature versus nurture debate

Okay, you're a Christian - how do you bring homosexuality and Christianity together?

Well, I know there are several instances in the Old Testament where they say that homosexuality is an abomination in the eyes of God. Nowhere in the New Testament does Christ ever say anything about it. So, do we really want to take the word of a minor prophet over the word of the Son of God? You see, Christ said absolutely nothing about it. All he said was "love thy neighbour" - he loved his disciples, he loved them very much. We don't know how much he loved them... I'm treading on dangerous ground here...

Yes, you are.

But there are some books that have come out in the States and Europe looking into his relationship with John. Now I'm not saying that I buy that and I think it's irrelevant in any event. What I think is relevant is that Christ said "And God so loved man that he sent his only Son" - and he doesn't say that he only loves straight people: he loves everybody.

What about that part in Romans where Paul goes on about homosexuals?

Yes, but you know Paul... shame, you have to take into account that he had a lot of problems of his own. In the first instance he wasn't happy with sexuality at all - even heterosexuality. Paul said "Better to marry than to burn" - he wanted everyone to be celibate. Uhm... so it makes one wonder what his actual hang-ups were that he's so hysterical about sexuality. So Paul I discount totally. First of all he wasn't connected to Christ in any way. He preached, he did a helluva lot of good, he was a wonderful guy - but like most people he wasn't perfect and his hang-up was sex.

So you're the mother of two children?

No, three. None of them are married - maybe because I've always said I don't think marriage is a good idea. And I've said this to my kids over and over again - I don't think marriage is a good idea.

Why is that?

Maybe because it didn't work for me. I believe in commitment. Sexual faithfulness is very important to me. But I do believe that to try to make one person everything in your life... which marriage forces two people to do... I've been married twice and neither of my marriages worked. My first husband was a difficult person. My second husband was an absolute darling - he was absolutely the best man I've ever met in my life but it couldn't work because I don't like being tied down in the house. Okay, look, in an ideal world marriage works... in the straight world the whole of society makes an investment in the marriage whereas in a homosexual relationship there's no investment - in fact, the investment is in breaking it up. They want people to follow the norm.

What do you mean by investment?

A societal investment, you see. Because the family is the basis of a healthy society - so we've been taught... I'm not sure if I believe that or not. I would say that healthy relationships between parents and children are the basis of a healthy society. But, especially in South Africa, there's a long history of Calvinism and patriarchy - serious patriarchy in both the white and black communities. Society as a whole has an investment in the family unit as perpetuating a particular type of ideology.

Is it true that gay people are very promiscuous - especially gay men?

No, no. Men are promiscuous. Heterosexual or homosexual. Men are validated by their penises. Men are biologically programmed to fuck as many people as possible. And women are programmed to build a nest and rear children.

Do you think gay people need role models?

Desperately. That's why I put myself out every time I possibly can because I look normal-ish and behave normal-ishly [she laughs]. And they can see here's this middle-aged woman, she's normal-look-



Gerry Davidson: Editor, mother, lesbian

Pic: SALLY SHORKEND

ing, she's got kids - she DARES to be a role model.

Don't you think that would encourage people who are straight to experiment with gay sex? That it would give the impression that gayness is acceptable?

[She laughs] Uhm, ja. That's one of the favourite old myths. What can I say? Look, people will experiment. When you reach the forty mark and think life is passing you by, you experiment; when you're a teenager you experiment. But I cannot imagine in my wildest dreams why anyone would choose to be gay who is not inherently gay because it's an extremely difficult life. You may experiment, but it will certainly not turn you gay for life! [She laughs.] That's rubbish.

What do you think of the outing campaign they've had in America and Australia?

Desperate stuff. I think it's really really wrong. Okay, maybe maybe maybe - about twenty-six maybes - some people deserve to be outed, like J Edgar Hoover, for instance, and senator McCarthy. Those people who were so anti-gay in their public lives and actually were practising homosexuals. But, I think, no good has been done the gay cause by that cam-

paign. It hasn't changed one single iota of legislation, my dear. I wouldn't dream of doing it.

You've heard the rumours about Cindy Crawford and Richard Gere - gay people may argue that by outing these people you can create role models.

Why would one want someone who is unwilling? It has to be someone who wants to, who is proud of being gay.

Are lesbians responding to the Quarterly?

There are thousands and thousands of them out there and they all move around in little cliques of about ten to thirty people. And the cliques very seldom overlap. I'm in touch with about five cliques, because of my position and visibility. It's a very small number when you consider the potential lesbian market, which is huge. I have now got a thousand subscribers and I only started in September.

Gay women have a very low profile compared to gay men. Do you think there are less lesbians than gay men?

I'm sure there are just as many, but the thing is, first of all, to succeed in a man's world is extremely difficult. To succeed as a woman and a lesbian is impossible. Except if you work for yourself or if you

work in a particularly open environment. But even then you have to make damn sure that you don't get sidelined quietly, don't get promoted. It's not that they actually fire you or openly discriminate against you but they don't give you the opportunities.

Legislation conspicuously ignores lesbianism - is it because of the Queen Victoria thing [Queen Victoria believed that lesbianism does not exist and it was therefore not mentioned in anti-gay legislation in Britain]?

Yes. Women are viewed as irrelevant. And so surely what they do in bed is also irrelevant - unless they do it with a man. Women are empowered by their partners - their male partners.

What do you think of the debate nature versus nurture? What causes homosexuality?

Well, gosh, if I had the answer I'd be a rich lady! No one knows the answer to that. I think it's nature. But let me qualify that a bit because that's a bit simplistic. When you look at the gay community you have a whole range... if you had a continuum: at the one end you'd have your very butch girl and at the other end you'd have the very femme man. When you move along this continuum from the very butch girl to the less butch girl to less to less... in the centre you'll have the very feminine woman and the very butch man and as you move out again you'll have your very feminine man. And they are all homosexual. I think that on the outer ends of the continuum you'll get your definite genetic patterns, chromosomal patterns - people who don't have a hope in hell to be

they got, maybe they didn't like the stick all together! The older you are - if you're my age... homosexuality is not a choice for me.

In America Dr Simon LeVay compared the sizes of the hypothalamus in the brains of homosexual male cadavers to heterosexual male and female cadavers and found the hypothalamus to be smaller in the homosexual cadavers. Lesbians weren't included in the study.

What are your thoughts on this? That's typical: lesbians being ignored completely. It's interesting but it carries some dangers with it of having homosexuality again classified as a medical condition. One must be very careful that you don't drift into that... then they'll try again... okay, you've got a medical condition, we'll CURE you. People also like to say that homosexuality is brought about by a domineering mother and an absent father.

And what do you think?

It's like saying that all children that come from broken homes are disturbed. That's a generalisation. I do see it, though, but I don't think I see a large enough sample for it to be valid. Statistically valid.

How can gay issues be placed on the national political agenda?

We have to unify the gay vote, and until we do that, we are definitely going to be sidelined. We are going to find ourselves non-players once again in the political arena.

Like women.

Like women. But at least the Women's

WOMEN ARE VIEWED AS IRRELEVANT. AND SO SURELY WHAT THEY DO IN BED IS ALSO IRRELEVANT

anything other than homosexual. As you move closer in they are still certainly going to always fall in love with their own sex but some choose to pass as straights - like in the old days coloureds used to pass as whites. And then, I think, right in the very centre where you get your completely butch man and very very femme woman, you get perhaps something there as well as... okay, a softer chromosomal pattern, you get there's something in the nurture that triggers it off. It's simplistic to say it's one or the other. It's a combination of the two. Most women have slept with men. It's not because of a lack of choice, you see. They sleep with a guy and they don't like it - some of them take longer to realise that they don't like it. Two of my very good friends have never slept with men and they wouldn't dream of it. I think maybe it's an age thing: the older lesbians have all slept with men, the younger ones don't.

Sally Shorkend chips in: Do you think it's just to find out if they're missing something or if they've got the right end of the stick sort of thing?

The stick? [We all laugh.] Come on, Sally - that was wonderful, darling! Yes, perhaps they didn't like the end of the stick

Forum is getting a move going. What is it? Not the Women's Forum. Uhm... but where are the lesbians? They've got Indian women, they've got black women, they've got housewives... they should have lesbians. We are an oppressed minority - you actually need to identify yourself. Even though initially that makes you apart from the mainstream. You have to strengthen yourself and make yourself visible before you push into the mainstream.

What about lesbian mothers? Do you think they can influence children to become gay?

[She laughs.] No, no. What nonsense! It takes heterosexual parents to make a lesbian. Look, homosexuality does run in families, but I don't think lesbian mothers make lesbian children - I think heterosexual mothers make lesbian children [we laugh]. My children and I have a good relationship - I have always believed in letting them know exactly what I was doing. Nobody should get excited about what you're doing in bed - as long as you behave like an ethical person in life... and in bed, obviously. The sex of your partner is irrelevant but it's how you conduct a relationship.

briewe



Jaap Marais... die koeël was deur die kerk

HERTZOG SE VOORBEELD JAAP MARAIS, LEIER VAN DIE HERSTIGTE NASIONALE PARTY, VAN PRETORIA SKRYF:

My aandag is gevestig op die lesenswaardige artikel oor Martie Hertzog (VWB 5 - 11 Februarie 1993).

Oor die enkele verwysings na my en my verhouding met dr Albert Hertzog val die een en ander te sê.

Dit is nie juis dat ek dr Hertzog "as leier uitgestoot het" nie. Dié geskiedenis het ek al in die openbaar behandel, maar daar bestaan blykbaar nog misvattinge oor dié saak.

Met dr Hertzog se uittrede as leier het ek niks regstreeks te doen gehad nie. Op 'n vergadering van die HNP se Beplanningskomitee in April 1977, het Gert Beetge uit die bloute die gedagte geopper dat dr Hertzog moet oorweeg om die leierskap neer te lê. Hy is ondersteun deur Willie Marais en Louis Stofberg.

Dié optrede was blykbaar vooraf afgespreek, en die bespreking het sowel my as dr Hertzog onverhoeds betrap. Terwyl ek nog besig was om toetreding tot dié delikate bespreking te oorweeg, het dr Hertzog self toegetree en aangedui dat hy uittrede ernstig sou oorweeg.

Ek het daarna die saak met Gert Beetge bespreek en dit aan hom gestel dat ek nie dink die optrede was reg nie. My gedagte was dat dr Hertzog gevra moes word om te bly as leier. Beetge se standpunt was dat dit vir hom en die ander betrokke lede van die Beplanningskomitee 'n onhoudbare toestand sou skep, omdat dr Hertzog rede sou hê om hulle skeptiese te begeen, indien nie te wantrou nie. In dié omstandighede het ek teënsinnig aanvaar dat die koeël deur die kerk was.

In latere ontwikkelings het dr Hertzog moontlik uit 'n begryplike gevoel van verontregting, stappe gedoen wat by die HNP die indruk van teenkanting geskep het en by die behandeling daarvan het groter verwydering plaasgevind.

Ek het by meer as een vroeëre geleentheid, toe opposisie in die HNP teen dr Hertzog wou ontwikkel tot aantasting van sy leierskap, dit teëgestaan en my lojaliteit aan hom betuig. Ek sou nooit enige stap gedoen

het om dr Hertzog as leier "uit te stoot" nie.

Vir dr Hertzog se intellektuele begaafdheid, politieke insig, onvermoerbare werkdadigheid en algehele toegewydheid aan sy volk het ek die hoogste waardering gehad. Hy het 'n voorbeeld gestel van die voortrefflikste hoedanighede wat in die openbare lewe vereis word - trou, eer, waarheid en wellewendheid. Daarby was hy 'n hoogs verfynde Afrikaner wat in enige geselskap gedistingeerd sou wees. Hy het 'n karakteradel verteenwoordig wat vreemd is aan die Nasionale Party wat ná hom ontwikkel het.

A TISSUE OF LIES RONNIE KASRILS OF JOHANNESBURG WRITES:

Mwezi Twala dismisses my refutation of allegations in the Douglas Report that I incarcerated 14 men in a basement at Quibaxe camp as "flimsy and unimportant in the whole indictment of the ANC's human rights record" (VWB Briewe 5 - 11 February 1993).

Twala writes a very strange letter indeed. The entire subject matter of the article ("Kasrils het ons g'n gemartel nie", VWB 29 Jan - 4 Feb 1993) that has prompted his response constitutes a rejection of the allegation made against me in the Douglas Report by two of my so-called victims and the man who was the chief of staff at Quibaxe camp at the time.

Yet in his letter Twala studiously ignores their testimony. It is obvious that he is totally disinterested in what they have to say because it does not suit his questionable interests. It is perfectly clear that the only returned exiles that are of any interest or use to Twala and his Committee are those who are prepared to sling mud at the ANC.

It is odd that someone purporting to be concerned about individual human rights should be so dismissive of events surrounding a specific allegation. The reason is obvious. All those concerned with projecting the Douglas Report as a fair and credible enquiry into the conditions of ANC detainees have retreated on the issue of the Quibaxe allegation because I have been able to provide data, detail and witnesses, including some of my so-called victims, which irrefutably proves that the allegations against me is nothing but a tissue of lies.

The ANC is interested in uncovering the truth. It has accepted that there were abuses in some camps and details have been made public through the report of the commission appointed. A further investigation is being undertaken by the ANC, involving reputable international figures, which will look into the accountability of all concerned. I, for one, welcome the findings of that commission.

I have defended myself against a specific and malicious allegation concerning me personally. The question of knowledge of the conditions ANC detainees were subject to and the issue of "joint responsibility" is to be decided on in a more legally sound manner than the discredited Douglas inquiry.

WEES BEDAG EN RUSTIG BEN COETZEE VAN ROEDEKRANS, JOHANNESBURG SKRYF:

Ek gun mede-motoriste verlossing van die minibuspyn. Wat vir my werk, is die gedagte aan die hoeveelheid eenmensmotors, soos myne, wat dit sou verg om 'n minibus stampvol pendelaars te vervang. Minibusse hoef nie voor my in te druk nie. Ek maak vir hulle plek. Wanneer hulle stilhou, waar ook al, is ek bedag daarop en wag rustig.

MINISTERS KAN GAAN WERK KOOS KOMBUIS VAN KAAPSTAD SKRYF:

Ek wil graag hiermee aankondig dat ek weier om inkomstebelasting te betaal as dit in die sakke gaan beland van uittredende kabinetsministers.

Dit is nie nodig om geld te steel van mense wat reeds te veel van hulle inkomste moes afstaan vir die duistere werkinge van korrupte en onbeholpe staatsdepartemente nie.

Die betrokke ministers kan eerbare werk kry soos die res van ons.

WAARDELOSE RAND JM SMALBERGER VAN GEORGE SKRYF:

In 1980 was een Rand gelyk aan 130 Amerikaanse sent, nou is dit 32. Die Finansiële Rand, wat nader aan die werklike waarde is, is 21 sent werd.

Sedert 1984 het die Rand viervoudig verminder in waarde teenoor die geldeenhede van Duitsland, Japan, Switserland, België, Oostenryk, ens. Die Finansiële Rand is nog 33 persent minder werd.

Ons sit met 'n beleid van 'n negatiewe groei koers vir jare.

Watter swart state in Afrika het swakker gevaar as die Afrikaners wat ons geldsake in die geheim bedryf, en grootskaalse armoede, werkloosheid en bankrotenskap veroorsaak het?

ONS IS HIER KARIEN ERASMUS VAN HILLBROW SKRYF:

Waar is die nuwe geslag skrywers, die ver-nuwers waarvan NP van Wyk Louw in Wind-roos praat? (Koos Prinsloo? Nee a, hy is al lank op die scene en het reeds deeglik en tot vervelens toe bewys dat kontroversiële dag-boekies maklik verkoop aan literatore en die sensasiesoekende volk.)

Ons is hier, maar vertrap en verstoot deur grootkoppe wat besluit het dat Afrikaans nou 'n "vriendelike, toeganklike" taal moet word, 'n taal wat bemerkbaar is, en gevolglik 'n taal met mediocre, middle of the road, onindrukwekkende literatuur (en dis nou vandag se "meesterwerke" waarna ek verwys). As verdrukke vra ek wêre vir die winsjagters: sien tog in dat literêre meriete nie van gewildheid (sensasie, wins, toeganklikheid) afhang nie. En help ons asseblief voor jul gierigheid die hele Afrikaanse literatuur diskrediteer.

ONVERDRAAGSAME LIBERTYN KAAPSE DRAAI, GLO VAN CALVINIA, SKRYF:

Die Engel Gabriël sal selfs nie vir Libertyn kan laat glimlag nie. Ai tog, as 'n mens soveel bittergekkigheid kwytmaak soos wat hy in sy rubriek kwytgeraak het oor Skryfateeljee, 'n publikasie vir skrywers, uitgegee deur Van Schaik en 'n inisiatief van die ATKV-skryfskool te Potchefstroom, dan lei 'n mens seker maar 'n suur lewe.

'n Mens is egter meer ontsteld, strydig met die naam Libertyn, oor die onverdraagsaamheid wat uit sy rubriek spreek. Op sy minste is die voortdurende bitterbekrant vervelig.

Libertyn behoort waarskynlik tot die bevoorregtes wat vir 'n tydperk van sy akademiese opleiding onder Nederlandse leermeesters mog werk. Dalk was hy in Utrecht onder leiding van skerp akademiци wat geen goeie woord gehad het vir middelmatigheid nie. Hy ken die opset van studentebesprekings, die vlymskerp debatte, waarby 'n medestudent se aangebode werk tot in die besonderhede ontleed en uitmekaar geskeur is. By meer as een geleentheid het dié leermeesters die kritici egter tot orde en tot volwassenheid geroep en gesê dat ook die goeie aspekte van 'n bepaalde stuk aandag verdien. Daardie tweede aspek van 'n bespreking moes altyd aan Libertyn verbygegaan het - onnosselheid of Afrikanerhardkoppigheid, onvolwassenheid!

As ek Libertyn reg opsom, dan kom daar vanuit sy posisie weinig inisiatiewe tot stand. Hy sit vanuit 'n bestofde hoekie en gal braak, maar self iets tot stand bring wat die moeite werd is en wat wyer beweeg as sy eie eng akademiese kring behoort nie tot die terrein van sy beperkte moontlikhede nie.

Sou hy opsetlik misgekyk het dat Skryfateeljee veel wyer gaan as DJ Opperman se lees/skryf-laboratorium? Die eenhede is nie vergelykbaar nie. Uit die pen van die deelnemers aan skryfskool op Potchefstroom het tientalle, ja enkele honderdtalle triviale verhale in Afrikaans verskyn en dit met aanspooring van lesings en praatjies wat opgeneem is in Skryfateeljee.

Dis dalk tog iets om oor huis toe te skryf! Ek vra weer: Wat het Libertyn al in sy eie hermelse kring tot stand gebring? Ek kry sy studente jammer wat met soveel gal gevoed moet word. Libertyn, kom by! Ons is op pad na 'n ander Suid-Afrika waarin gesonde kritiek naas verdraagsaamheid en weder-sydse waardering wagwoorde moet wees. As jy jou eng, konserwatiewe, eensydige trant wil handhaaf, vra ek jou mooi om tog jou skuilnaam te verander na iets soos Jan Salie Bitterbek!


Briewe korter as 300

woorde geniet voorkeur.

Rig briewe aan:

Die Brieweredakteur VWB

Posbus 177 Newtown 2113



Acacia nilotica subsp. *kraussiana* (Uit: *Trees and Shrubs of the Witwatersrand* van die Tree Society, 1974)

Deesdae steel hulle nie net jou motor onder jou gat uit nie, hulle steel selfs jou bome. 'n Vriend het onlangs 'n dosyn of wat bome op sy erf in Kensington geplant, met 'n groterige enkeldoring (*Acacia robusta*) op die hoek van sy grensdraadlose eiendom. Ekologies korrek of te nie, die volgende oggend was die enkeldoring uitgespit en skoonveld.

Nou weet ek nie of daar 'n groot mark vir enkeldorings is nie, maar net om veilig te wees dink ek dis miskien veiliger om 'n lekkerruikpeul (*A. nilotica*) te plant: geen lekkerruikpeuldiefstalle is nog onder my aandag gebring nie. Dit is 'n semi-geharde, bladwisselende boom met 'n plat kroon, of 'n groterige struik met 'n sambreëlvormige of ronde kroon. Hulle word enigiets van vier tot tien meter hoog, maar op die Hoëveld moet 'n mens nie meer as vier verwag nie.

Die gepaarde reguit of effens geboë dorings is blou- of witbruin met wit punte. Die blare is liggroen, veeragtig en saamgebondel aan die groei-punte. Die welriekende geel blomme word in saamgestelde blomhofies gedra (September tot April). Die vrug is 'n peul van 8 tot 17 cm lank, groen en vleesig wanneer jonk, maar bruin en houtagtig, amper soos 'n kralesnoer, wanneer ryp. Die harpuitagtig soms vrugtige reuk van die peule het aanleiding gegee tot uiteenlopende volksname: van lekkerruikpeul tot stinkpeul, maar 'n mens hoor nie meer laasgenoemde nie. Dié peule bly lank aan die bome hang en koedoes en beeste smul graag daaraan. Die boom se gom is ook 'n lekkerny.

Dié spesie *A. nilotica* word in sewe subspesies verdeel, maar net een hiervan - subsp. *kraussiana* - kom suid van die Zambesi voor.

Die hout is rooi en hard en word as vuurmaakhout en grenspale gebruik. Die bas is grof en donkerbruin en die Zoeloes gebruik 'n treksel daarvan as hoësmiddel en vir borskwale. Die Voortrekkers het glo ink van die peule gemaak, maar ek kan nêrens opspoor hoe nie.

Dié bome kan ondeurdringbare ruigte vorm ten koste van ander natuurlike plantspesies, veral waar die veld oorbeweë en verwaarloos is. Maar jou tuin is mos nie oorbeweë nie en jy kan gerus 'n paar van die pragtige bome plant. - RYK HATTINGH

JEAN-ANTHELME, SY TWEE LUI SISTERS en bellay se kaasfondue

NOU die aand toe die maan vol, opaablou en so groot soos 'n sopbord agter die berg verskyn, soek ek weer iets om te lees wat by die lekker mal én malse gevoel van die volmaan pas.

Amper dadelik kry ek hom: *La Physiologie du Goût* van Brillat-Savarin, in Engels uitgegee as *The Philosopher in the Kitchen*, 'n wonderlik vermaaklike, kamma-ernstige boek wat die begaafde Franse gentilhomme in 1825 geskryf het. Toe gaan lees ek maar oor die man self, wat een van daardie sonderlinge wesens was wat jy wens jy geken het.

Jean-Anthelme Brillat-Savarin is in Belley, 'n klein markdorp in die provinsie Bresse gebore, waar hulle baie lief is vir kaas - Bresse is reg op die Switserse grens. Hy was 'n advokaat en regter, 'n uitvinder (nogal van sproei vir parfuum!), 'n student van medisyne en kos. Sy boek is nie 'n kookboek nie, hoewel hy los aanwysings gee, maar dis duidelik deur 'n gourmet, nie 'n kok geskryf. Hy was 'n kenner van die meeste lewende en dooie tale van Europa en het op die ouderdom van 20 aan die universiteit van Dijon begin klas gee.

In sy dertigerjare breek die Revolusie uit en synde lid van die regslui van die Ancien Régime én burgemeester van Belley, was Anthelme skigtig vir die guillotine, en wyk uit na New York, waar hy vele avonture beleef het en vioolspeler in 'n teaterorke was. Terug in Frankryk in 1796 het hy weer regter geword en dikwels sy kollegas vies gemaak deur veerwild wat hy geskiet het, tydens hofsessies in sy sakke rond te dra om ryp te word.

BRILLAT-SAVARIN HET 'n lekker gek familie gehad. In sy plaashuis naby Belley het sy twee susters gewoon, oujongnooiens bygenaamd La Marion en La Padon. Hulle het die kuns van luigeit tot sy hoogste graad gevoeren tien maande van die jaar in die bed deurgebring. Twee dae voor hul broer se jaarlikse vakansie het hulle opgestaan en die huis netjies gemaak. By sy vertrek terug na Parys het hulle hom styf vasgedruk, en gehuil: "Adieu, Anthelme, sien jou volgende jaar! Ons gaan nou bed toe!"

Brillat-Savarin se derde suster, Pierrette, was 'n platjie. Op haar bruilof was die vernaamste gas monseigneur Gabriel de Cortois de Quincy, die biskop. Dit was 'n vrolike geleentheid, nog vroliker gemaak deur die bruid wat die skurfste grappe denkbaar as antwoord op haar heildronk vertel het. Haar ma het die pamant twee taai klappe gegee - nogal voor die biskop. Dit het Pierrette min gepla: sy het 99 jaar en tien maande oud geword, en toe een dag tydens ete aan die bediende geskree: "Bring my nagereg, ek gaan die gees gee!" Maar hulle was te laat, skryf Anthelme se biograaf, en "Pierrette het vertrek om haar koffie in die ander wêreld te gaan drink."

Ondanks al sy vaardighede was Brillat-Savarin 'n nederige mens en 'n sjarmante gas en gasheer. Onthou, dis hy wat gesê het solank iemand onder jou dak vertoef, is jy vir sy of haar geluk verantwoordelik. Hy was 'n besonder lang man - sy naam was die Tamboer-majoor van die Appêlhof. Hy was 'n neef van die beeldskone salonnière madame Récamier, so

lieflik deur Louis David geskilder waar sy op haar dagbed lê.

Een maand na Anthelme se boek verskyn het - hy het dit hoofsaaklik op die regsbank geskryf, wat my laat dink dat sy uitsprake soms soos dié van party van ons eie regters moes gewees het - is hy aan longontsteking dood. Sy uitgewer het aangebied om die regte van die boek by sy broer te koop en het só een van die wêreld se wonderlikste boeke oor die gastronomie vir 'n appel en 'n ei bekom.

HY WAS BEKEND vir sy oulike gesegdes. Hier is 'n paar wat jy by dinner parties kan uithaal:

- Die lot van nasies hang af van hoe hulle eet.
- Die Skepper, wat die mens geskape het sodat ons moet eet om te kan leef, het ons 'n eetlus gegee, en beloon ons met die plesier van kos.
- Dronkaards en dié wat ly aan slegte spysvertering weet nie hoe om te eet of te drink nie.
- Die onmisbaarste eienskap van 'n kok is stiptheid; ook van 'n goeie gas.
- Daar is geen meer sjarmante gesig as 'n mooi jong gourmande aan tafel nie: haar servet is netjies gevou, een hand rus op die tafel, die ander neem elegante stukkie kos of die vlerkie van 'n patrys na haar mond; haar oë blink, haar lippe is nat en haar bewegings grasiuus; en boonop is sy koket, soos alle vroue. Met sulke voordele is sy onweerstaanbaar, en selfs Cato die Sensor sal nie ongeroer na haar kan kyk nie.

Die laaste paragraaf bewys vir my dat Brillat-Savarin waarskynlik erotika beskryf het. Vier essays oor die liefde is gepubliseer, maar in die boek wat ek nou oor hom lees, sê hulle sy ander manuskripte is nog nooit gesien nie. "They were written with a Gallic frankness which might be misunderstood." I'm sure, en dit klink soos heerlike leesstof.

Blykbaar laat sy nasate nie toe dat enigiemand die werk te sien kry nie. Hy het die essays na ete vir sy gaste oor koffie en likeur hardop voorgelees - verbeel jou!

Hier is een van Brillat-Savarin se gunsteling-geregte, eksentriek geskryf, maar dit werk as jy kophou. Dis meer roereiers as fondue, maar baie lekker.

FONDUE DE BELLEY

Weeg die aantal eiers wat jy wil gebruik en hou Gruyère-kaas van een derde daardie gewig en botter een sesde van die gewig byderhand. (Ag wat, 'n groot klont botter en 'n handvol kaas by ses eiers sal doen.) Klits die wit en dooiers van die eiers apart, en vou dan bymekaar. Voeg 'n knippie sout en die botter stukkie vir stukkie by, ook truffels, as jy het. Ja, thanks.

Verhit een koppie vleissous wat oorgebly het van Sondag se braaiboud in 'n dubbelkastrol. Voeg die gerasperde kaas by, en klits dan die eier by oor 'n baie lae hitte tot die fondue romerig is. Oppas vir skif. Voeg nou 'n klontjie botter en peper by. Maak baie driehoekies toast om in die fondue te doop.

By dié fondue, Anthelme, sou ek La Motte se voortreflike Sauvignon Blanc voorsit. En nou gaan ek bed toe - ek wens dit was vir tien maande lank.

HOW LOW CAN YOU GO?
OUR FRESH PRODUCE COMES FROM BELOW **C-LEVEL**
Sfuzy's
SEAFOOD RESTAURANT
Seekosrestaurant
MILPARK
TEL 7265803 / 7268406

FIKSIE BON APPÉTIT DEUR ANGELA BRECHT

DIE een na die ander stap die vroue by die deur van L'École de la Cuisine Claire in... verby die skraal, blonde man met die skinkbord glasies vol konjak, netjies gebalanseer op die een handpalm, en 'n pak lêers met aantekeningpapier, penne en pannekoekresepte in die ander.

Die lokaal is verdeel in twee helftes: die een waar die kursusgangers sit, met drie rye tafels en stoele, en die helfte waar die demonstrasiekombuis ingerig is. 'n Werkeenheid waarvan die tafelblad met wit marmer bedek is, skei die twee. Reg bokant die tafel, teen die plafon, is 'n spieël met 'n skuins oppervlak sodat die kursusgangers in die middel- en agterste rye die kookdemonstrasie daarin kan dophou.

Die blonde man gaan skuif heel agter op 'n stoel in toe al die vroue, elk bewapen met 'n konjakglasie en lêer, hulle netjies op hul ronde pap boude reggewikkel het en wag dat Claire se pannekoekkursus begin.

Claire buk oor die glasmengbak (sy gebruik net glasbakke, sodat almal die bestanddele en beslag duidelik kan sien). Die driespoed Arouser-vibrator in haar slanke hand, higiënies omspan deur 'n roomgeel chirurgiese handskoen van Latex, wrr-woerr-sjrr, zap-zap, op topspoed deur die koekmeelblom, eiergeel, melk, sonneblomolie en knippie sout. Dit word in 'n kits tot 'n skuimerige roomgeel mengsel geklits.

'n Wit haarband hou Claire se welige bos swart kophare netjies uit haar gesig. Sy dra 'n chirurgiese masker. Claire waag geen kans met kieme nie, nee, g'n bakterie het 'n kat se kans om dié dame 'n streep te trek nie.

Sy het net 'n kraakwit halflyf-voorskoot van Switserse katoen aan; die strik wip lig soos 'n vlinder agter in die middel van haar rug; die punte raak-raak aan haar boude op maat van die Arouser wat sy nou na spoed no. 1 oorskakel. Claire is 'n perfeksonis, veral as dit by klits kom. Van haar rits resepte-boeke is *How to Make and Break Gingerbread-men* 'n topverkoper by die CNA, Exclusive's en Paperbacks; en haar cuisine-reeks Woensdae op ontbyt-TV hou die huisvrou vasgenaël, terwyl die beroepsusters vroegoggend voor werk die knoppies van die video-opnemer instel. Claire ken haar mark op die punte van haar vingers; sy is die beste en sy sorg dat sy dit bly.

Die kursusgangers se oë kleef vasgenaël op haar ritmiese bewegings, die Arouser se woerr-sjrr, zap-zap, al in die rondte, nou die hart van die beslag, dan weer teen die wande van die glasbak. Die middelste en agterste rye vroue wikkel hul boude diep in hul stoele in, die nekke agteroor gekantel soos hulle haar in die spieël dophou; die voorste rye skuif soos een man tot op die punte van die stoele en leun vooroor om beter te kan sien.

Claire kyk op in die spieël bokant haar, skakel die Arouser af en plaas dit op die marmerblad neer, druk haar Latex-bedeekte wysvinger in die skuimerige, roomgeel beslag om die konsistensie te toets, trek dan trots 'n streep van haar een stywe tepelpunt na die ander. "Ladies, skin firmness and tone are essential for an attractively contoured bust. Try a product like Clarins Bust Firming Gel with plant extracts, marine biological complex, extracts of ginseng, ginko biloba, centella asiatica and vitamins A, E and B to improve skin texture, and resilient appearance of a slackened bust. Use it in combination with the Bust Beauty Lotion, which strengthens and firms the epidermis of the décolleté, as well as one of the Clarins Plant Milks suited for your specific breast type.

Claire laat rus haar Latex-handpalms liefdevol op haar seepgladde boude. "Ladies, stay clear of over-eating; unbalanced diets which lack protein; crash diets; sporadic dieting; skipping meals - especially breakfast; sugar, fat and carbonated drinks; stress; lack of sexual activity; wearing bras or panties that are too tight. Today, cellulite is the overriding beauty concern of women... unsightly, localised excess fat, especially around the pelvic area - buttocks, hips and abdomen. Choose one of the various anti-cellulite treatments like Clarins Body Shaping Gel Concentrate, a triple-acting gel with red and blue bio-microspheres; Lancôme Sculpturale Anti-Cellulite, the result of years of scientific research by the Lancôme laborato-

ries; or Elancyl MP24 Body Profiling Concentrate. This pleasant gel contains slow release micro-particles to provide continuous treatment during the entire day.

"You could also try one of the various self-massage appliances, like Celly, with as many as 47 vibrating micro-fingers which ensure a deep and constant penetrating action deep under the skin to disperse cellulite, the Elancyl Compact Massage System or Clarins Multi-Mass, a complete self-massage appliance.

Massage encourage good circulation and help the elimination of the toxins and excess fluid which contribute to cellulite formation."

Claire onderbreek haar lesing om die res van die bestanddele by die pannekoekbeslag te voeg. Dit is in drie glasbakkies - 7,5 ml konjak; 'n styfgeklopte eierwit; 'n paar gekapte okkemeute.

Sy steek 'n wurk in 'n vooraf gehalveerde rou aartappel, druk die snykant van die aartappel in 'n bakkie met sonneblomolie en verf 'n swaarboompan in die vorm van 'n man liggies daarmee uit. Sy kantel die pan skuins, laat gly die mengsel stadig in. Sjj-shh sis die blonde, rou pannekoekman. Wanneer die deeg effens verbruin, flap sy hom behendig woerts-warts om, en keer hom na 'n minuut of wat uit in 'n wit Arzberg-bord.

DIE VOLGENDE STAP is die gamering. In 'n glasbakkie lê 'n vooraf verglanste oranje Woolworths-jongworteltjie op 'n bed van fyngekte donkergroen pietersielie. Die kursusgangers skuifel nou onrustig rond, rek hul nekke om niks te mis nie.

Claire plant die worteltjie mooi netjies in die middel tussen die dye van die pannekoekman wat wydsbeen op die bord lê, sodat dit half regop, half skuins wys. Dan rangskik sy die pietersielie soos 'n stralekransie rondom, en kyk tevrede op in die spieël om die eindresultaat te bewonder. Sy lek liggies met die punt van haar tong oor haar rooi lippe onder die masker.

"Ladies, always include adequate vitamins C, E and beta-carotene, your free youth-elixir from Mother Nature, in your diet as they provide an important defense against free-radicals and can predispose the body to cancer and heart diseases. Parsley and carrots are excellent sources."

Sy knoop die chirurgiese masker agter los, gaan sit wydsbeen op 'n hoë stoeltjie, steek 'n wurk in die worteltjie, vou haar klam lippe om die verglanste koppie en knibbel dit liggies met haar voortande af, hap dan die stammetjie. Sy knyp die pietersielie tussen haar wysvinger en duim vas en steek dit in haar mond. Versadig en verveeld stoot sy die bord van haar af weg en krap die pannekoekman met die wurk in die asblik agter haar.

Een van die vroue steek haar hand op. "Claire, why don't you eat the rest of the pancake man... like its brain or anything else?"

"What do you mean, lady, I have eaten its brain... it's that orange thing loaded with vitamin C and beta-carotene between its legs. It feeds a woman's body, it beautifies, it provides mental and physical stimulation. The pancake man doesn't possess anything else... at least, something that is worth your while."

Haar stem klink ongeduldig, effens minagtend. Dom vroue, dink sy. Dom, dik, vaal, verlep. Dis altyd die soort wat wil staan en lesse neem. Claire haal haar voorskoot af, vou dit netjies op, stroop dan die Latex-handskoene af.

"Ladies, a last tip for precaution, always rub your hands in with spermicidal jelly before you put on your latex gloves to protect the skin. Use a product with Nonoxynol-9 as it inactivates certain bacteria and viruses responsible for that Deadly Botulism. Unless you want to kill your source of nourishment, of course.

"Oh yes, oh yes, very important... use free-range eggs. They are ozone-friendly and provide the best culinary results."

Die demonstrasie is verby, die vroue plaas hul penne met 'n sug in hul handsakke, tas rond na motorsleutels. Dit is net die blonde man heel agter wat opmerk hoe Claire se liggaam stadig half deurskynend word, 'n peristaltiese golf die fyng-

koude jongwortel en pietersielie al langs die kronkelgange van haar spysverteringskanaal meesleur, na die maag waar die maagsappe daarmee meng en die halfverteerde voedsel in die duodenum voer.

In haar dunderm verander die peristalse na 'n stadige heen-en-weer karringbeweging terwyl die selvernuwende vitamene C, E en betakaroteen geabsorbeer word. Dit kring uit na die grootderm, 'n sterk volgehoue golf speel oor die dikderm en dwing die inhoud in die rektum.

Claire se vel gloei jeugdig, die fyn plooitjies om haar oë en mond en die ligte frons tussen haar donker wenkbroue word stadig uitgestryk.

CLAUS RUK KLAMGESWEET wakker tussen die neutvars wit lakens van Switserse katoen op die koningsgrootte dubbelbed in Claire se en suite-slaapkamer. Sy blik val op die vrou met die swart hare waar sy in die badkamer op die toilet sit, haar hande ouder gewoonte as buffer teen kieme onder haar boude op die sitplek. Sy sug verlig.

"Ek het die snaaksste droom gehad - van jou wat 'n kookskool het en 'n pannekoekdemonstrasie aan 'n spul vroue lewer... en op die ou end in elk geval die pannekoek in die asblik uitkrap."

"Shit, skat, pannekoek van alle dinge - as ek honger het, eet ek 'n man, want dit maak nie vet nie, net mooi - of dood." Sy gee 'n ligte kreun, haar rug trek effens hol; kom dan boude in die lug gebukkende orent, seker 'n lang reep van die ongekleurde, hergesirkuleerde toilet papier af en frommel dit in 'n bondel waarmee sy haar van voor na agter afvee.

Claire buk wydsbeen oor die bad, draai die handsproeier volsterkte oop, woel eers haar bos swart hare met haar vingers oop en mik dan die kop al langs haar labia, op haar klitoris.

Sy was haar hande met Gill, draai die sproeier toe, neem die bottel Citrosoda tussen die ritse Clarins- en Clinique-velopkickers op die wit trollie en gooi 'n doppievol in 'n glas water. Claire het 'n trek tot sistitis, en hou haar suurkalkibalans fyn dop.

Sy kom vly haar glas in die hand langs Claus neer, haar blik op die muur-tot-muur-spieël oorkant die bed. Sy bestudeer haar lang naels, reguit gevyl en rooi gelak, krities. Tevrede dat hulle nog in 'n perfekte toestand is, gooi sy haar kop agteroor en sluk die Citrosoda vinnig af. Met die een groottoon masseer sy solank Claus se penis wat soos 'n stuk deeg skuins oor sy lies rus, asof in afwagting om deur 'n koekroller uitgerol te word.

Claire sit die glas op die bedkassie neer, lek liggies met die punt van haar tong oor haar klam, halfoop lippe. Die gordyne is nog toe, die kamer halfskemer. Claire hou nie van skerp lig as sy nie grimering aan het nie.

Sy leun terug teen die kussings, lig haar een been luiweg op. Haar blik speel oor haar selfbeeld in die spieël, die welige bos swart hare in die glasoppervlak, die glans klitoris wat effentjies daardeur steek. Haar knieë trek effens op, en sy streef versigtig haar wysvinger daaroor. Hul oë kruis in die spieël, en Claus sien asof in 'n droom hoe sy kop willoos, gehoorsaam nader beweeg, hoe sy tong stadig oor haar skoon klitoris, nog vol druppels water, begin lek. Op die smaakknoppies van sy tong prik en meng die souterige smaak met die groen, vransk aroma van haar parfuim - L'Egoïste Eau de Toilette van Chanel. Claire gebruik net mansparfuim. Sy hou van die reuk van 'n man aan haar lyf.

Haar spiere begin stadig, ritmies saamtrek, ontspan dan weer. Dis soos 'n onwillekeurige golf wat deur haar trek. Haar oë knyp toe en haar rooi mond gaap oop.

Claire stoot die skraal man weg, buk af en neem sy glans penis tussen haar klam rooi lippe. Haar vingertoppe sluit versigtig om die stam sodat haar rooi naellak nie dalk afskilfer nie. Ritmies karring sy dit op en neer in haar mondholte, voel hoe die lewe deur haar stroom. Haar vel gloei met 'n warm jeugdige blos op haar wangbene. Claus kan sy oë nie van haar boude in die spieël wegskeur, soos sy gebukkend half skuins oor hom kniel nie.

Sy haal sy penis uit haar mond, klim op hom en plaas dit met haar hande tussen haar klamnat geswelde labia wat gulsig en warm daarom vou. Haar gesig straal: "Shit, skat, bon appétit."

SELFVERLIEFDE KYKER IN EIE SPIEËL

Die arme Griet, wat in Marita van der Vyver se *Griet skryf 'n sprokie* so sukkel om die rol van beskikbare vrou tjie af te skud, is in *Mot-op-Griet* terug waar sy hoort: in 'n verafgeleë vallei, wagtend op Mot wat op sy motorfiets daar opdaag, "sterk jong sperm spouter stuwend na vore".

LIBERTYN se gestel kom in opstand

VOORDAT u vandag verder lees, wil ek u waarsku dat ek oor *Mot-op-Griet* praat, en dat ek net so ongeveer die eerste veertig bladsye van hierdie blitsverkoper gelees het. Nie uit luiheid nie, ook nie uit gebrek aan tyd nie, maar omdat my gestel daarteen in opstand gekom het.

Miskien is die skrywer se *Waar-sku-wing* op bladsy 1, aangebied as tipografiese poëem in die vorm van 'n sandloper, dus wel op my van toepassing: *As jy die waarheid van menswees vrees, moenie verder lees nie./ As jy skaam is vir seks, onttrek jou, sommer nou./ Aseerlikheid jou verleë maak, los liewers uit.../ As jy bang is vir die lewe, kyk weg.*

Laat dit alles waar wees. Maar volgens die blitsverkoperlys in *Beeld* word hierdie ware, skaamtelose, eerlike, vreeslose en egte boek in ten minste een Suid-Afrikaanse stad by die kassa opgeraap. In Pretoria.

Omdat daar geen Afrikaanse boekwinkel in die kapitalistiese myndorp oorgebly het nie, is *Beeld* aangewese op syfers uit Pretoria, waar alle openbare toilette - ag, miskien is dit net 'n gemene gerug - na die verskyning van Afrikaanse boeke met heelwat seks in, weke lank gedurig beset bly.

Vandag staan Pretoria in die beskuldigdebank oor die verwonderlike feit dat *Mot-op-Griet* daar in groot getalle aangekoop word. In Pretoria word Mot se vrees- en skaamtelose, egte en ware seksuele ontboesemings - of moet ons eerder sê: ontgulings - waaragtig gelees.

Niemand sal weet met hoeveel geesdrif nie. Maar as die byval groot is, kan die organiseerders van die Potchefstroomse skryfskool hulle beskeie pogings om 'n beskawende invloed op die skrywende menigte te hê, maar laat vaar. Vir hulle moet die boodskap duidelik wees: pak julle goedjies op, gee die moed op, gaan huis toe.

'N MENS MOET Mot die krediet gee dat sy boek inderdaad vreesloos is. Die sketse op die voor- en agterblad, deur Magda van Staden by Rodin afgekyk, getuig van 'n seldsame, onverskrokke lelikheid. En die tipografie lyk soos iets wat op 'n Vrydagmiddag in die staatsdiens geproduseer is.

Nog voordat Mot se prosa enige inhoudelike impak op die leser maak, word 'n mens getref, heel onaangenaam getref, ja byna bewusteloos geslaan deur die drakerige tekstuur van die verbale afskeidings.

Dit was 'n fout om te dink dat 'n paar mites in verband met doeltreffende prosa vir altyd deur Van Wyk Louw in *Vernuwing in die prosa* die nek ingeslaan is. Die gedagte, byvoorbeeld, dat prosa die klanke, kleure en geure van die wêreld daarbuite bewus kan naboots.

Die mooiskrywers van vergange se dae rys hier uit die graf op. Preller en Malherbe, selfs wyle Van Deysel kom maak weer 'n buiging en dis woordspelings net waar jy kyk, samestellings en opbrekings van woorde, ritmiese strukture, binneryme en eindryme en alliterasies en assonansies.

Eerlikheid en egtheid is hier asemnemend en noodlottig verwar met 'n gebrek aan dissipline en oordeelsvermoë. En die groot dryfkrag van die onbehouendheid is die manlike ego, al draaiend om sy eie kersvlammetjie, selfverliefde kyker in eie spieël.

Uit sy eie eensaamheid, die dolle maling van sy eie

woordverslinderdheid, hunker Mot na vereniging met die vrou. En die slagoffer hiervan is Griet, die Griet van *Griet skryf 'n sprokie*. Op Griet se rug ry Mot die boekemark binne, waar vreeslose en eerlike seks die groot verhandelbare items geword het.

Maar die arme Griet, wat in Marita van der Vyver se boek so sukkel om die rol van beskikbare vrou tjie af te skud, is in Mot se in-Pretoria-veel-gelese-boek terug waar sy hoort: in 'n verafgeleë vallei, wagtend op Mot wat op sy motorfiets daar opdaag, "sterk jong sperm spouter stuwend na vore".

Want Mot, toegerus met sy hele "manwees" in sy broek, verteenwoordiger van die "hele manlike helfte van die Ganses Menseras", is op pad om vir Griet, oftewel Elkevrou, te kom leer hoe 'n mens die hedendaagse "hangvoël-patetiese paptietie-lam-pram-probleme" kan vergeet.

Die eenvoudige les van hierdie boek is dat Griet nog nie geleer het wat die salige "in-eenkoms" van seks kan wees nie. Die knope spat van Mot se broek, maar dit maak nie saak nie: sy sal hulle in dankbaarheid weer aanwerk.

Sy verdien voortaan al die

simpatie waartoe ons in staat mag wees, want benevens die aanwerker van knope en die een wat in die vallei regstaan, is sy ook die geesdriftige opvangbak vir Mot se semen, wat saam met sy eksistensialistiese quatsch, sy voortplantingsdrangensy oorvloedige filosofieë oor essensiële vrouwees en manwees in haar gedeponeer word.

"Altyd, maar altyd loop hul kruik tesame oor in hierdie ekstase van skenk en ontvang, ewiglik neem en terug-eggogee, mensweesdeel, hy en sy vrou, vir altyd in gees in mekaar ingevou."

MOT, DIE HALFGAAR eksistensialis, die reaksionêre moralis het Griet se boodskap nie verstaan nie. Sels nadat die groot verwagte klimaks in die boek voltrek is, maal die woordmeultjie onophoudelik voort. Ek sal dit vir u aanhaal net om seker te maak dat u nie dink ek is onbillik teenoor hierdie pennestoter nie:

"Haar oergeslagsplooi ontdooi, bibberhap verlaas aan sy seer gewaardeerde, natgenaaië voël. Haar slanke enkelstrik om sy rug haak los. Sonbruin-gesonde skeenbene knoopgly oop, soepelsterk dybene gly teen sy superpielharde manliggaam af. Hy gly onwillig met laaste ingrypende seks-pyn-prikkeling uit haar uit."

As dit is waarvan Pretoria hou, is daar vir Pretoria geen hoop meer nie.



Die voor- en agterblad van *Mot-op-Griet*... "getuig van 'n seldsame, onverskrokke lelikheid"

Redakteur

Die Suid-Afrikaan het 'n pos beskikbaar vir 'n besturende redakteur.

Aansoekdoeners moet oor bewese joernalistieke en bestuursvaardighede beskik. Die pos behels die bedryf van die tydskrif, die reël en redigering van bydraes, die skryf van artikels, sowel as skakeling met die Redaksionele Raad en die Raad van Trustees. Al dié take sal in noue oorlegpleging met die hoofredakteur en die bemerkingsbestuurder geskied.

DIE SUID~AFRIKAAN

is 'n onafhanklike politieke en kulturele tydskrif wat elke tweede maand verskyn. Ons diskrimineer nie op grond van ras, geslag of geloof nie.

Rig aansoek met volledige CV aan: *Die Raad van Trustees, Die Suid-Afrikaan, Castle Mews, Russellstraat 6, Woodstock, 7925.*

Aansoek moet ons bereik voor 1 Maart 1993.



“Wanneer haar ouers die musiek uit haar kamer hoor, dan weet hulle wat die ballpointmerke op haar bobeen beteken.” - **KOOS**

BALL- POINT- MERKE OP HAAR BOBEEEN

Die musiekgroep **KOOS** het bestaan uit drie akteurs, drie (beeldende) kunstenaars en een musikant. Hulle het vier jaar lank saam gespeel voordat hul musikale regisseur selfmoord gepleeg het. Nou is 'n basement recording van hul werk deur Sound Action uitgereik. *The Walkman Tapes* is 'n samestelling van liedjies, geraas en eksperimente in klank wat in die jare 1986 - 1990 op 'n Sony Walkman met 'n enkel stereo-mikrofoon opgeneem is terwyl die groep ge oefen het. **CHARL BLIGNAUT** kyk na die band en luister na die tape

IN die jare van Koos se bestaan het Suid-Afrika drie noodtoestande beleef. Daar was dinge wat dringend gesê moes word - oor die lewe in 'n polisiestaat, liefde in die stad, haat in die suburbs, cowboys in die drive-in, Zebras in Parys. Oor kleinburgerlike revolusies, traangas, sluipmoorde, tronke, verbannings, verkiesings. Oor die tirannie van die voorvaders, konsensus, die doodsvonnis, isolasie, hallusinasie en al die bourgeois kak van grassnyerland.

In die jare 1986 - 1990 het Koos hul skreeu geskreeu, dikwels met humor, dikwels met sardoniese woede, altyd met oneerbiedigheid. Hulle het musiek gemaak wat min mense as musiek beskou het en hulle het vroeë gevra wat min gevra is: "Waar was liewe Jesus toe ek kopvreet in 'n sel (toe ek my mind getrip het en my sussie moes my oom bel)?" of "Seblief meneer Eerste Minister, seekoei in die kabinet, wat maak u so sinister, wat maak u so vet?" of "Wie is hierdie kinders met die toekoms in hul oë? Wat hulle ouers se melankolie wil verlig in die Suid-Afrikaanse herfs? (... hulle het niks om te verloor nie, hulle dans in 'n skewe lyn in die Suid-Afrikaanse herfs...).".

Hulle was "gatvol vir nuus, die nuusleser se padda-oë... gatvol van monde wat oopgaan en toegaan en oë wat vertel van die hel." Hulle was die moer in as mense hulle Punk genoem het, nog meer die moer in as mense hul werk as alternatiewe Afrikaanse musiek beskou het. Hulle het geen boodskap nie want hulle was immuun. "Koos is onkruid. Ons het immuun geword teen die noodtoestand." Elke land het 'n paar bands soos Koos - hulle word anargiste genoem, industrialists, eksperimentele-teatrale protes. Maar Koos was Suid-Afrika se eerste, en enig in sy soort.

DIT WAS 'n arm band wat nie toerusting kon bekostig nie. *The Walkman Tapes* bevat geen oorklanking of post-opname effekte nie. Hulle het geen samplers, geen delays, geen mikrofone op hul tromme en geen monitors nie. Hoewel lede gekom en gegaan het en die band in 'n stadium uit nege mense bestaan het, het die kern van die groep dieselfde gebly. Dit was die akteur Marcel van Heerden op vocals, die kunstenaar Neil Goedhals op kitaar (ook musikale regisseur), die akteur Gys de Villiers op bass en sax, die Soweto-musikant Valie Nxazonke op percussion, die aktrise Megan Kruskul op vocals, die kunstenaar Christo Boshoff op keyboards en synth en later die kunstenaar Kendall Geers, ook op synth.

In die begin was hulle 'n kunsgröep wat gedigte voorgelees het. Vanaf 1980 het Marcel van Heerden, Gys de Villiers, Tony Groenewald, Chris Pretorius ens. performance art begin doen. By die 30e herdenking van die Freedom Charter het hulle die gedig *Hulle is Bang* opgedra - 101 redes hoekom ons 101 persent bang is. Toe kry hulle 'n tromspeler. Later het Neil Goedhals en die res hulle aangemeld in die diens van eietydse musiek in Suid-Afrika. Hulle het Koos geword en begin opvoer by die ou Pool Club in Jo'burg se middestad.

Toe begin die hele "alternatiewe Afrikaanse musiek" - beweging. Johannes Kerkorrel, André le Toit en die res

het, by die Pool Club, die Eerste Alternatiewe Afrikaanse Rock Konsert in 1988 gereël. Duisend mense het die konsert bygewoon en Afrikaanse musiek is daai aand Voëlvry verklaar. Al kom Koos op die *Voëlvry*-plaat voor het hulle net een keer op die toer gespeel - by Wits (RAU en Tukkie's wou hulle nie hê nie).

"Die hele ding is befok, Koos was altyd op die fringe," het die groep destyds gesê. "Ons is nie Alternatiewe Afrikaners nie. Some of our songs are in Afrikaans simply because most of us are Afrikaans speaking. Also because the best writing we could find happened to be in Afrikaans." Hul lirieke is, onder andere, deur Van Heerden en Kruskul geskryf, deur Johan van Wyk, Ryk Hattingh, Tertius Meintjes. Hulle het gevoel Le Toit se nuwe naam Koos Kombuis het hulle skade aangedoen.

Hulle het gespeel in die kelder van 'n ou huis in Bez Valley, in 'n Katolieke saal vir die tiende herdenking van die 16 Junie-opstand, in die ou Black Sun, die tweede Black Sun, buite die Harbour Café in Yeoville, in Jamesons, by die Afrikaanse Skrywersgilde op Broederstroom, by die eerste Houtstok.

NEIL GOEDHALS het musikale regisseur geword en Marcel van Heerden was verantwoordelik vir die lirieke. Shifty het 'n bandopname van hul musiek uitgegee. Teen die einde van Koos se bestaan wou Goedhals hê hulle moet minder lewende uitvoerings gee en meer in die ateljee kom. Tot op daardie tydstip het hulle jam sessions gehad, thrash gespeel, eksperimente gedoen in die estetika van (post-moderne) "white noise". Hulle het bymekaar gekom en begin speel, elkeen sy eie ding gedoen. Van Heerden het deur lirieke gegaan tot hy iets vind wat by die musiek pas. Die liedjie is opgeneem en hulle het dit gelos en aangegaan. So het liedjies gegroei. Geers het ook nuwe eksperimentele konsepte verken - uittreksels van Stockhausen, van Duchamp se kinderliedjies, die *Police File* jingle, klankeffekte, cut-ups en loops. Goedhals wou ook meer elektronies word, samplers gebruik. Koos kon heel waarskynlik die eerste Suid-Afrikaanse house band geword het. Van Heerden, Kruskul en Nxazonke het ses weke lank saam met die kunstenaar Konrad Welz gewerk. Hulle wou die werk vir Goedhals wys. Goedhals was 'n soort ghoeroe-figuur vir die eietydse kunsgemeenskap. In daai stadium was hy moeilik om in die hande te kry. Terwyl hulle aan die nuwe projek gewerk het en op die openingsaand van Chris Pretorius se stuk *A Love Story (Weird Sex in Maputo)* het Goedhals selfmoord gepleeg. "Neil's death was a full stop for Koos."

THE WALKMAN TAPES is dus terloopse opnames van repetisies en lewende opvoerings. Die klank is swak en baie van die lirieke is onduidelik. Vir luistergenot is die Shifty tape beter. Maar vir mense wat in eksperimentele musiek belangstel, is *Walkman* 'n waardevolle aankoop.

Dis 'n skisofoniese ervaring. Van industriële thrash en anargie tot gedigte voorlees met musiek en montage. Aan die een kant is die Koos op *Walkman* 'n sosio-politieke

protesgroep. Aan die ander kant eksperimenteer hulle net (sonder boodskappe) deur alles om hulle op te neem en te gebruik.

Baie van die projeksies kry dus toevallig 'n betekenis. Soos "Position Selector (TDK)". Goedhals het eendag gesit en musiek gemaak (van sy beste) en Van Heerden gevra om lirieke by te dra. Van Heerden kon aan niks dink nie. Toe lees hy alles wat op die TDK tape box voor hom staan. Dié kry 'n soort home-taping-is-illegal-and-is-progressing-music boodskap. 'n Heks se brouel uit 'n Middeleeuse drama oor St George en die Draak neem okkulte afmetings aan.

Michael Jackson verskaf die ritme-afdeling in "Thriller". Goedhals se kitaar dreun 'n kontradiksie. Teafendas, Verwoerd se sluipmoordenaar, verduidelik hoe dit gebeur het. Babas huil, die wind kreun, paswette het Tsafendas mal gemaak.

Walkman kan 'n moerse bleak ervaring wees. Die refrein "Nog 'n man is gehang" word aanhoudend herhaal in "Viermuis". "I saw a zebra in Paris. Wish it was me, wish it was me. I saw some boy scouts burning to death. Wish it was me, wish it was me. Dreamed of blowing up parliament... Cutting off Eugene's head... Coming on Rambo's knee," dreun Kruskul in "Zebra in Paris". Cyberchants, township jive, siklusse selfmoorde, 'n verwerking van the Beatles se "Hard Day's Night" wat toevallig net een keer (tydens 'n chill-sessie) deur die groep gespeel is.

DIE VLAKKE lê banaliteit in Koos se lirieke kom, byvoorbeeld, in Randy Rambo en die Rough Riders (Theunis Engelbrecht en kie) se werk voor, die industriële en anargistiese styl van sommige Koos-snitte kom, byvoorbeeld, in die musiek van Live Jimmi Presley voor. Maar daar is nog nie 'n groep in Suid-Afrika wat met sulke ontstokenheid voortgefoek het nie en daar is ook nie nog 'n groep wat met sulke oneerbiedigheid opgetree het nie. Dit was 'n tyd toe paswette, geweld, aanhouding en ongeregtigheid groot weerstand in die land gewek het. Koos was vir dié toestand 'n mondstuk. "You're too heavy to rise when you're shot full of lead. When you're dead in your bed, not a thought in your head." Maar Koos was ook die mondstuk vir 'n nuwe geslag wat in 'n skewe lyn dans en niks het om te verloor nie. "Rise up and fight again," dreun die woorde op *Walkman* se laaste snit (ook die laaste keer wat hulle ooit saam gespeel het), "Rise up and shake your head. Once you were living, once you were dead... From this day on you'll live and thrive. We wish you a merry Christmas and a happy new year."

* *The Walkman Tapes* is beskikbaar by Bizarre Music in Yeoville of by Sound Action in Houtbaai, Kaapstad. (Sound Action gee ook *Dying To Be Heard I en II* en *Pure War* uit, sowel as 'n klomp ander nie-kommersiële plaaslike musiek - Not Even the TV se *Notes From a Quiet City*, *Artvark* se *Blanc de Noir* ens.)




Foto: ANDREA VINASSA

KICKING ASS HIS OWN WAY

Blasé is perhaps too apt a name for TSS's new 8.30pm Thursday magazine programme. Designed to be "non-racial and inspirational", the first episode did not quite hit the mark. **ANDREA VINASSA** asked one of the presenters, **Eric Miyeni**, better known as a stand-up comic, advertising copywriter and actor, if the programme would be less blasé in future

ERIC MIYENI is valiantly trying to outlive his own legend. He became one more or less in his own lunchtime when a Sandton advertising agency hired him off the street, so to speak, as a copywriter.

The legend goes: He was recruited for one of those non-racial beer commercials that had the cultural commentators in a tizz. Someone said: Would you like to be a copywriter? He said: What's a copywriter? Within weeks he was writing "totally colourless" ads which were "ahead of their time" in Johannesburg's hottest agency.

"No-one could understand how this nobody from nowhere got into this agency and I was thinking I don't know shit about this business, what am I going to do? But I worked hard. I ended up with a lot of the Gallo work." And he worked on the lamey car and corporate accounts. Needless to say he ran into some resentment from the old boys club who thought he should have started at the bottom like they did.

Despite a historical advantage in the servility department, he found it hard to grovel to executives who were in the habit of whining white paranoid things like: "You are only here because you are black. In two year's time this agency will be 60 percent black and that's the only reason you are here."

The exec in question hadn't seen his work or realised that what Miyeni lacked in experience, he made up in savvy and a knowledge of a certain black market every agency is desperate to get a handle on.

People had warned him that he needed a thick skin for advertising, but he was not prepared to put up with the abuse meted out by the creatures higher up on the advertising food chain.

"I left because they were racist." It's that simple.

Today Miyeni is strutting his GQ good-looks in a fashion shoot for *Cosmopolitan*. He epitomises the sophisticated, urban Buppie who was dreamt up for all those non-racial beer commercials, so you are rather taken aback when he starts waxing political. He's the perfect hanger for a Armani suit and the perfect perch for a pair of Ray Bans, but in his spare time he transmogrifies into a satirist

and stand-up comic.

Many would say that a satirist is not a satirist if he does not offend someone. Judging by the amount of people who walked out of his latest show, he's a satirist at least some of the time.

Miyeni and his critics have found that satire and stand-up is a hit and miss business - sometimes he is spot on, often he oversteps the mark, other times he misses it by a mile.

In his attempts to mirror the dysfunctional relationships thrown up by 40 years of apartheid and many more of colonialism, he hopes to evince a shift in consciousness, he hopes that racists will change their evil ways and come to new insights about their brothers and sisters of a different hue. He is, of course, not a little naive.

MIYENI HIT THE stand up scene in 1991 with *Twisted and Vile*, a satirical piece which set about being exactly that. In 1992 he subjected his audience to *Khazamula the Nerd*, which he describes as "making people swallow shit".

His own description of his work is probably the most accurate, but he adds: "I give a lot of myself. It is very difficult to get on stage and say those things."

Though a lot of what comes out of his mouth can be embarrassingly banal, a lot of it hits the mark with a brutality sensitive lefties are unable to digest. And he plays the funky kaffir/insolent native persona to the hilt.

He's a long way off from being Lenny Bruce, but, hell, who else is gonna do the shit work?

He is trying to show up the ridiculousness of white superiority: "I am sick of the idea that when black meets white, black must mutate. The black person does it all. It was not a glorification of black values again. I took everything that is worshipped as white culture and said: Look at it. Black and white are not racial definitions, they are mindsets. They are designed to do something to your head. White is good and angelic. Black is dark and satanic. We need to change the meanings of those words."

The challenge that he might just be slightly paranoid and be seeing a racist under every bush is quickly dispelled: "I know when something is racist and when it isn't. I wouldn't say I'm so sensitive that I can't see when something is racist. Otherwise I wouldn't be able to function with white people, because every white person can be mistaken for a racist at some level."

"I have a much less romantic approach than my counterparts [like Lesego Rampokeng]. In *Kicking Live at Kippies* I was dealing a lot with contemporary issues. My stuff does not have to be timeless. I would rather it wasn't. I'd rather do it once and have it rendered redundant. If you are trying to change notions, you must get inside someone's skin. I think, inasmuch as my work is very biting, it is also very compassionate, because I walk into someone's gig, I move about and then say: Look how shit it is in there. There's compassion somewhere."

MIYENI'S CHILDHOOD was not that different from the lives of most working class kids: "I was born in Baragwanath and grew up in Meadowlands. I spent a year in Transkei and then moved to the Northern Transvaal, Elim Hospital. I started school there. Then we came back to Soweto. I was there till I was 10. I was sent back to the Northern Transvaal when '76 happened."

"I was lost the whole day that Hector Petersen died. I was running around truly fascinated by what was going on. I wasn't throwing stones. When I got back they said: This one will die somewhere. So they sent me off to my uncle. When my father died, my mother decided it was time to move the whole bang shoot to the rural areas."

"When I graduated from high school you were either going to be a lawyer or a doctor, you see. That was it. I was good at English, I was good at debates. Everyone said: My man, those are the ingredients for law. I saw Al Pacino in *...And Justice for All*. I thought: Look what you can do when you have all these things - English, debating - you can mesmerise people. So of I went and it [the BA Law degree] was a fuckup. I didn't like it at all. There is no audience and the courtroom is not exactly a stage."

After four years at university he ended up in the big city, where he got into - and rapidly out of - advertising. Last year he finished filming *Bophal* with Danny Glover in Zimbabwe and this year he'll be a household face in *Blasé*. And, of course, he is unable to resist giving me his honest opinion: "The first one had the wrong bias. It was just too white. You can't inspire black people, using white people and most of the people you want to inspire are black. The fact that so much Afrikaans was used is a bit of a problem."

"It's a growing programme and the compilers are willing to grow with the programme. We all want to make it better. It seems as if they will be taking cognisance of the things which undermined it."

"I think it has great potential. There should be some black input at the brainstorming level, because a white person would not know what is cooking. I'm a presenter - they write the script - but I can chop and change words the way I feel it should be done. They are very flexible. The creative force behind *Blasé* is Johan van Staden and Pieter de Vos. If I can see that my input is making a difference - because I like the aim of the thing - I don't mind. As long as it does what it should - and it can't if it is 60 percent Afrikaans and 90 percent white. Period. The only black faces in the first episode were Lucky Dube, Robin Poole and myself. They must have featured at least 20 people."

Like every other vaguely creative person in South Africa, he is writing scripts. One of his more ambitious projects is an autobiographical feature film script - like his central character, Miyeni just can't help being too cocky for a black boy. He could never master the art of looking nervous; he comes across as if he can't give a damn.

VERENIG DEUR DIE VERFKWAS

IN die laat sestigerjare het New Yorkse graffiti-kunstenaars mure en treine met protesboodskappe beskilder. Uiteindelik is die kunstenaars gedwing om hul ondergrondse bestaan te laat vaar en baie ryk te word.

Dit is te betwyfel of enigiemand gaan ryk word uit die muurskildery op die John Orr-technikonmuur in Empire-laan wat studente van die Tuks-kunsdepartement verlede week gemaak het. Maar dit het verskeie mense 'n voorskakel gegee van gemeenskapsbetrokkenheid.

Die skildery is die breinkind van Frank Matthee, die nuwe eienaar van die restaurant Sfuzy's in die Milpark-sentrum. Die Johannesburgse stadsraad het 'n seil verskaf waarmee die sypaadjie bedek is. Die Milpark Holiday Inn het die traplere verskaf.

Die eerste onderlaag is deur die Twilight Children van die Hillbrowse Twilight Shelter aangewend en daarna het Tuks se derdejaarkunstestudente die reuseskildery aangepak. Oor die gehalte van die skildery wil 'n mens geen uitlatings maak nie, maar die projek wys wat gedoen kan word as enkele mense verbeeldingryk te werk gaan.

Bayer het pigmente en kontant geskenk, Plascon het al die verf geskenk en Ecoco het ultraviolet-beskerming verskaf. Late Night Al's het die studente middagete gevoer en Sfuzy's het die Twilight-kindere op 'n ete getraakteer. Volgens die betrokkenes was die gebeurtenis nie te moeilik om te organiseer nie en is daar baie kaal mure in Johannesburg wat smek vir 'n lagie skeppende verf.

Die
**CHARLIE
CHAPLIN**
Filmfees

Ter viering van Richard Attenborough se jongste meesterstuk "Chaplin", bring Ster-Kinekor jou 'n fees van Charlie Chaplin se beste rolprente.



THE GOLD RUSH (1942)
'n heerlike komedie uit die dae van die Noord-Amerikaanse goudstormloop.

MODERN TIMES (1936)
Klassieke Chaplin: moderne tegnologie uitgebeeld as monster in beheer van die mens. pleks van andersom.

MONSIEUR VERDOUX (1942)
Chaplin se kontroversiële "komedie van moorde" wat hy as sy beste werk beskou het.

THE GREAT DICTATOR (1940)
Chaplin praat in hierdie skreeusnaakse satire oor sy afsku van diktators en ander tiranne.

LIMELIGHT (1952)
Charlie Chaplin op sy beste in 'n produksie wat klaarblyklik op sy loopbaan gebaseer is.

FEESDATUMS:
Johannesburg, Rosebank Mall 19 - 25 Feb. Kaapstad, Cavendish Square 26 Feb. - 4 Maart.
Durban, Workshop 5 - 11 Maart. Pretoria, Tremloods 12 - 18 Maart.
Raadpleeg jou Ster-Kinekor Rolprentgids vir tye.
Koop 'n seisoenkaartjie vir slegs R30,00 by die loket.
Sien al 5 Chaplin-prente vir minder.

MARKET THEATRE

832-1641

DAVID KRAMER AND TALIEP PETERSEN'S FAIRYLAND
ONS IS READY VIRRIE JO'BURG
DIRECT FROM A 2 YEAR SELLOUT
SEASON IN CAPE TOWN

PREVIEWING FROM 18
FEBRUARY
OPENING 23 FEBRUARY

LAAGER THEATRE

832 1641

MOOI STREET MOVES

DIRECTED BY:

PAUL SLABOLEPSZY

PERFORMED BY: MARTIN LE
MAITRE AND SEPTULA DON
SEBOGODI

UPSTAIRS THEATRE

832-1641

MARIANNE FAITHFULL'S
TELEGRAMS FROM HELL
DIRECTED BY: VANESSA COOKE
FIONA RAMSAY AND THE
JAGGED ROCK BAND

EXTENDED FOR 1 WEEK ONLY

KIPPIES

832 1641

BAYETE ON FRIDAY/SATURDAY

JAZZ FESTIVAL
ON THE MARKET THEATRE
PRECINCT

OLIVER JONES
BRUCE CASSIDY AND
BARNEY RACHABANE
IN CONVERSATIONS
JONAS GWANGA AND
JUST BONES

SUNDAY 21 FEBRUARY FROM
3.00 PM
ENTRANCE R10.00

FLEA MARKET

SPEND YOUR SATURDAYS AT
THE ORIGINAL JOHANNESBURG
FLEA MARKET WHERE YOU CAN
ENJOY LIVE ENTERTAINMENT
WHILE YOU BROWSE BARGAIN
HUNT IN OUR EXCITING
SELECTION OF STORES.

GRAMADOELAS RESTAURANT

SERVING AN ASSORTMENT OF
DELECTABLE, SPICY, AROMATIC
DISHS FROM THE WHOLE
AFRICAN CONTINENT.
PHONE: 838-6960

WELKOM TERUG - EN BRAVO!

Die Vrolike Weduwee (The Merry Widow)
Truk Balletgeselskap
Hoofdansers: (Openingsaand) Millner/
Wixley/Gwatkin/Montague
Transvaal Filharmoniese Orkes onder
leiding van Michael Hankinson
Johannesburgse Stadskeurburg

CLARA GERHARDT

MET die openingsaand van *Die Vrolike Weduwee* het die Goudstad se inwoners Truk se balletgeselskap weer in Johannesburg verwelkom ná jarelange ontbering (onder meer terwyl die Stadskeurburg intensiewe chirurgie ondergaan het).

Die Stadskeurburg was versier om by die ballet se tema te pas. Die feestelike stemming is versterk deur die Gold Reef City Brass Quintet se spel voor die vertoning in die voorportaal. Talle gaste het die vreugdevolle geleentheid gevier met pragtige maskers en hul mooiste klere, sodat dit amper gelyk het na 'n baltooneel uit Romeo en Juliet. Die geselskap se uitvoering is luid toegejuig en die gehoor het die verhoog bestrooi met papierlente en bossies angeliere.

Die opvoering van *Die Vrolike Weduwee* was 'n Suid-Afrikaanse première en Truk is nou een van drie balletgeselskappe ter wêreld met dié ballet in hul repertoire - 'n merkwaardige prestasie. Die regie is behartig deur Ronald Hynd (van Rosalinda-faam) bygestaan deur die balletmeester van die Australiese



Tanya Graafland en Johnny Borang in *Die Vrolike Weduwee*

ballet, Colin Peasley. Die dekor en kostuums is geskep deur Desmond Heeley, 'n New Yorkse ontwerper wat dit regkry om die verhoog sowel as die dansers in 'n fantasiewêreld te plaas waar alles blink en mooi is. Dié skouspel laat selfs Sun City se rewes vaal lyk.

Odette Milner het haar eerste openbare optrede gelewer ná die geboorte van haar kind. 'n Mens bewonder dié nuwe geslag

danseresse wat so atleties is dat hulle die rol van moederskap so tussen die pirouette deur in hul repertoire opneem. 'n Hele aantal Truk-danseresse het Dawn Weller-Raistrick se voorbeeld gevolg en weer hul toeshoes aangetrek nadat hulle kinders gehad het. Dit beteken ook dat enkele lede van die geselskap meer rytheid uitstraal, wat sekere rolle uitstekend pas.

Wixley is 'n juweel van 'n danseres: skoonheid en tegniese perfeksie ontmoet in harmonie. Met Graafland, Muller en Kuhlenthal wat mekaar in die hoofrol afwissel, is daar groot moontlikhede vir interessante en betowerende tweepasse met verskeie manlike dansmaats. Op die openingsaand het Daniel Gwatkin hom goed van sy taak gekwyt, hoewel die skouspelagtigheid van die hele produksie hom 'n bietjie oorskadu het.

Wat Dianne Finch se kamee-rol betref: sy is méér as net 'n danseres - sy is 'n voortreflike comedienne en dit was heerlik om haar weer as genooide kunstenaar te kon geniet. Werklik 'n hoogtepunt. Hannah se vertolking skep 'n onopvallende rolletjie in 'n gebeurtenis om. Die corps de ballet het die eindeffek volmaak afgerond en hul dissipline dra by tot die gepoleerde styl.

Die enigste negatiewe aspek van dié verruklike aand was dat net 'n betreklik klein gehoor die vooreg gehad het om die weduwee se bekoring te kon ervaar. Ek vra my af of die Stadskeurburg se taamlik klein gehoorssaal nie 'n beplanningsfout was nie - Suid-Afrika se grootste stad het 'n groter ouditorium nodig. Geen wonder dat geen enkele sitplek meer bekom kan word nie, en dat ons weer Pretoria toe sal moet ry om dié ballet te kan geniet. Maar nietemin: Welkom terug aan Truk se balletgeselskap - en bravo!



Ster-Kinekor se Charlie Chaplin-fees begin vandag in die Rosebank Mall in Johannesburg (tot 25 Februarie); is van 26 Feb tot 4 Maart in Cavendish Square; van 5 tot 11 Maart in die Workshop, Durban en van 12 tot 18 Maart in die Tramshed, Pretoria. Die rolprente wat vertoon word, is *Limelight*, *The Great Dictator*, *The Gold Rush* en *Monsieur Verdoux*. Hier is Edna Purviance en Chaplin in Work.



Klipoog on the week's tv

The fine art of twaddle

IT'S not so much the eurocentrism as the egocentrism (read pretension) that irks Klipoog about the arts programme Collage (TSS, Monday, 9pm). With a few exceptions, the contributors of inserts all seem to have taken special courses in twaddle - using as many words as possible to say as little as possible.

One contributor who has refined this to a fine (and presumably lucrative) art is Johan Allers, who should get an Artes for having the most bombastic voice on TV (John Bishop and even Freek Robinson sound meek and modest in comparison).

Incessantly darting about in Europe, culture vulture Allers specialises in pecking at the bones of assorted art events, carefully avoiding the muscle and grist, and despatching tiny bloodless morsels to be screened in South Africa.

His report this week on Germany's annual festival of short films did contain some interesting snippets (like the clip of a mini-film by Polanski, who apparently started his career at this festival), but as usual did not place these snippets in a meaningful context.

